
VWB
*Vrye* **Weekblad**
Nº 177
5 - 11 JUNIE 1992
R2,20 (BTW INGESLUIT)

UITHAALGIDS: VLIEG GOEDKOOP OM DIE WÊRELD




# MASS ACTION

resep vir chaos of enigste demokratiese uitweg?

## Die skande van die wit parlement

## Elsabé Zietsman oor haar borste

## Can Ross Perot buy the White House?

## Houtstok-nabetragting

# INHOUD Nº 177



**6 COVER** - The ANC's planned campaign of "unprecedented" mass action in July, is a response to pressure from its grassroots rather than a decision made at leadership level. And the leadership could still pull the carpet out from underneath its supporters, writes IVOR POWELL - if they get the chance that is...


**13 SJUUT, Sê DIE KAPTEIN** - Verlede naweek het die AWB hul wêreldkongres op Klerksdorp gehou. Daar was nou nie juis soveel mense nie, maar aan grappies was daar geen gebrek nie. JAN TALJAARD was daar

**17 DIE ANC SE BELEID VIR 'N NUWE SA** - Verlede naweek het die ANC sy beleidsrigtings vir 'n nuwe Suid-Afrika op 'n vierdaagse nasionale konferensie in Johannesburg aanvaar. HENNIE SERFONTEIN het dié dokument van 86 bladsye onder oë gehad



**23 CAN THIS MAN BUY THE WHITE HOUSE?** - two leading analysts take a look at the morals involved when a billionaire sets out to buy the US Presidency

**19 DAAR GAAT JY!** - Vrye Weekblad se spesiale gids tot die goedkoopste vliegkaartjies in die land




**33 ORDE AND CHAOS** - In this week's column on the fine arts, IVOR POWELL is outraged at the wheelings and dealings behind the sale of the late Namibian artist John Muafangejo's work.

## AKTUEEL

5 Die NP het 'n lat vir sy eie rug gesny
10 Die misverstand rondom die Goldstone verslag
9 Turfloop in Krisis

## MENSE

12 Valli Moosa - mens moet niemand op jou kop laat sit nie

## PLEKKE

25 Waar's die bokkoms by die Waterkant

## BOEKE & FIKSIE

28 AN Wilson se Against Religion word bespreek
29 'n Fiksiefontein vir die dorstiges

## KUNS EN VERMAAK

34 Gustav Geldenhuys en Antoinette Kellerman oor Die Keiser
36 Theatre can be a jol, says Charl Blignaut

## RUBRIEKE & MENINGS

4 Briewe van ons lesers
15 Brolloks & Bittergal en Oor op die grond
16 Tienie du Plessis se Groenpraatjies
30 Elmari Rautenbach oor dié week se TV
27 Geselsrubriek deur Elsabé Zietsman en die Sportrubriek
31 Christi speel 'n Houtstokpop
32 Nettie Pikeur en Plant 'n boom

## GIDSE

38 Watter movie wys waar
40 Vrye keuse

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838- 5901.

**KAAPSTAD-KANTOOR** (012) 47 8819,
**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879.

**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** Andrea Vinassa, Ina van der Linde, Ivor Powell
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**KAAPSE KANTOOR:** Christelle Terreblanche
**VERSLAGGEWERS:** Pearlie Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo
**REDAKSIE-ASSISTENT:** Christi van der Westhuizen

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES):** Lille van der Walt
**ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER:** Louwrins Potgieter
**ONTVANGS:** Irene Zulu
**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit). Dit kos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R60 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter of Irene Zulu by (011) 836-2151.

# SO SÊ HULLE

"Dis hoekom politici vroeg reeds hul sig verloor."
**FW DE KLERK** in Japan toe hy effens van stryk gebring is deur die talle flitsende kameras.

"They had good advice from all around the world."
**DEREK KEYS,** minister of Finance, on the ANC's "pragmatic approach" in its Economic Programme made public last weekend.

"Ja, ons het dit opgestop. Ons het sokkies gebruik. Kyk, ons bou hier aan 'n beeld."
**RICHARD DONNER,** regisseur van *Lethal Weapon 3,* oor hoekom hulle akteur Mel Gibson se onderbroek opgestop het vir halfnaakte tonele in dié rolprent.

"When you try to sing 'Come on, baby, let's dance,' it sounds like you're choking on broccoli."
Israeli songwriter **DANNY SANDERSON,** on the difficulty of creating a rock-and-roll sound in the guttural Hebrew language.

"Sonder hulle klere lyk hulle almal dieselfde."
Britse prokureur **MICHAEL HART** ter verdediging van sy kliënt, speelgoedmaker Hasbro, wat daarvan aangekla word dat hy sy gewilde Sindy-pop op Mattel se beste verkoper, Barbie, gegrond het.

"Die vraag is nie of dit waar of onwaar is nie. Hy het te ver gegaan."
**ADRIAAN VLOK,** minister van Korrektiewe Dienste, in die parlement in antwoord op 'n voorstel om 'n komitee aan te stel om die waarheid van Jan van Eck, onafhanklike LP vir Claremont en lid van die ANC, se bewerings in die parlement te ondersoek.

"It is our purpose to become the major party and I believe we need only another 10 percent to add to the 10 percent we have already gained and then we approach the 50 percent-plus situation. When we are the majority party we will have to share power with the minority parties. There is an assumption that we want to protect ourselves (constitutionally) and this perception I want to clear up."
**PIK BOTHA** speaking at a Codesa briefing.




Dov Fedler in The Star

# HET JY GEWEET?

Een uit elke drie kinders ter wêreld gaan vandag laer skool toe - teenoor sowat een uit elke ses in 1975. In Latyns-Amerika verlaat die helfte van die kinders egter die skool ná vier jaar. Byna een vyfde van alle Suid-Afrikaners bo 16 was nog nooit op skool nie. Van dié wat skoolgegaan het, het 25 persent nie hul laerskool-opleiding voltooi nie, 19 persent matriek voltooi en 1 persent 'n universiteitsgraad behaal.

Die grondoppervlakte van Suid-Afrika (die tuislande inkluis) is 1 228 376 vierkante kilometer. Dis groter as Nederland, België, Italië, Frankryk en die voormalige Wes-Duitsland tesame. Suid-Afrika se kuslyn is 2 954 km lank.

# VRYDAGOGGEND MET MAX DU PREEZ



## Huis, paleis, pondok, parlement

**IN** net onder 'n uur het die wit Volksraad, of dan die Nasionale Party-meerderheid in die raad, homself Dinsdagmiddag kaal gestroop en gewys vir wat hy werklik is: 'n klomp valse, arrogante, middeljarige wit mans wat ten spyte van al die lippetaal aan demokrasie en transformasie nog steeds hulself sit en volstop in die voorste wa van die apartheidgravytrain.

Die skorsing van Jan van Eck is die grootste skandaal wat die Suid-Afrikaanse parlement nog getref het. Die NP het met dié stap die laaste oorblyfsels van waardigheid en legitimiteit wat dié gediskrediteerde instelling van wit mag nog gehad het, finaal ondermyn.

Dink só daaraan: dieselfde regerende party wie se huidige en gewese Volksraadslede en kabinetministers - heelwat van hulle het lustig aan Dinsdag se lynch mob deelgeneem - al die parlement en die publiek belieg en bedrieg het, skop 'n man uit wat opstaan en die waarheid praat.

Het ons dan vergeet hoe kabinetslede Suid-Afrika blatant vanuit die parlement belieg het oor die Inligtingskandaal, oor Steve Biko se dood, oor die oorlog in Angola, oor steun vir Renamo in Mosambiek, oor die Burgerlike Samewerkingsburo, oor die polisie se moordbendes, oor finansiële steun aan die Inkatha-vakbond?

Het ons ook vergeet dat 'n senior minister wat steeds in die parlement sit, Magnus Malan, dieselfde heilige groen banke misbruik het om vir adv Anton Lubowski valslik te beskuldig dat hy 'n agent van die staat was, en dit terwyl dit juis agente van die staat was wat hom vermoor het?

**'N MAN WAT MEER** respek afdwing onder die meerderheid van die land se bevolking as die hele Nasionale Party self word uit die parlement weggejaag, en Nasionaliste met lang rekords van leuens en politieke bedrog is die laksmanne!

Miskien het dit die verhaal geword van die verrotte moraliteit van die regerende party: kort tevore in dieselfde parlement is wye korrupsie van honderde miljoene ontbloot - nie een kop het gerol nie. En daar jaag hulle vir Jan van Eck soos 'n hond weg omdat hy een van die grootste kankers in ons samelewing aangespreek het.

Ironies genoeg was die Konserwatiewe Party se standpunt oor die Van Eck-debakel die korrekte een: sy bewerings moet ondersoek word, want as die bewerings waar is, het Van Eck die reg gehad om dit te sê.

Ons het laasweek volledig daaroor berig, maar vir die rekord net weer: Almal in die Volksraad - en in die land - weet voor hul heilige siele dat die essensie van wat Van Eck gesê het, waar is, of PW Botha dit nou gesê het of nie. (Ons weet 'n bietjie van al die moeite wat Van Eck gedoen het om sy feite te verifieer, en ons wéét uit ervaring hy is 'n man van absolute integriteit. Ons het dus geen rede om sy stelling enigsins te betwyfel nie.)

**DIT IS MOS SO** dat die NP-regering onder die vaandel van die Totale Aanslag 'n groot aantal politieke opponente - meestal van die UDF en ANC - laat vermoor het. Moet ons die geagte ministers se geheues wéér verfris met die name van Ruth First, Dulcie September, Jeanette Schoon, Fabian Ribeiro, Griffiths en Victoria Mxenge, Steve Biko, Rick Turner, David Webster, Fort Calata, ens. ens?

Nou wat was Van Eck se sonde nou eintlik?

Dit is inderdaad siek.

Nog sieker is die uitlatinge van mense soos Adriaan Vlok en Chris Fismer dat die optrede teen Van Eck nie 'n aanval op die vryheid van spraak is nie. Dink hulle die gemiddelde IK van Suid-Afrikaanse burgers is 50?

Maar miskien is dit goed dat dit gebeur het, want nou staan die regering en die Nasionale Party en hul parlement daar sonder klere aan vir almal om te sien. En ons gewone landsburgers weet: dié lot mag ons nooit weer vertrou nie.

Dit is interessant om te sien hoe die NP deesdae - juis nou dat ons moes oorgaan na 'n tussentydse regering - sy hand keer op keer oorspeel. Soos om die goeie ooreenkoms in Werkgroep 2 van Kodesa uit magsug, arrogansie en onbuigsaamheid van die hand te wys en daardeur 'n strategie van massa-aksie te ontlok waaroor hulle nou so tjank.

Hoe skrikkerig 'n mens ook soms is vir van die ANC se uitlatinge en strategieë, daar is een troos wat alle Suid-Afrikaners, wit en swart, vandag het: slegter as die Nasionale Party kan 'n ANC-regering nooit wees nie.

Maar dis maar 'n skrale troos.

# MEISIESKOOL VOL SADISTIESE ONNIES

**C Küsel van Littleton Manor skryf:**

Ek skryf na aanleiding van dr M van der Merwe se persoonlike, bitsige, tipies-onderwyseragtige aanval op Francois van der Merwe (VWB 29 Mei - 4 Junie).

Ek is self 'n produk van 'n staatskool, nogal 'n elite meisieskool, vol gefrustreerde, sadistiese onnies wat selfs meisies links en regs op hulle bene en agterstewes met rottangs en bordpassers gedonner het. Onnies wat Christelik-Calvinisties-Nasionale Onderwys gepredik het. Hoe ironies!

Voor u my IK soos Francois van der Merwe s'n beoordeel: ek is self gegradueerd (miskien nog nie "hooggeleerd" nie), en met die onderwys soos dit nou is, wil ek nie geassosieer word nie. Dit is 'n algemene feit dat lyfstraf in omtrent alle Afrikaanse skole alledaags is. U kan seker self getuig van die effektiwiteit van lyfstraf om die "anderste" kinders te beheer.

Toevallig is dit ons "rebelle" wat verder in die lewe ons kreatiwiteit en sensitiwiteit gebruik om die skone en uitvoerende kunste te beoefen en meningsvormers te wees. U sou seker self graag menige moffie wou regdonner of reg-rugby. Gelukkig het u nie, want nou het ons darem nog 'n bietjie "culture" oor.

Dit lyk my ook of u so 'n bietjie aan 'n kompleks ly. Dat hierdie kind wat so brutaal deur die onderwyser aangerand is, deur sy "tjommies" uitgedaag is om vir die meisies te "flash" is nie 'n doodsonde nie en het niks met morele waardesisteme te doen nie.

Tien teen een was dit groot sports en dalk nog opvoedkundig, want in ons arme Afrikaanse opset is alles wat seksueel is mos taboe. 'n Ding word mos nie op sy naam genoem nie. Ek haal aan "wie wil nou per slot van sake gedwing word om na 'so iets' te kyk". Eerstens kan ek jou wed is nie een van die meisies gedwing om te kyk nie. Hulle kon mos weggekyk het, maar 'n paar se oë het seker uit hulle koppe gepop. Tweedens is "so iets" 'n penis, doktor. En dis 'n normale deel van enige man se anatomie.

Gelukkig het ek uit die bus geval. Uit die Calvinisme, uit die NG-kerk en uit die establishment. En ek is nie eens "weird" nie, en daarby 'n ma wat sal sorg dat die Christelik-Nasionale Onderwysstelsel nie sy kloue in my kind slaan en dieselfde selfbeeld- en psigologiese skade aan haar doen as wat aan my gedoen is nie.

Terloops doktor: as voorbeeldige onnie en vir wat jy predik: moenie so vloek nie.

## U IS REG, DOKTOR

**Dr Francois van der Merwe van Pretoria skryf:**

Toe ek dr Van der Merwe se histeriese "aanval" op my gelees het (VWB 29 Mei - 6 Junie) het ek die snaakse gevoel gekry dat as ek een van sy skoolkinders was, hy my sou gedonner het. U is reg doktor, ek het drie grade. En by the way, geen onderwyser het my ooit 'n "rugbybal leer skop" nie. Volgens u is dit seker waar die fout lê.

## O WEE, VWB

**Chris Claassen van Brooklyn skryf:**

Na aanleiding van die feministiese resensie van die rolprent *Strapless* en na aanleiding van verskeie ander manmoerstories (male bashing, get it?), weet ek nou waarvoor VWB eintlik staan: Vroue Weeklaagblad.

## DIÉ AANSTELLING VERBAAS NIE

**Jo Nel van Pietersburg skryf:**

Dit is so dat die burokratiese onbuigsaamheid van universiteite in die aanstelling van dosente met betrekking tot kwalifikasies al menige kere gelei het tot die aanstelling van persone wat, al voldoen hulle aan die formele vereistes, in werklikheid nie aan al die verwagtinge kan voldoen nie. Let ook op dat dit veral 'n neiging is in die Geesteswetenskappe, 'n pseudo-elitisme dus.

Die nuwe neiging is om mense van die buiteland af in te voer omdat daar in Suid-Afrika kwansuis nie geskikte persone is om aan te stel nie. Miskien kan Hennie Serfontein eerder aandag aan dié neiging gee?

Dat Antjie Krog egter as 'n dubbele slagoffer beskou moet word is 'n aweregse (awelinkse?) klap na die kandidaat wat wel aangestel is by die Universiteit van Kaapstad as Senior Lektor in Afrikaanse Letterkunde. VWB-lesers sal seker saamstem dat Kaapstad 'n goeie aanstelling gemaak het as hulle in ag neem dat die suksesvolle kandidaat beskryf kan word as iemand wat: ongetwyfeld een van Suid-Afrika se voorste, mees ingeligte kritici is; 'n (durf ek dit so stel?) vermaarde, bekroonde en ongelooflik produktiewe digter is; 'n belese, deurwinterde dosent is mét 'n PhD en vele kritiese artikels tot haar krediet het.



Antjie Krog... "Dat (sy) as 'n dubbele slagoffer beskou moet word is 'n aweregse (awelinkse?) klap na die kandidaat wat wel aangeste is..."



Joan Hambidge... "ongetwyfeld een van Suid-Afrika se voorste, mees ingeligte kritici..."

Dat Joan Hambidge die aanstelling gekry het, behoort niemand te verbaas nie.

## ONDERDRUKTE BEGEERTES

**Amanda Gouws van Stellenbosch skryf:**

Thomas Willemse se onderdrukte begeertes en wellus spreek duidelik uit sy skrywe oor pornografie (VWB 29 Mei - 4 Junie). Lyk my die dominee is so repressed oor sy eie seksualiteit dat hy uitkoms soek in pornografie. Hy dis egter sy begeertes na pornografie aan ons op as ingeligte menings. Hy dink blykbaar om 'n paar boeke oor pornografie te lees maak van mens 'n ekspert.

Volgens hom het "navorsing" getoon dat daar geen verband tussen pornografie en verkragting is nie. Laat ek hom inlig oor die bevindinge van wetenskaplike navorsing en hofuitsprake oor die gevolge van pornografie. Daar is bevind nadat 'n man 'n veertienjarige meisie verkrag het, haakspelde deur haar tepels gesteek het, in haar gesig geurineer het (moet ek aangaan?). Dat hy al dié dinge in 'n pornografiese tydskrif gelees het wat aan sy persoon gevind is tydens sy inhegtenisname. Hoe is daai vir oorsaaklikheid?

Daar is bevind dat mans wat gereeld aan pornografie blootgestel word moeilik kan onderskei tussen seks en geweld. Vir hulle is dit sinoniem. Ook dink hulle tot 'n baie mindere mate dat verkragting "verkeerd" is as mans wat nie aan pornografie blootgestel word nie. Altesame 24 persent van verkragte vrouens wat in die VSA aan 'n studie deelgeneem het, het gesê dat hul verkragters erken het dat hulle van hul idees uit pornografie gekry het. Ek kan ad infinitum aangaan.

In 'n onlangse hofuitspraak het die Kanadese hooggeregshof beslis dat pornografie bydra tot substantiewe ongelykheid tussen mans en vrouens en het volgens dié beslissing sekere vorms van pornografie verbied. Ek twyfel of die Kanadese hooggeregshof dié uitspraak sou gelewer het as daar geen bewyse was dat vroue deur pornografie benadeel word nie.

Pornografie objektiveer en degradeer vroue. Dit stuur 'n boodskap dat vroue bedoel is vir seks, dat hulle altyd beskikbaar en gewillig is. En as hulle nie wil saamwerk nie, dan is dit goed om mag te gebruik (lees verkrag). Mans gaan huis toe na pornografiese films en verwag dat hulle vroue dieselfde "dienste" moet lewer. Daar is niks terapeuties aan pornografie nie, behalwe vir die perverte wat seksuele bevrediging daaruit kry. En om boonop nog te sê dat dit kinders inlig oor seks, is 'n aanklag teen ons samelewing waar ouers te sleg en repressed is om hulle kinders ordentlik in te lig oor seks, seksualiteit en voorbehoedmiddels.

Vir kinders om van seksualiteit deur pornografie te leer plaas 'n etiket op seks - dat dit vuil is, dat dit plaasvind in donker rookgevulde vertrekke waar mense nie eens mekaar in die oë kan kyk nie. Dat 'n dominee sulke oortuigings het, vind ek skrikwekkend.

Mense wat pornografie voorstaan gryp altyd na vryheid van spraak om hul saak te verdedig. Van wie se vryheid van spraak praat ons hier? Ons praat van vrye spraak vir mense soos Willemse vir wie dit die geleentheid bied om die snert oor pornografie te skryf wat hy skryf. En die vryheid van die multi-miljoen dollar pornografie-industrie wat alles kan verloor as mense ewe skielik begin sê dat pornografie nie oraait is nie.

Pornografie maak vroue stil. Dit is definitief nie hulle vryheid van spraak wat ter sprake is nie. Willemse se skrywe is 'n goeie voorbeeld van die meerderwaardigheid van mans wat dink hulle weet wat goed is vir ons almal.

En van keuses gepraat: Watter keuses het vroue wat ekonomies gedeprivеer is en deelname aan pornografie as 'n vorm van oorlewing beskou? Gaan lees die outobiografie van Linda Marciano van *Deep Throat*-faam om te sien presies hoeveel keuses sy gehad het. Watter keuses het vroue wat in "snuff-films" doodgemaak word? (Snuff-films is pornografiese films waar die vrou aan die einde van die film doodgemaak word. Die dodetal vir dié soort pornografie is mind-boggling.)

Nee wat, dominee, dit lyk vir my jou probleem is "that you can't get it up without pornography". Miskien moet jy aan jou eie repressie begin werk met 'n werklike terapeut.

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR.
Rig briewe aan:
Die Brieweredakteur VWB
Posbus 177
Newtown
2113

# 'NP HET 'N LAT VIR SY EIE RUG GESNY'

## Die Nasionale Party se skorsing van Volksraadslid Jan van Eck dié week was 'n vergryp en skep 'n gevaarlike presedent, sê politieke kommentators aan CHRISTELLE TERREBLANCHE

"DIT gaan in hierdie mosie nie om 'n heksejag op 'n onafhanklike lid nie. Dit gaan om die beskerming van die integriteit van die parlement teen ernstige misbruik van vryheid van spraak."

Sô het dr Boy Geldenhuys, NP-LP vir Brentwood, gesê kort nadat die NP-LP vir Valsbaai, Adriaan Jordaan, dié week in die debat oor die skorsing van Jan van Eck, onafhanklike LP en lid van die ANC, op 'n punt van orde gesê het: "Ek kan nie anders nie as om u aandag daarop te vestig dat die agbare lid wat tans aan die woord is (Van Eck) 'n lid van die ANC is en dus 'n lid is van 'n bende van moordenaars, plunderaars en bomplanters."

Van Eck is in die Volksraad daarvan beskuldig dat hy in 'n gesamentlike sitting van al drie huise die vorige week, die Volksraadsmeerderheid aanstoot gegee het met bewerings oor 'n vorige staatspresident.

Van Eck is kort daarna met 'n meerderheid van 80 teen 56 tot die einde van die parlementêre sessie (Januarie 1993) geskors, omdat hy volgens 'n konsepbesluit van die Leier van die Volksraad die vorige week in die weermag-begrotingspos in die gesamentlike huis van die parlement, "sy voorreg van vryheid van spraak" sou misbruik het.

Van Eck het in die gewraakte toespraak gesê hy beskik oor inligting dat PW Botha, voormalige staatspresident, sou verklaar het dat hy en sy regering aanspreeklik was vir die teregstelling van groot getalle swart "radikale".

In die oorspronklike debat het Geldenhuys onmiddellik beswaar aangeteken en dié week het Adriaan Vlok, minister van Korrektiewe Dienste, die konsepbesluit in die Volksraad en nie die gesamentlike sitting nie, aan die huis gestel tydens 'n debat wat meer as 'n halfuur geduur het.

POLITIEKE WAARNEMERS was dit dié week eens dat die "integriteit van die parlement" en "vryheid van spraak" wel ter sprake is ná die buitengewone stap deur die NP. Daarmee bedoel hulle dat die NP 'n parlementêre presedent gestel het wat moontlik verreikende gevolge vir die parlementêre en demokratiese tradisie in die land kan inhou.

In die DP se toespraak teen die konsepbesluit, het Peter Soal in 'n toespraak namens Roger Burrows, DP-LP vir Pinetown, gesê: "Die DP vereenselwig hom met die siening van Voltaire, wat gesê het: 'Ek keur dit wat jy sê af, maar ek sal jou reg om dit te sê tot die dood toe verdedig'."

Volgens hom was die laaste keer dat 'n soortgelyke saak in die Britse Laerhuis te berde gebring is, in 1882 en is die prosedure sedertdien verander.

"Die DP vind dit buitengewoon dat op dié tydstip in ons konstitusionele en politieke geskiedenis, die NP 'n voorhamer gebruik teen 'n muskiet," het Soal gesê.

Prof Kader Asmal, hoogleraar in Mensereg aan die UWK en uitvoerende lid van die ANC, sê dié week dit is 'n prosedure wat ons in die toekoms moet negeer. "Dit sal onaanvaarbaar wees as so 'n vorm van kragdadigheid gebruik moet word om 'n minderheid stil te maak, hoe irrelevant die poging ook al," sê hy.

"Die optrede herinner mens aan die tyd van Malan en Verwoerd en weerspieël hoegenaamd geen verbintenis tot die werklike rol van minderhede nie. En dit komende van 'n party wat minderheidsregte in 'n grondwet wil verskans."

Prof Willie Breytenbach, van die departement Politieke Wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch, sê die NP het hiermee 'n presedent gestel wat hy glad nie ken nie. "My kennis van parlementêre prosedure is gebrekkig, maar ek voel intuïtief die NP het te ver gegaan, dat hy die parlementêre kodes verbreek het."

NOG 'N POLITIEKE kenner, prof Peter Vale van UWK, stem saam dat die presedent onberekende gevolge kan hê. "Die NP het hiermee 'n lat vir sy eie gat gesny," sê hy. Vale wys ook daarop dat die Rhodesiese regering se besluit om 'n noodtoestand af te kondig met 'n eenvoudige meerderheid, die Mugabe-regering die verskoning gegee het om dié besluit tien jaar lank vol te hou.

Volgens Asmal behoort die optrede mense daarvan bewus te maak dat "ons nuutgevonde aura van vryheid maar net 'n fasade is, net veldiep bly". Hy stem saam met die voorstel tot 'n amendement van die Konserwatiewe Party in die debat dat Van Eck se stellings deur 'n parlementêre kommissie ondersoek behoort te gewees het.

Van Eck self het die prosedure bestempel as 'n poging tot 'n "kangeroe-verhoor" en gesê dit verteenwoordig 'n "ernstige skending van die parlement se vermoë om sake van openbare belang onder parlementêre privilegie aanhangig te maak".

"Daar moet op gelet word dat hoewel versoeke vir 'n spesiale debat oor die moord op die 'Cradock-vier' in die parlement, van die hand gewys is, die reëls van die parlement wel kon toelaat vir 'n spesiale debat oor die aantygings wat ek gemaak het."

Hy het hom dié week gevoeg by 'n aantal opposisielede wat gesê het die spreekwoord "Mense wat in glashuise bly, moet nie met klippe gooi nie" was nog nooit meer van toepassing as op die huise van die parlement dié week nie.

# 'DIE DAG VAN AFREKENING MOET KOM'

## CHRISTELLE TERREBLANCHE het met Jan van Eck gaan praat



**Waarom wil jy nie jou bronne bekend maak nie?**
Ek het die inligting gekry op voorwaarde dat ek die bron nie bekend maak nie en sal beskerm.

**In watter omstandighede sou jy dit bekend gemaak het?**
Ek sou 'n groot probleem met bale omstandighede hê. Ek het voorgestel dat 'n internasionale paneel van juriste aangestel word om die bewerings te ondersoek. Dis nie 'n refleksie op ons regstelsel nie, maar ek glo die aantygings wat na bewering van PW Botha kom, is so verreikend en gaan oor 'n patroon van regeringsoptrede teen aktiviste oor jare. Daar is veel meer wat gedoen moet word as net bloot om met my bron te gesels en te sê: "Goed PW, jy het gesê..."

Dit gaan oor die hele stelsel van verdrukking in die tien jaar van PW Botha se regime - dit behels dus dat alle rekords van die nasionale veiligheidsraad oopgemaak moet word, dat alle ministers en sekurokrate wat binne daardie periode betrokke was, ondervra sal moet word, en ek dink nie 'n mens kan sô 'n taak werklik gee aan 'n plaaslike kommissie of wat ook al nie.

**Dink jy jy het jou parlementêre privilegie geskend?**
Hulle het duidelik vir my gesê dit is nié die geval nie. Ek word van niks aangekla nie, behalwe dat die raadslede voel ek het hulle aanstoot gegee. Die stellings was ook nie 'n misbruik van vryheid van spraak nie. Privilegie-skending kom daarop neer dat die regering kan bewys die betrokke lid sou gelieg het. Dit is 'n baie ernstige ding. Die meerderheid van die raad, die NP, meen ek het hulle aanstoot gegee. Hulle het die proses aan die gang gesit en dis vir hulle wat ek nou sê hulle wou 'n kangaroe-verhoor van my hê in die parlement.

**Sou jy op dieselfde grondslag kon aanstoot neem oor die tussenwerpsel waarin jy as lid van 'n bende moordenaars beskuldig is?**
Die party wat die meerderheid is in die huis, besluit wie aanstoot gee. Daarom het opposisie in die parlement nie 'n kat se kans om die regering daaraan skuldig te bevind dat hulle aanstoot gee nie.

Ons weet mos die NP is oneerlik - hulle sê vir Kodesa ons moet 'n grondwet hê waar die meerderheid nie eenvoudig kan doen wat hy wil nie - maar die NP sal getoets word nie aan wat hy sê nie, maar aan wat hy doen. En gister in die parlement het hy finaal bewys dat hy nie 'n flenter omgee vir 'n minderheid nie.

**Hoe gaan jy jou pligte as parlementariër vir die mense van Claremont voortsit?**
Maar net soos voorheen. Al wat die parlement jou bied, is bloot om toesprake te maak. In die lig van gister se gebeure het ek meer vryheid buite die parlement as daarbinne. Ek kan die aanstootlikste goed nou buite sê en niks gebeur met my nie. As ek die parlement aanstoot gee, dan skop hy my uit. So as hierdie regulasie teen my nou konsekwent gebruik word, sal die hele opposisie in die parlement uiteindelik verwyder word. Want almal gee aanstoot.

Die NP het van die parlement nou 'n klug gemaak. Hulle het finaal bewys dit is 'n grap. Suid-Afrika staan en lag, want daar staan die plek ontbloot, misbruik en manipuleer deur die minderheid in die land.

Aan die ander kant staan die mense geskok omdat, terwyl ons wragtag vra vir 'n minuut of twee stilte ter ere van alle mense wat in die apartheid-oorlog dood is, nie net ANC nie, het hulle sit en lag en gekskeer asof dit nou 'n grap was. Die NP is gister ontbloot as 'n party sonder enige begrip van demokrasie wat nie belangstel in geregtigheid nie en wat bloot die parlement misbruik om persoonlike vendettas te voer.

**Glo jy bewys kan gelewer word van jou stellings in die parlement?**
As ek vir PW kan laat praat, ja. Ek gaan voort met my ondersoek. Dit was nog al die jare my werk gewees. Ek gaan spesifiek weer met my bronne gesels, maar as jy 'n ding eers in die openbaar oopgevlek het, gaan baie mense hulle spore begin doodvee. Ek glo ons moet 'n oproep doen op alle huidige en voormalige lede van die veiligheid-establishment wat weet van wandade om nou na vore te kom. Want uiteindelik, of daar 'n Nüremberg gaan wees of nie, die top-mense gaan uiteindelik moet rekenskap gee - dié wat opdragte gegee het. Maar die gewone ouens wat die opdragte uitgevoer het, glo ek moet vrywaring kry, ten einde versoening te bereik.



**Behind the united front of mass action presented by the ANC and its allies this week, there lies a still unresolved conflict between members of the top leadership and the grassroots about the use of the strategy in the first place. For the moment the grassroots is in the ascendancy, but a lot could still happen before the end of June, writes IVOR POWELL**

# mass action

## - THE RHETORIC IS STILL CLEARER THAN THE REALITY

**THUS** far the ANC has succeeded in putting forward a relatively united front on the programme of action announced after its policy conference at Nasrec over the weekend.

But in truth there is little unanimity among the national leadership over the advisability of the kind of hardball represented by the decision to embark on a programme of mass action at this time - and the conference itself saw more than a little political manoeuvering taking place.

Mainly this particular sideshow centred around attempts by top ANC negotiators to place the blame for what the membership almost unanimously perceived as selling out on policy in the Codesa negotiations.

On one hand there was ANC Foreign Affairs head Thabo Mbeki, who as chief strategist of the ANC's basic approach to Codesa, was being made to carry the can so to speak for the offer of a 70 percent consensus on key constitutional issues which the ANC made to the government in the dying phases of Codesa 2 as well as various other compromises.

Mbeki, who in fact had little to do with the now notorious offer, was looking less than happy with the way things were proceeding, and was heard to note that various other members of Codesa negotiating team were "not telling the whole truth" about what actually went on there.



**ON THE OTHER SIDE** of the metaphorical table were the two ANC negotiators who actually made the 70 percent offer, ANC General Secretary Cyril Ramaphosa and Mohammed Valli Moosa, who as the Working Group 2 representatives, had along with SACP Codesa representative Joe Slovo, offered the 70 percent. And they had more or less managed to sell to the policy conference the interpretation that it was simple government intransigennce which had resulted in the deadlocked talks, in the context of which intransigence they had made the 70 percent offer as a tactical move. As something patently so reasonable that, when - as they knew it would be - it was refused it would show up the fact that it was the government that was derailing the negotiations.

A nice enough theory only VWB has information that even before the meeting took place the diplomats of the European Community had been assured by senior ANC officials, that the party was prepared to agree to the 75 percent figure the government was demanding.

And beyond this, we understand that very senior ANC negotiators have also agreed behind closed doors to guaranteeing various so-called "sunset clauses" guaranteeing the National Party's role and the position of whites way beyond the transitional period.

The theory guiding these remarkable concessions - which I do not want to go into here - is that only a gradualistic evolution from the status quo, especially in the economic and social fields - can guarantee development in the future.

**THE RIGHTS AND WRONGS** of ANC negotiations strategy are not at issue here, though it may be worth noting that the questions are more complex than the simple sellout and simple victory to which much of the ANC grassroots would like to reduce them.

The point is not a philosohical one, it is about political survival. And last weekend's policy conference was not so much about framing strategy as it was about a showdown between the negotiators and the party as a whole.

Levels of resistance to the way the ANC's national leadership were dealing out the country's future have risen to frightening levels in recent months. The announcement two weeks ago that the PWV's regional structures would be reassessing their continued participation in Peace Accord structures was merely the thin end of a grassroots wedge. It signalled a widespread and often open rejection of the way the party was being led, as well as its failure to pressure the government to take action on the questions that directly affected the lives of its supporters.

Issues like the hostel violence, which negotiations have failed to reduce. Issues like education, which has not changed in any ways that affect township dwellers despite ▶

recent decisions taken jointly by government and ANC-connected negotiators. Issues like food and the cost of living.

**AND INSTEAD OF IMPROVEMENTS** in these areas, things have got far worse. It is a curious and yet telling fact that among the most vulnerable targets in the townships these days are Telcom operators, and that a number of their workers have been attacked and their vehicles burnt out by angry township mobs. (The reasons can apparently be traced back to hikes in telephone prices.)

Now in addition the drought has resulted in what could turn out to be one of the last straws - a 20 percent rise in the cost of staple maize.

All of these factors, of course have played significantly into the hands of the proponents of mass action within the ranks of the ANC, and on the weekend the wheel finally came around.

The townships, despite bizarre underreporting in the media given the scale of the crisis, are already in flames, with unruly and unfocused gangs sowing terror, hitting out at any targets that symbolise their continued oppression that they can find - Telcom, town councillors, policemen. In the past three weeks in the PWV region alone 109 people have died out of a nationwide total of 164.

Codesa has significantly lost prestige after the failure of negotiators to find ways of forcing movement in Codesa 2, and Codesa negotiators - the most powerful people under ordinary circumstances in the ANC - were in retreat. And so, in the moment, the proponents of the harder line strategy of combining the pressure play of mass action with the compromise of negotiation, were empowered.

In terms of ANC structures this translates as alliance structures - thus foregrounding the massive trade union federation Cosatu - were given the space to impose their sense of strategy over the more subtly diplomatic faction represented by people like Mbeki and Ramaphosa.

BUT THIS IS NOT, of course the first time that an ANC conference has come out with strident rhetoric about mass action. Not only last June's national congress but also an earlier conference at Nasrec late in 1990 officially adopted the strategy of mass action as one to be adopted in temdem with talks.

But nothing happened then - and it is not impossible that nothing will happen now. In both of those cases the negotiations leadership was able to talk the more militant middle-level, regional and local structures down, and to buy time for negotiations to make inroads into the future.

How the whole scenario will play out this time is still uncertain. But there are signs already that the top leadership could already be trying to take the initiative out of the hands of the masses.

Appearing last Sunday on TV's agenda Cyril Ramapohosa hinted that the ANC might be prepared to call off the threatened popular action if the government concretely indicated its good faith in moving towards interim government.


And government negotiators are equally keen to avert the threat of sustained mass action. After last year's general strike, they know that they can't trust Cosatu not to pull it off, and, sources confirm, there already busy negotiations underway to find a compromise solution that will be enough to avert the threat.

An NEC meeting is scheduled for early next week where regional structures will be strongly pushing for guarantees from the leadership. But anything could happen behind the closed doors between now and then.

## COMMENT



# The best chance of averting even worse chaos



Pic: Andrea Vinassa

**LET** us pretend for a moment that politicians are supposed to make sense, and look at some recent government statements on the ANC alliance's threatened programme of mass action.

Here for instance is Law and Order spokesperson Craig Kotze responding to the ANC's call for rolling mass-based protest actions, delivered at the end of the organisation's policy conference at the weekend: The ANC's plans fail to take cognisance of the fact that mass action and mass intimidation are synonymous, Kotze said, and continued: "You don't negotiate with a gun at the head of the public. It is action aimed at pressurising a negotiation partner. Therefore it is highly intimidatory by nature and obviously contains the implicit threat of violence."

Acting State President Pik Botha, for his part on Wednesday, entered the fray with far more enthusiasm than apparent sense when he asserted in no uncertain terms that the ANC could not claim to be using peaceful methods if it substituted mass action for the armed struggle in order to obtain political objectives.

One hesitates here to even talk of logical flaws, this would be to credit some form of logic in the first place, and these kinds of utterance - though, and this is the crucial point, they sound okay to the average non-township dwelling South African - are in fact devoid of any logic whatever.

But let's go through the motions anyway, starting with Pik Botha. Regarding his warnings, the painfully obvious point needs first to be made that the ANC suspended the armed struggle about eighteen months ago and whatever interventions there may have been in recent weeks or months on the part of MK operatives, they have seldom if ever been sanctioned by the MK leadership, and have certainly never reached the kind of proportions where they could be meaningfully referred to as an "armed struggle".

Secondly, it is hard to understand what can be meant by not using peaceful methods when what the ANC alliance is talking about is precisely deploying non-violent shows of force or witholding of market participations in order to apply pressure on the powers that be. Sure, the way that mass action is actually organised, or the way it actually takes place, could lead to violence, or it may be accompanied by measures of intimidation. But not by the wildest stretch of the imagination could one seriously suggest there exists the necessary connection that Botha is implying.

As for Kotze, well... Mass action and mass intimidation, he claims, are synonymous concepts. Mass-based protest, he asserts, amounts to a gun at the public's (not, note, the government's) head. Mass action, he informs us, contains the implicit threat of violence.

Historically speaking, of course he is kind of right on the third count. Mass action has usually been accompanied by mass action of a different kind on the part of the security forces and has often enough degenerated into simple massacres of usually non-violent protestors.

His other main point is a real lulu of an observation, if you note for a moment that the words "mass" and "public" denote more or less synonymous concepts, and he is proposing a scenario in which (assuming the mass action really gets off the ground and does involve large sectors of the population) the public is both agressor and victim at the same time. Or is he just doing that old white South African thing of drawing an implicit distinction between the white public and the black masses? Probably something like that on reflection - since his next observation seems to suggest that it is the "public" with which the ANC is busy negotiating.

**I DEAL WITH** such banalities at such length (and with such seeming ingenuousness) only because the oddities of thinking expressed by both Botha and Kotze are so very pervasive among both the representatives of the government and the members of the mainstream press. And because they point to a dangerous blurring of distinctions which has, since one can remember, been promoted, always to political advantage, in more or less equal measures by the government's propaganda machine, the SABC and the white-owned mainstream press.

What this version of mass action rests upon is the memory of the often more or less spontaneous township uprisings (political groupings as often as not only entered the fray after things had already flared up) of 1976 and 1984-5. But such uprisings were not, in any relevant sense of the term, organised mass actions. In one case we are talking about a youth revolt, in the other an explosion of township anger that came to be codified as a deliberate and sustained attempt to make the townships ungovernable.

Mass actions in the sense the ANC and its allies are talking about them are not the same thing at all. They are, in theory at least

8

# 'WE WANT CAST IRON COMMITMENTS'

## IVOR POWELL spoke to Neil Coleman, the Cosatu media chief



Mass action in the former Soviet Union... Why was people's power acceptable in former East Bloc countries and not here?

7

- and you can be sure the leadership of the relevant organisations will do everything in their power to ensure that they are also in fact - essentially peaceful expressions of the sentiments of large numbers of people. Reducing them to violent confrontations is far more in the interests of those wishing to discredit the organisations which they represent - and a glance at the history of last year's Cosatu led national general strike will amply serve to demonstrate this.

**IN THE RUN UP** to the strike the government media and the mainstream press were littered with dire warnings of how the strike would certainly result in flare-ups of violence, how intimidation would be rife in the townships, how the action would certainly be accompanied by atrocities and brutalities.

And, working at the time on one of the mainstream newspapers, I can testify to the degree of pressure exerted on journalists to search out instances of intimidation and savagery and disruption of education.

In the event, and ponder this if you will, hardly any stories of intimidation which carried any credence came out of the two-day strike. School attendance in the townhips was actually higher than on any other two days in the entire year. Violence statistics in almost all areas dropped very substantially from "normal" levels, and in the one instance where there were significant clashes, on the OFS mines, there are still serious suspicions about who was orchestrating it and why.

But the mood in the townships is highly explosive and the more undisciplined elements among the youth, the so-called comtsotsis who were in the front ranks in the 1984-5 township uprisings, may well already be out of control. Even in the ANC's own support-base frustrations are running so high that it will take all of Cosatu's organisational skills and finely tuned structures to channel the energies of the townships into the peaceful protest which the leadership needs to ensure.

It also needs to be said that - as much of the ANC's leadership is aware - it is a very different thing controlling the energies of a specified two-day strike and keeping hold of all the strands of an open-ended period of rolling mass action such as the ANC alliance is envisaging.

But it remains the best chance the alliance has. Make no mistake, the top leadership of the ANC alliance was not behind the instituting of a programme of mass action. It is something that has been forced upon them by the rank and file of their increasingly alienated support base. And while it is becoming passé to note that a large part of the ANC's motivation lies in the need to consolidate its own membership, it is equally as important to say that controlled mass action remains the best chance for averting even worse chaos than currently reigns in the townships. - IVOR POWELL



**HOW committed is the democratic movement this time round to actually go through with its mass action threats?**

The background to the present mass action initiative is different in two very significant ways. Firstly there has for some time now been a development of a joint programme of action as a result of a growing perception that the government may in fact not be willing to move towards a democratic society through negotiations, and that action might have to be taken in other ways.

The question was finally decided at an alliance summit held on May 13, where the alliance committed itself to a programme of action. The essential points of the strategy drawn up at this meeting were adopted by the ANC at its policy conference last week end.

Secondly there is an increasing realisation that the transition towards democracy will not move ahead unless we also move into another terrain of struggle. It is worth remembering that at all the ANC conferences held in the last couple of years the membership has come out in solid support of using mass action in conjunction with a negotiations strategy.

**What about the reaction of the international community who seldom favour popular politics?**

I think the timing of the call to action is important here. In the past month or so the ANC has decisively seized the moral high ground. It has been seen to be bending over backwards in trying to keep Codesa moving. The government and its allies have been shown up by a number of corruption and murder scandals. I don't think the image of the ANC as wreckers that the government is sure to try to sell is going to wash in the outside world.

**Are you trying to channel the violence currently gripping the townships?**

It is an ongoing objective to channel the energies of our members and supporters in constructive directions. It is also a point to be made that the most undisciplined actions are taking place in areas where there is a lack of strong organisational structures. I can answer your question directly insofar as to say that it is one of our objectives that such areas be brought in as part of our mobilisation.

**Do you believe you can mobilise the support to make the strategy effective this time around?**

Well, look at Cosatu's track record. I think it speaks for itself. We do not embark on programmes like this one without first entering into a lot of debate, all the way from ground level up. Nor without a lot of organisation. Take for instance the general strike: people said we were courting disaster by calling on the scholars to attend school during the strike. Well, on November 4 and 5 school attendance was higher than on any other days during the year. Violence statistics were also way down. When you look at the facts it is ludicrous to suggest that we are provoking violence or confrontation by calls to mass action.

**What kind of support do you expect to realise?**

There is potentially a massive coalition building up, made up of two strands: on the one hand there are the structures of the alliance, and on the other a broad coalition of social groupings bound by a shared commitment to real democracy.

But the coalition is still being put together, so I can't be specific. But, broadly we are approaching church groups, human rights organisations and the organs of civil society, among others. We are also hoping to bring the Patriotic Front in as well.

**How likely is it that a compromise solution is reached with the government before the programme of mass action actually gets off the ground?**

I can only speak for Cosatu here, except to note that there was a strong feeling from the floor at the ANC's policy conference that half measures would not be sufficient to defuse the situation. But from Cosatu's viewpoint, while we will always be prepared to negotiate and talk about our demands, vague statements of good faith will certainly not suffice. We want cast iron commitments backed up with clearly defined time-frames. Basically, unless the government makes a real commitment to an interim government before the end of June, the action will go ahead as planned.

# POLISIEMAN HET MISLEI

**'N KAPTEIN** in die polisie het in die Hooggeregshof erken dat hy 'n onafhanklike forensiese spesialis probeer mislei het wat die moord op ANC-prokureur Bheki Mlangeni help ondersoek het.

Mlangeni is dood toe 'n bom in 'n kassetspeler in Maart verlede jaar ontplof het. Die bom is eers na oud-kaptein Dirk Coetzee in Zambië gestuur, maar hy het dit nie afgehaal nie en omdat Mlangeni se naam as die afsender se naam aangegee is, is dit na hom teruggestuur.

Kapt André Kritzinger het by die geregtelike ondersoek getuig hy het dr David Klatzow om die bos probeer lei het omdat Klatzow hom "kwaad" gemaak het. Klatzow is deur Mlangeni se vrou, Abigail, gehuur om met die ondersoek na die moord te help.

Coetzee het destyds gesê die bom was die werk van kapt DJ du Toit van die tegniese afdeling van die polisie se laboratorium.

Kritzinger het dié week voor regter B O'Donovan gesê hy het teenoor Klatzow ontken dat hy weet van die laboratorium en van 'n kapt Du Toit. Hy het egter nou erken dat hy weet van die laboratorium en van 'n kolonel Du Toit wat daar werk.

Adv G Rautenbach, wat namens die Mlangeni-familie optree, het gesê Klatzow het uiteindelik tou opgegooi en gesê die ondersoek was "tydmors" en "sal nêrens heen lei nie".

Die saak duur voort. - Sapa

**Studente van die Universiteit van die Noorde het Maandag 'n "staatsgreep" op die Universiteitsraad uitgevoer en die rektor, die twee vise-rektore en die drie senaatslede gedwing om uit die raad te bedank. Dis 'n "simboliese daad" wat daarop gemik is om die transformasie van die ou apartheidstrukture te versnel, sê studenteleiers aan INA VAN DER LINDE**

# TURFLOOP IN KRISIS



Prof N Chabani Manganyi... het per faks uit Amerika laat weet hy bedank.

**STUDENTE** het vroeg die oggend die kantoor van die rektor en die twee vise-rektore beset en geëis dat die drie onmiddellik bedank uit die raad - die hoofgesagsliggaam van die universiteit. Terselfdertyd het 'n groep studente ook die drie senaatslede in die Raad gedwing om hul bedankings uit te skryf. Hulle is proff AL Mawasha, HJ Oosthuizen en JW Engelbrecht.

Die rektor, prof N Chabani Manganyi, wat op die oomblik in Amerika is, het per faks laat weet hy bedank. Daarna het ook prof Moses Nkondo (uit 'n vergadering in Johannesburg) en John Malatji, die twee vise-rektore, hul skriftelike bedanking uit die raad ingedien.

Die rede hiervoor, sê Prince Mofokeng, vise-president van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR), is dat die Raad ondemokraties saamgestel is en nog deel is van die apartheidstruktuur. Die Raad word volgens die Wet op Universiteite van 1969 soos gewysig, deur die Staatspresident aangestel. Dit word saamgestel uit die rektor, die twee vise-rektore, drie senaatsverteenwoordigers, sakemanne en finansiële kenners, en tuislandverteenwoordigers van Gazankulu, Lebowa en QwaQwa.

Mofokeng en verskeie ander studente-leiers het Dinsdag hul protes in Pretoria in die gebou van die Departement van Onderwys en Opleiding kom voortsit. Hulle wou 'n memorandum aan minister Sam de Beer oorhandig om te eis dat 'n interim komitee in die plek van die raad aangestel word, totdat die parlement die wetgewing kan wysig. Die memorandum is weer saam met die studente terug Pietersburg toe, omdat De Beer vir die parlementsitting in Kaapstad is. Hulle sal nou later die memorandum aan hom oorhandig.

**MOFOKENG** Sê die studente het 'n groep bekend as die Broad Transformation Committee (BTC) gevorm, waarin studente van alle politieke groeperinge op die kampus verteenwoordig is. Die BTC het besluit die Raad "ly aan 'n legitimiteitskrisis" omdat dit nog volgens ou apartheidswetgewing saamgestel word. Hulle het onlangs sekere voorstelle op 'n vergadering met die Raad en De Beer bespreek. Die Raad het toe al gesê hulle is bereid om te bedank en De Beer het onderneem om die wetswysigings aan die parlement voor te lê.

Laasweek het die BTC egter besluit die Raad is "ondemokraties en onsensitief teenoor die behoeftes van die tradisioneel en histories benadeelde gemeenskap".

Mofokeng sê: "Die mense in die Raad dra nie die belange van die gemeenskap op die hart nie. Hulle staan afsydig teenoor die gemeenskap en is net daarop gemik om elite te produseer.

"Die Raad beheer sake soos wie toegelaat word en watter leerplanne gevolg moet word. Die leerplanne en reëls en regulasies is vir ons vreemd. Mense word om finansiële en akademiese redes uitgesluit. Ons meen verder matriek-resultate is nie die regte barometer vir universiteitstoelating nie. Daar is ook ander aspekte wat in ag geneem moet word, soos buitemuurse aktiwiteite."

Die BTC stel voor dat die Raad só saamgestel word: die minister wys vier lede aan, die studente vier lede, die vakbonde twee lede, en die universiteitswerkers, die SA Raad van Kerke, sakemanne en vrouegroepe moet elkeen 'n lid aanwys.

**DIE VOORSITTER VAN** die Raad, prof J Poolman, van wie die voorstel oorspronklik gekom het dat Nelson Mandela as kanselier van die universiteit benoem word, sê egter hy vind die studente se optrede onbegryplik.

"Ek is werklik in die middel van die wêreld. Ek en ander raadslede het lankal ons bereidwilligheid te kenne gegee om te bedank, en dis so in die notules opgeteken. Die samestelling van die Raad is 'n ou stuk gedrog apartheidswetgewing. Ek sal selfs deelneem aan die betogings om die wetgewing verander te kry, maar intussen geld die wetgewing nog en ons wou verseker dat die oorgang so ordelik moontlik geskied."

Die verwagting was dat die nuwe wetgewing voor einde April deur die parlement goedgekeur sou word, en dan sou die Raad bedank. Dit het nie gebeur nie - en iemand moet tog verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur van die universiteit, sê Poolman.

Terwyl sommige dosente meen dat die poste van die rektor en vise-rektore in gedrang kom met hul bedanking uit die Raad, stem Poolman nie saam nie. Wat wel in gedrang kom, is die bepaling van die wet dat die universiteitsraad verantwoordelik is vir die besteding van fondse wat van die regering af kom. Die Raad kan nou 'n interim komitee saamstel wat dié taak wettig kan oorneem, maar hy sal weier om daaraan deel te hê. "Hoe kan ons 'n wettige komitee saamstel as hulle beweer ons is onwettig?"

Heelparty dosente - wat uit vrees vir intimidasie nie hul name genoem wil hê nie - meen die studente-optrede was heeltemal onnodig omdat die bal om die Raad se samestelling te wysig, reeds aan die rol gesit is.

**WAT IS DUS** werklik die doel van die optrede? Enersyds is dit deel van die beweging in verskeie universiteite landwyd om apartheidstrukture oorboord te gooi. Mofokeng en ander studenteraadslede sê deur die SA Students Congress (Sasco) het hulle kontak met studenterade landwyd. Besluite wat by een universiteit geneem word, vind weerklank by al die universiteite met wie hulle kontak het.

Andersyds blyk dit dat daar ander sterk onderstrominge op die kampus is wat nie misgekyk moet word nie. Die bewering word gemaak dat persoonlike en politieke ambisie 'n rol speel in die tydsberekening van die studente-optrede. Dis glo veral die ambisieuse jong Nkondo, 'n ANC-ondersteuner, wat sterk steun aan die studente-optrede gee. VWB het dié vise-rektor herhaaldelik in die hande probeer kry vir kommentaar, maar hy was nie beskikbaar nie.

Uit boeke wat Manganyi geskryf het - *Being Black in the World* en *Through the Key-hole*, wat handel oor die lewe van die skrywer Ezekiel Mphahlele - blyk dit dat die rektor 'n Black Consciousness-man is. Hy keer Vrydag terug van oorsee en die Raad sal na verwagting dán vergader om te besluit wat vorentoe gaan gebeur.

Terwyl Mofokeng erken dat daar sterk politieke verskille op die kampus bestaan, ontken hy en ander (almal ANC-lede) dat dit 'n rol in die studente-optrede speel.

Mofokeng sê: "Dit is so dat die Raad aanvanklik gesê het hulle sal uittree - maar dit lyk vir ons of hulle gedwing moet word om te bedank. Dit is 'n simboliese daad om die universiteitstrukture te transformeer."

# Goldstone:

## MISVERSTAND EN MOEDSWILLIGHEID BRING VERWARRING



**'n Komedie van misverstande (en waarskynlik 'n goeie skoot moedswilligheid) het hom die laaste week rondom die *Goldstone-kommissie* afgespeel. Maar niemand het gedink dis snaaks nie - nóg die ANC en Inkatha wat deur die media as die "primêre" oorsaak van die geweld uitgebeeld is, nóg regter Goldstone, nóg die ministerie van Justisie. CHRISTELLE TERREBLANCHE probeer dié vreemde episode uitpluis**

**VERLEDE** Woensdag is die Goldstone-kommisie se tweede tussentydse verslag oor geweld en intimidasie in die parlement ter tafel gelê. Die verslag dui sowat tien oorsake vir die geweld aan wat voorlopig deur die kommissie geïdentifiseer is. Die verslag is 'n maand vroeër aan Staatspresident FW de Klerk gestuur.

Op dieselfde dag dat die verslag ter tafel gelê is, het die kommissie onwetend 'n nuusverklaring laat uitreik waarin hy verduidelik waarom die kommissie dit tyd- en geldrowend vind om verder geïsoleerde voorvalle van geweldpleging te ondersoek, soos in die geval van ses brandpunte in Natal en Transvaal die afgelope maande. In die verklaring word verduidelik dat dit reeds duidelik is dat ongeag enige getuienis wat nog mag opduik, net twee partye 'n einde kan maak aan die geweldpleging - naamlik die ANC en Inkatha.

En die dag daarna basuin die SAUK en al die dagkoerante dit uit: Daar is nie 'n Derde Mag nie! Goldstone blameer die ANC en Inkatha! En die polisie en ander amptenare stem heelhartig saam en reik verklarings uit dat die kommissie hul ou standpunt onderskryf.

En toe is dit glad nie wat regter Goldstone sê nie. Inteendeel.

Hoewel die verslag en die verklaring albei oor geweld handel, het hulle in wese niks met mekaar te doen nie. Maar die gelyktydige uitreiking van die twee aan die media word nou as die waarskynlikste rede aangegee vir die verwarring wat sedert verlede week oor die Goldstone-kommissie se vermeende bevindinge oor die geweld heers.

Lede van die parlementêre persgalery, wat die uitreiking van die twee kommissie-stukke hanteer het, sê aan VWB die ministerie van Justisie, wat die dokumente versprei het, het nie aangedui dat die twee geen verband hou met mekaar nie. Sowel die ministerie as die kommissie het intussen bevestig dat die uitreiking deur die ministerie geskied het omdat die kommissie nog nie die nodige geriewe vir media-skakeling gehad het nie. Die kommissie het hom Maandag inderhaas vir dié doel ingerig.

Wat oënskynlik gebeur het, is dat die media die verklaring beskou het as 'n opsomming van die verslag en die inhoud van die verklaring weergegee het as die Goldstone-kommissie se tussentydse bevindinge. Die verduideliking in die verklaring wat daarop wys dat Inkatha en die ANC die vernaamste rolspelers in die geweld blyk te wees, is deur sowel die geskrewe as die elektroniese media verhef tot die kommissie se uitspraak.

**DIE BOODSKAP WAT** Suid-Afrikaners deur die media gekry het, was dat die ANC en Inkatha die "primêre oorsaak" van die geweldpleging is. "Hulle is die skuldiges", het koerant-opskrifte gelui. Maar nêrens in die tussentydse verslag word die sinsnede "primêre oorsaak" gebruik nie.

*Die Burger*, Kaapse oggendblad, het byvoorbeeld geskryf dat Goldstone sou gesê het die veiligheidsmagte kan nie vir die geweld in die ondersoekte gebiede (soos in die verklaring uitgestip) verantwoordelik gehou word nie. Verskeie media-berigte het ook 'n ander verwysing in die verslag, dat daar nog geen bewyse vir 'n Derde Mag voor die kommissie gebring is nie, vertolk as sou dit beteken dat daar geen Derde Mag is nie.

Sommige van die media-berigte wys dat daar besef is dat die twee dokumente nie met mekaar verband hou nie - maar die gesamentlike uitreiking het die joernaliste klaarblyklik genoop om hulle met mekaar in verband te bring.

Die ANC het skerp gereageer op die sogenaamde Goldstone-uitsprake soos in die media weergegee. Daarna het regeringsamptenare, soos Hernus Kriel, minister van Wet en Orde, en Danie Schutte, adjunk-minister van Justisie, teenaanvalle op die ANC gedoen op grond van die "vermeende bevindinge soos in die media weergegee".

Uiteindelik het Goldstone self teruggekap in sy verdere verklaring en sy sorg uitgespreek oor die "manier waarop die kommissie se sieninge onregverdig en selektief deur openbare verteenwoordigers gebruik is, en wat al 'n paar weke in besit van die inligting is.

"Dit het tot ongelukkige verwarring gelei", sê hy. "Dit sou nie gebeur het as al die belanghebbende partye en veral die ondertekenaars van die Nasionale Vredesverdrag met die verslag van die kommissie uitgereik is voordat die regerings- en polisie-woordvoerders openbare kommentaar daarop gelewer het nie."

**IN SY VERKLARING** wys die regter daarop dat die veiligheidsmagte nie kwytgeskeld word van aandadigheid nie en dat die verslag 'n aantal oorsake aandui.

Hy sê ook dat in die eerste verklaring net na ses spesifieke gebiede verwys is waar die twee partye, die ANC en Inkatha, as primêre oorsaak van die geweld beskou kan word. Volgens hom duur die ondersoek na die beweerde Derde Mag nog voort.

"Die Kommissie het op geen manier probeer om skuld vir die geweldpleging aan enige organisasie toe te ken nie," sê hy.

Die verklaring verwys egter nie na die media se rol in die verwarring nie. Intussen het die ANC sy aanval op Goldstone teruggetrek en die vinger gewys na die "massa-media", wat twee dae lank die verslag en verklaring verwarrend vertolk het.

Die ANC het ook die regering gekritiseer oor die vertraging van 'n maand in die uitreiking van die verslag en beweer dat die regering die persverklaring "gemanipuleer" het om die aandag te laat val op "openbare kwessies wat nie in die Verslag van die Kommissie behandel word nie".

Die kommissie het intussen aan VWB bevestig dat die twee dokumente nóóit bedoel was om saam uitgereik te word nie. 'n Woordvoerder van die ministerie van Justisie, Nic Grobler, ontken dat die gelyktydige uitreiking van die twee dokumente aan kwade trou of voorbedagte rade toegeskryf kan word.

Kobie Coetsee, minister van Justisie, sê ter verduideliking van waarom die tussentydse verslag laat uitgereik is dat die besondere verslag verreikende implikasies vir sekere staatsdepartemente en die belastingbetaler inhou en dat hulle kans gegee moes word om die aanbevelings te bestudeer. Hy gee ook toe dat die ondertekenaars van die Nasionale Vredesverdrag "op die vroegs moontlike tydstip van alle relevante verslae in besit gestel behoort te word".


"Vandat my pa sy diensbelofte geteken het, vind ek en Albert dit moeilik om hier rond vuil te word."
"Mooi skoon. Dis die woorde wat jy baie hoor van die dag af toe my pa daardie belofte geteken het om sy diens aan klante beter te maak.
Ek het al gedink dis selfs skoner as by ons huis. En as jy my ma ken, sal jy weet sy's gebore met 'n skropborsel in die hand.
Selfs die voorplein is mooi skoon. Miskien is dit waarom my ma nie omgee dat ek en Albert daar gesien word nie.
Albert is my vriend. Hy's mnr. Mabuse se seun. Mnr. Mabuse is die Ultra Service Koördineerder in beheer van die voorplein.
Hy het my eendag al sy skoonmaakgeheimpies gewys. Hier's so 'n klompie daarvan."
ULTRA SERVICE
Uiteindelik kan jy iets doen om beter diens te kry.
By Shell, streef ons daarna om seker te maak alles gaan wel, waar jy ook al gaan. Een vir een ontvang ons handelaars en hul spanne op die voorplein dus 'n uitgebreide opleidingsprogram by ons Kleinhandel Diensakademie, en hulle onderneem om 'n nuwe maatstaf van puik diens aan klante te bring.
Oral waar jy hierdie nuwe Ultra Service-teken sien, kan jy seker wees dis 'n handelaar wat sy garage verbind het tot die hoë standaarde wat ons stel.
As jy om enige rede voel dat ons spesiale Ultra Service-handelaars en Shell nie hierdie belofte getrou nakom nie, kry jy by al ons Ultra Service-garages kaartjies wat jy met jou kommentaar aan Shell kan pos. En ons gee beslis aandag aan jou klagtes.
Waarom probeer jy Ultra Service nie sommer dadelik nie?
Alles wel. Op pad met Shell.



Mohammed Valli Moosa (Foto: Sylvia Moresche)

**Dié week begin 'n gereelde reeks waarin VWB se lesers nader kennis kan maak met politieke leiers wat 'n prominente rol speel in die vorming van Suid-Afrika se toekoms. In die eerste aflewering gesels HENNIE SERFONTEIN met Mohammed Valli Moosa, lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee en sekretaris van die organisasie se Onderhandelingskomitee**

# 'MENS MOET NIEMAND OP JOU KOP LAAT SIT NIE'

**MOHAMMED VALLI MOOSA**, skraal, bebril en sag van stem, lyk meer na 'n ernstige eerstejaarstudent in die natuurwetenskappe - wat hy inderdaad op 'n tyd was - as na die deurwinterde politieke aktivis met 20 jaar se ervaring in die struggle teen apartheid agter die rug.

Die 35-jarige Moosa is al vanweë sy seunsagtige voorkoms deur sommige Kodesa-gangers die Roelf Meyer van die ANC genoem.

Maar dis ook waar enige ooreenkomste eindig tussen dié twee opkomende politici, wat mekaar in Werkgroep 2 by Kodesa aandurf. Want anders as Meyer, is Valli in die tagtigerjare vier keer aangehou sonder verhoor - een keer vir 13 maande. In 1988 het hy saam met twee UDF-kollegas, Murphy Morobe en Vusi Khanyile, uit die tronk ontsnap.

Dié week praat Valli rustig oor sy wedervaringe soos hy terugkyk na die politieke opstande en verset van die jare sewentig en tagtig, waarin hy 'n belangrike rol gespeel het.

Ons sit in sy klein kantoorruimte op die 28e verdieping van Shell House, die ANC se hoofkwartier in Johannesburg. Valli is sekretaris van die ANC Onderhandelingskomitee.

Het sy politieke bewuswording begin toe hy as sewejarige saam met sy familie deur die Groepsgebiedewet van die middestad van Johannesburg verskuif is na Lenasia - 25 kilometer buite die stad?

"Nee, glad nie," sê hy met 'n glimlag. "Jy moet onthou ek het grootgeword as 'n kleuter in die middestad naby die hoek van Troye- en Markstraat. Die sement-sypaadjies was ons enigste speelplek.

"Toe ons kinders hoor ons gaan na 'n plek letterlik in die veld, met gras en bome en rou aarde, was ons trouens baie opgewonde. Net iemand wat daar gebore is, sou begryp hoe fantasties dit was om die grond te kon voel en om plante te kon sien groei. Dis maar eers later dat ons die bitterheid en woede van ons ouers kon begryp."

**MAAR** as 14-jarige hoërskoolseun het hy wel al terdeë polities ontwaak. In 1971 neem hy deel aan die optrede teen Republiekdag - die verbranding van die landsvlag en die weiering om Die Stem te sing.

Onder invloed van 'n ouer broer word hy 'n ondersteuner van die Swart Bewussynsbewegings soos die South African Students' Organisation (SASO) en die Black People's Convention (BPC).

Hy gaan onder protes na die Universiteit van Durban Westville - 'n "bush college". As deel van die "non-collaborational" strategie beperk hy hom net tot die akademie en weier deelname aan alle buitemuurse aktiwiteite wat die indruk kan wek dis 'n "normale" universiteit.

Die destydse rektor, ene prof Olivier, was 'n familielid van mevrou Verwoerd - " 'n regte fascis" - en het 'n studenteraad verbied, tensy dit totaal onder sy beheer was.

Saam met Jay Naidoo, die Cosatu-leier, het Valli deelgeneem aan die onderwys-boikotte van daardie jare. Die SASO en BPC-jare, sê hy, het 'n uiters belangrike invloed gehad op sy denke en dié van talle ander tydgenote wat vandag saam in die ANC is.

"Dit het my vir die eerste maal geleer dat 'n mens inderdaad moet opstaan vir jouself. Dit het my as individu geleer wat waardigheid werklik beteken.

"Dit het my 'n gesonde rebelsheid teen die establishment gegee wat ek vandag nog behou. Ons van die BC is vandag nie bang om binne die ANC te sê wat ons dink nie. Ons neem niks vanselfsprekend aan nie en glo ons het die reg om enigiemand en enigiets te bevraagteken."

**SY BELANGRIKE** persoonlike rol in die aanloop tot die stigting van die UDF in Augustus 1983 en in al die aksies daarna deur twee noodtoestande, verbannings, die loodsing van die MDM en die landwye Defiance Campaign van 1989, weerspieël die geskiedenis van swart verset teen apartheid die afgelope dekade.

Oor sy eie rol en die feit dat hy byna 18 maande lank ondergronds met sy werk moes voortgaan, praat hy saaklik en sonder bravade. Oor sy verskeie aanhoudings haal hy bloot die skouers op, asof dit maar net 'n alledaagse deel van sy lewe was.

"Vir my is die hoogtepunt van daardie jare die stigting van die UDF in 1983. Dis die mees inspirerende moment - want die hoogs suksesvolle veldtog teen die driekamer-parlement het vir die eerste maal aan die regering bewys dat apartheid, in watter vorm dit ook al aangebied word, nooit kan werk nie. Dit was die begin van die einde van apartheid."

Valli is huiwerig om 'n mens uit te sonder wat hom die meeste beïndruk of beïnvloed het. "Ek is nie die soort mens wat totaal beïnvloed word deur slegs een persoon nie. Ek het geen mentor nie.

"Maar Walter Sisulu is die een mens van wie ek probeer leer het. Sy lewensverhaal is 'n voorbeeld van een van die mees humanistiese mense wat ek ken. Met hom is jy altyd terdeë daarvan bewus dat hy werklik opreg betrokke is by die struggle en by die toekoms van die nasie as geheel. Hy styg bo die ANC-belange uit en kyk na die breë landsbelang. Sisulu is 'n merkwaardige mens."

VALLI is lief vir draf "as my heup nie te veel pla nie", loop en fliek. "My troeteldiere is hoenders."

Hoenders?

"Hoekom nie? Waarom het party mense honde?"

Een van die hoenders is verlede week dood. Nou het hy nog net een hennetjie oor.

Valli lees graag die werke van Marquez en VS Naipul. "Onlangs het ek begin om Nadine Gordimer se kortverhale te lees."

Hy hou van klassieke musiek - veral van Beethoven en die moderne Rus, Sjostakowitsj. Sy gunsteling jazz-komponis is die Japanner Watanabe.

# sjuut sê die kaptein

## Verlede naweek is die AWB se Wêreldkongres op Klerksdorp gehou. Die dreuning was nie te magtig nie, skryf JAN TALJAARD, MAAR TOLLA WAS DAAR OM TE TROOS

Foto's: Helène Cilliers



"Dit maak nie saak of hy mooi of lelik is nie. Solank hy net kan doodmaak."



'n Ystergardegogga maak vir baba bang

EEN van die kêrels met dié kakie-uniform en die arend van die Wenkommando op sy skouers druk 'n kasset met die ongesnyde vertellings van Tolla en 'n paar ander manne in die kar se bandspeler.

Op die agtergrond - daar in die sinksaal waar die AWB se Wêreldkongres al sedert agtuur die oggend in volle swang is - laat die standvastiges sporadiese hosanna's uit die saal opklink:

"Aaaa-Weee-Beee, Aaaa-Weee-Beee, Aaaa-Weee-Beee!"

'n Mens kan nie mooi hoor wat die sprekers sê nie want 'n Ystergarde-lid het vroeër van agter sy masker versoek dat die pers nie binne hoorafstand van die saal mag wees terwyl die kongres aan die gang is nie.

Maar 'n mens kan darem hoor as iemand 'n punt maak.

"Aaaa-Weee-Beee, Aaaa-Weee-Beee, Aaaa-Weee-Beee!"

Teen elfuur is die drie om die kar al moeg kongres gehou. Hulle wil eerder na grappies luister. Die verteller op die band is juis besig om sy Springbokspan aan te wys:

"Op agsteman, Pik Botha - want hy weet hoe om sy kop in almal se gatte te druk." En so meer. Die manne om die kar beskaterlag elke nuwe keuse, en klap met groot bruin hande op die kar se dak.

"En as losskopflank - geen ander keuse nie as Jani Allan, want

14



Zieg Heil! 'n Stormvalkpaartjie by hul ysterperd

13 sy is blitsig op die los bal."

"Ja'k," sê die baas van die kar en draai die knoppie sagter. Die ander twee grinnik skuldig. 'n Ent verder - verby die stomende kospotte waarvan die inhoud later teen 'n billike R5 per kop deur die Oos-Randse Wenkommando verkwansel sal word - sit vier ander manne.

Hulle is klaarblyklik ook nie meer lus vir die deliberasies binne die sinksaal nie - maar hulle is nog minder lus vir grappies. Die eerste teken van hul erns is die gewere wat loop-oorkuis teen mekaar leun soos in die kenteken van 'n BSA-motorfiets.

Die G3 outomatiese karabyn met die handgreep van hout is die tipe wat deur die Selous Scouts gebruik is, verduidelik die eienaar. 'n Mooi geweer, ja dankie, maar dit maak nie saak of hy mooi of lelik is nie.

"Solank hy net kan doodmaak," knip hy die gesprek kort.

**EN DAAR DOER** aan die onderpunt van die laer van karavane, tente, slaapsakke, rokende vuurtjies, AWB-vlae, Vierkleure, verbleikte Cortinas, 'n militêrgroen Mini, 1978-Mercedesse, 'n perdetrok, immer-swerwende Ystergardes en 'n BMW met sterpuntige wieldoppe, sit 'n Japanse verslag-gewerspaar en 'n Boeregesin hulle en verwonder aan mekaar.

Hulle sit op opvoustoeltjies en staar grootogig na mekaar. Die kinders skuil halfpad agter hulle ma en die fotograaf se kamera's hang vergete om sy nek terwyl hy die aangebode Boeregasvryheid van 'n worsbrood met albei hande en skitterblink tande beetpak. Die verslaggeefster lyk gefrustreer terwyl sy aantekeninge neem.

Weer terug na die omgewing van die saal waar Eugene Terre'Blanche se sonore stem deur die territoriale imperatief van die Ystergarde dra. Hy verduidelik van die Volkstrydmakelaars en die AWB se nuwe geldmaakplan:

As alle AWB-lede hulle versekering deur die Volkstrydmakelaars laat hanteer, sal dit hulle g'n sent meer kos as wat hulle reeds betaal nie - maar die kommissie wat nou elke maand in die sakke van die geldmag beland, sal dan in die AWB se koffers beland.

"En ons het die geld nodig vir die revolusie. Ons het die manne, ons het die wil, maar ons kort geld. Elke sent kan gebruik word om 'n leë patroondoppie te koop wat ons kan hervul."

(Aaaa-Weee-Beee!)

In sy openbare toespraak die vorige aand verduidelik Terre'Blanche dat die AWB nie oorlog wil hê nie, want hulle ken oorlog. AWB-lede het al oorkant die landsgrense en in die woonbuurte geveg. Maar as die Regering oorlog wil hê, sal hy dit kry.

**BUITE DIE SAAL** verklap die verslaggeefster uit Japan haar frustrasie: "I ask everyone but nobody wants to tell me how many there are!"

Selfs kaptein Freddie Harmse, leier van die nuut-ontwaakte motorfiets-eenheid van die AWB, die Stormvalke, wil nie help nie.

Vra jy hom na getalle, glimlag hy net geheimsinnig van onder sy gechroomde helmet met die Wehrmacht-stamlyn. Sjuut, sê hy dan en druk sy wysvinger op sy lippe.

So, vir die rekord:

In 'n algemene oproepinstruksie wat Terre'Blanche op 13 Mei aan elke Geagte Generaal/Hoofkommandant/Veldkornet/Korporaal gerig het, het hy beveel:

"Alle eenhede word in volle getalsterkte opgeroep. Dit is noodsaaklik dat die ystervuis van die AWB in sy volle krag tydens die parade aan ons oorsese kamerade (verteenwoordigers van 220 oorsese oganisasies is genooi en 2 is uiteindelik in die openbaar voorgestel) vertoon word. Elke lid van die kommando moet daar wees."

Op 29 Mei het die optog wat Terre'Blanche op sy perd die arena binnegelei het, uit die volgende lede in gelid bestaan:

Nege berede en 33 Ystergarde-lede te voet; 3 AWB Onderwater Duikers; 22 ruiters, waaronder vroue; 8 Witkruis-arende; 262 volwasse lede in uniform.

Nog 5 het die hekke beman, die orkes het uit 5 man bestaan, sowat 10 Ystergarde-lede het in beskermingsposisies rondom die veld gestaan, en nog sowat 20 offisiere het geloop en organiseer.

Maak maar self somme.

Maar om die AWB die voordeel van die getalletwyfel te gee: Nie almal het aan die parade deelgeneem nie. Tydens die nuuskonferensie die volgende dag het Terre'Blanche ook laat deurskemer dat die kongres hoofsaaklik deur offisiere van oral bygewoon is wat "toon dat die AWB landwyd gevestig is en 'n infrastruktuur het".

En dit is met die klaarblyklike vertroue wat dié infrastruktuur aan hom gee, dat Terre'Blanche op dieselfde konferensie belowe:

"Ons vaderland sal daar wees waar die veldslag sal wees en waarin ons sal oorwin."

Aan die einde van die gebeure skop die akteur en eregas Schalk Jacobsz buite die sinksaal vas. "Weet jy wat is geloof?" vra hy aan 'n AWB-offisier. "Geloof is as jy glo dat vyf brode en twee visse meer kan word."

# BROLLOKS&BITTERGAL

## Die Omie- en die Anti-kultuur

DIE oorlog-in-'n-teekoppie tussen die Ef Aa Kaa se patetiese maaimkonsert en die verdwaalde pseudo-hip boertjies met die vuilbekke van Houtstok (was daar al ooit 'n onoorspronkliker naam?) is gelukkig verby. Afrikaners kan darem maar 'n spektakel van hulself maak.

Brolloks self sou nie lewend by die Ef Aa Kaa gesien wou word nie. Nie dat daar nie plek is vir nie-politieke sagter-as-rock-musiek nie. Dis net die kommingeid, die koekerigheid, die Handhaaf en Bou-mentaliteit wat uit pas is met die tye waarin ons lewe. (Laurika, wat het jy daar gemáák?)

Daarenteen was Houtstok wel losser en lekkerder en meer modern en bevrydend, maar uiteindelik was daar te veel klem op opposisie tot die Ef Aa Kaa. Loskop-adolessente soos die Naaimasjiene wil graag sê hulle is bevry van die kloue van die Afrikaanse Kultuur, maar dan gaan hulle heen en definieer hulself maar weer in terme daarvan.

As die Ef Aa Kaa-maaimfees (niemand mog mos regtig sing nie, hulle mog net mime saam met bandopnames) se siekte agterlikheid is, dan is Houtstok s'n pretensie.

Te hel met die Omie-kultuur van die Ef Aa Kaa. Te hel met die adolessente Anti-omiekultuur van Houtstok.

Wanneer gaan Afrikaanssprekendes van alle kleure en geure al dié Boere-ballas (die verklarende woordeboek sê ballas is 'n "waardelose vrag" of "iets nutteloos, oortolligs") afwerp en hulself en hul taal net geniet?

## Vermetelheid

Wat is die absolute toppunt van vermetelheid? Adriaan Vlok van alle mense wat die aanval lei om Jan van Eck uit die parlement te skop.

Het die man dan g'n skaamte nie?

## Siek

En die siekste uitlating van die week? Die man van Sappi wat op TV-nuus gesê het Sappi "beskerm die omgewing" deur nou chemikalieë te voeg by die vullis wat die fabriek in Natalse riviere stort.

## Nostalgie

Tivadar Farkashazy, redakteur van die Hongaarse satiriese tydskrif *Hocipo,* sê laasweek 'n ding oor die nadele van demokrasie wat heelparty Suid-Afrikaanse struggle-junkies se nostalgie ook verwoord: "Telling a joke is more interesting when you can be put in jail for it."

## Pik is ook 'n Dakariet

Brolloks wonder of Pik Botha nie laasweek net 'n klein bietjie skuldig gevoel het toe hy in Dakar gaan besoek aflê het nie. Het hy darem onthou hoe hy en sy regering net vyf jaar gelede tekere gegaan het toe 'n ander groep Afrikaanssprekendes daar gaan kuier het?

## Vice versa

*Rapport* se plakkaat Sondag het gelees: Regering siek en sat vir ANC. Dit het Bittergal laat wonder of *Rapport* al gewonder het hoe die ANC (en 'n helse lot van die res van ons) oor die regering voel.

## Baas (afgedank)

Toe Lesotho se koning Moshoeshoe 'n tyd gelede Brittanje toe moes vlug, het hy by die paspoortbeheer by die lughawe Heathrow agter die vraag Occupation? geskryf: King (deposed).

Raai wat PW Botha op dieselfde vraag antwoord as hy deesdae reis...

## Mass action now, fly later

Moet net nooit weer sê VWB gee nie 'n volledige pakket nie. Vir dié lesers wat hulle vrekskrik vir die mass action op bladsye 7, 8 en 9 is daar 'n spesiale uithaal-bylae op bladsye 19 tot 22 met besonderhede oor hoe om goedkoop te vlieg êrens heen ver van hier.

## Paranoia

Volgens *Style magazine* is die gunsteling-grap by die *Weekly Mail* (glo VWB se "arch rival" - wat paranoia nie aan 'n mens kan doen nie!) een oor VWB se redakteur. Dit gaan so: "What is the difference between God and Max du Preez? God doesn't think he is Max du Preez."

Pleks dat die WM vir Brolloks kom vra, hy het 'n hele paar oorspronklike stink stories oor sy redakteur - en die meeste is nog waar ook.

Maar nou hoor Brolloks daar is 'n ander, ewe onoorspronklike storie wat die ronde doen: "What is the difference between the Bible and the *Weekly Mail?* The Bible is not selfrighteous and boring."



# HENNIE SERFONTEIN
## HET SY OOR OP DIE GROND

## Regering se sloerstrategie

**"DIT** is die strategie van die regering om die ANC by die onderhandelinge te betrek en om die proses dan so lank as moontlik uit te rek deurdat ooreenkomste oor belangrike sake, veral in die beginstadium, vertraag word. Só kan die ANC in 'n oorgangsregering van agt tot tien jaar gedwing word, al verwerp hulle die gedagte amptelik."

Die woorde van 'n versiende joernalis of kwaadwillige lid van die ANC wat die regering wil bykom?

Nee. Dis die woorde van 'n baie senior persoon in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling wat nou by Kodesa betrokke is. Dié uitspraak is gemaak kort voor die begin van Kodesa 1. Ses maande voordat Kodesa 2 vasgeval en 'n doodlopunt bereik het.

Kyk 'n mens nou na die gebeure voor en tydens Kodesa 2 met dié opmerking in gedagte, sien 'n mens dat alles inderdaad volgens dié uitgewerkte plan van die regering gebeur het. Só wen die NP 'n kosbare aantal maande waartydens hy sy beplande politieke veldtog onder swartmense loods - in 'n stadium dat die SAUK nog onder sy beheer is.

## Delport in sy noppies

**INTERESSANT** dat Tertius Delport, adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, tydens 'n onlangse byeenkoms van Afrikaanse sakemense in die Kaap min of meer dieselfde opmerking as bogenoemde amptenaar gemaak het.

Delport was blykbaar in sy noppies oor die manier hoe die regering daarin geslaag het om die ANC uit te oorlê en dat die regering geensins van plan was om aan die ANC se "onredelike druk" om met die instelling van 'n tussentydse regering te begin, toe te gee nie.

## Moeder van alle konfrontasies

**KYK** 'n mens na die skaakmatposisie rondom Kodesa, dan lyk dit of beide die ANC en die regering hulle met mekaar misreken het - iets wat gevaarlike gevolge vir die onderhandelingsproses kan inhou.

Enersyds het die ANC tot kort voor Kodesa nie werklik besef hoe ernstig die regering/NP is met sy strategie van vasskop en klou aan mag en om 'n tussentydse regering en grondwet vir 'n onbepaalde tyd te vestig nie.

Andersyds dink ek nie die regering het besef hoe vasbeslote die ANC is om die tussentydse regering so gou as moontlik ingestel te kry ten einde die geweld doeltreffend te bekamp nie.

Die regering het die ANC se vasbeslotenheid om tot massa-optrede oor te gaan tensy die regering voor Junie toestem tot die spoedige instelling van 'n tussentydse regering en verkiesings vir 'n grondwetgewende liggaam, onderskat.

Daarom is dit nie snaaks dat 'n mens nou uit regeringskringe allerhande oorlogspraatjies hoor nie: Die ANC gaan hom vasloop teen die "Boere". Ons sal nie 'n duim toegee nie en slegs die ANC sal daaronder ly as protesoptredes tot afdankings lei.

Daar word gesê die "Boere" maak hulle gereed vir die "moeder van alle konfrontasies".

## Amnestie nasionaal

**VOLGENS** senior MK-bronne is die ANC heeltemal bereid om amnestie aan alle lede van die weermag te verleen vir misdade wat oor die jare gepleeg is. Hulle het bevestig dat die SAW 'n dokument wat só 'n versoek rig, aan hulle oorhandig het.

Maar die SAW sal eers hul versoek beter moet motiveer en verduidelik hoekom hulle daarvoor vra, sê die ANC.

"Hulle het ons gevra om dit te doen toe ons met 'n amnestieversoek vir MK-lede gekom het," sê 'n MK-lid.

Hy sê sonder wedersydse amnestie gaan werklike vrede nooit bewerkstellig word nie. "Dan eers kan ons met die integrasie van die weermagte begin."

rubriek

# DIE TYD VIR SPELETJIES IS VERBY

## sê TIENIE DU PLESSIS in dié week se Groenpraatjies

**GLO** jy dat 'n ieder en 'n elk van die deelnemers aan Kodesa net die beste vir ons almal in 'n "nuwe" Suid-Afrika wil hê, en dat persoonlike ego's (en gesogte magsposisies) nie besluite beïnvloed nie? Glo jy dat daar BUITE Kodesa nie groepe mense êrens in kantore sit en tot laat in die nag verwarring, manipulasie en 'n geheel ander verandering beplan as dit wat die "pioniers" van Kodesa in gedagte het nie?

Dan glo jy seker dat die Aarde-beraad wat dié week in Brasilië onder beskerming van die Verenigde Volke (VVO) begin het, belangrike besluite ten opsigte van ons globale omgewing gaan neem en dat dié nuwe strategie gou-gou in dade omgeskep gaan word.

Dié spitsberaad is reeds sedert die begin van die beplanning daarvan in politiekery vasgedraai. Dié speletjies het veel meer met mag en status te doen as wat dit gaan oor ernstige besinning en werklike internasionale ekologiese samewerking.

Die per kapita verbruik van natuurlike hulpbronne deur inwoners van lande in die (hoofsaaklik) "ontwikkelde" Noorde was hoog op die agenda van die "ontwikkelende" lande van die (oorwegende) Suide. In só 'n gesprek sou 'n skuldlas en 'n monetêre "boete" dalk aan die Noorde bestel kon word. Toe Amerika kort voor die afronding van besprekingspunte alle verwysings na die verbruikspatrone van die Noorde wou skrap, het die lande van die Suide gepoog om bespreking oor die probleme rondom bevolkingsgroei te kanselleer.

**'N TENTATIEWE OOREENKOMS** is betyds bereik. Almal gaan tydens die beraad saamstem dat die druk wat die mens op die omgewing uitoefen bepaal word deur:

- die hoeveelheid mense op aarde;
- die hoeveelheid energie wat elke individu verbruik;
- en die impak van dié verbruik op die omgewing.

Verder as dit, sal daar nie juis in Rio gekom word nie. En die belang wat wêreld-bevolkingsgroei vir ons omgewing inhou, gaan, weer eens, soos die ander belangrike deel van die probleem - die verbruik van hulpbronne - met die uitreik van 'n afgewaterde standpunt of twee besweer word. Praktiese optrede? Moenie te veel verwag nie.

Almal stem reeds geruime tyd saam oor die oorsake vir die agteruitgang van die omgewing. Maar wanneer daar sprake van aksie is, tree die meeste wêreldleiers terug en ingrypende en regstreekse optrede is nog net in enkele gevalle gesien.

George Bush het byvoorbaat gesê dat hy (met betrekking tot die spitsberaad) geen besluite gaan neem wat 'n onmiddellike negatiewe invloed op die Amerikaanse ekonomie sal toon nie.

Met ander woorde: julle kry te veel kinders en ons "oorverbruik" die hulpbronne van die aarde (dit klink blykbaar vir Bush na die "balans" waaroor soveel omgewingskundiges dit altyd het). Indien die ontwikkelende lande van die wêreld dieselfde lewenstandaard as die lande van die Noorde wil bereik, sal hulle noodwendig dieselfde mate van "oorverbruik" moet behaal. Dit is sekerlik al wat nodig is om die drakrag van die aarde finaal te oorskry.

**KLINK DIT NIE** asof hier 'n nuwe opsomming en uitweg gesoek moet word nie? Dit is duidelik dat die probleme van verbruik, armoede en bevolkingsgroei nie van mekaar geskei kan word nie:

- Hoewel mense in hoë-inkomste groepe (en lande) 'n buitensporige hoeveelheid hulpbronne verbruik en vermors, is dit onrealisties om te verwag dat hulle uit vrye wil hul lewenstandaarde (lees: verbruik) ingrypend sal verlaag.
- Arm mense verbruik wel minder as hulle deel van die aarde se hulpbronne, maar hulle sien die luukse lewe van hul medemens raak en aanvaar nie meer die ongelykheid as 'n natuurlike orde nie. Indien hulle (soos hulle ryk familie) toegang kon kry tot tegnologie, finansies en die wêreldmark, sou hulle graag net soveel wou verbruik en vermors.
- Die wêreldbevolking neem vinniger toe as wat die aarde uiteindelik kan dra - veral in lande waar armoede, gebrek aan opvoeding en gesondheidsdienste, maar ook waar onderdrukking en die afwesigheid van geleenthede vir vroue wat hul vrugbaarheid wil beperk, met die kerk en tradisie saamwerk om geboortesyfers hoog te hou.
- Die drakrag van ons planeet kan deur tegnologie verhoog word. Dit sal geskied ten koste van sowel die hulpbronne in die omgewing as biologiese diversiteit. Dié verhoging sal nie onbeperk voortgesit kan word nie - moenie dat jou ryk tegniese vriend jou van iets anders probeer oortuig nie - die ingryping van tegnologie is beperk tot die omgewing se kapasiteit om afval te verwerk en die (self-)herstel van natuurlike sisteme.

**'N NUWE BENADERING** vanuit 'n tegnologiese perspektief het reeds 'n mate van sukses behaal. Tussen 1970 en 1986 het die per kapita verbruik van energie met 12 persent in die VSA, 10 persent in die Verenigde Koninkryk, 15 persent in Denemarke en 33 persent in Luxemburg gedaal. Dié verbeterings het gevolg op die toepassing van omgewingsvriendelike tegnologie en verbruikersprodukte. Die ekonomiese implikasies van hersirkulasie en verbruik van papier, glas, plastiek en ander stowwe het ook nie ongesiens verby die oë van die vervaardigers en hulle bankiers geglip nie. In die betrokke lande kan massiewe openbare reklame die gedagte dat 'n "groener" omgewing nie noodwendig 'n drastiese verlaging van lewenstandaarde beteken nie, versterk en in die toekoms verdere besparing van hulpbronne en dus 'n blaaskans vir die omgewing skep.

Die beperking van bevolkingsgroei in lae-inkomste lande het ook 'n mate van sukses getoon. Die afgelope 20 jaar het die gemiddelde aantal kinders per vrou in 15 van dié lande met 40 tot 48 persent gedaal. China, Singapoer en Thailand het hulle geboortesyfer met meer as 50 persent laat daal. Wêreldwye uitgawe ter wille van gesinsbeplanning behoort nogtans verdubbel te word na R28 biljoen per jaar - ondervinding uit 83 lande het getoon dat 'n toename van 15 persent in die beskikbaarheid van geboortebeperkingmiddels 'n daling in vrugbaarheid van tot bykans een kind per vrou tot gevolg het. Die bevolking van die wêreld het nietemin van 2,5 biljoen mense in 1950 tot 5 biljoen mense in 1987 gegroei!

**MENSE SAL DIE GROOTTE** van gesinne beperk indien dit ekonomiese en sosiale sin maak. Die gelykstelling van die vrou met die man in terme van status en rolverdeling in die gemeenskap is 'n verandering wat gou 'n daling in geboortesyfers behoort te toon.

Maar by herhaling: 'n Program wat die oorverbruik van hulpbronne, die stryd teen armoede en die stabilisering van bevolkingsgroei nie as 'n gemeenskaplike en dringende probleem aanpak nie, moet nie steun van gewone mense verwag nie. Die Noorde het 'n verpligting teenoor die Suide en andersom. Daar is nie meer tyd vir speletjies nie.

Statistiek uit: CARING FOR THE EARTH: A Strategy for Sustainable Living; IUCN, UNEP, WWF, Gland, Switserland, 1991.

GAY ASTRO MATCH

VIND JOU LIEFLING STER

Maak seker van onseker afsprake! Met Gay-Astro-Match, is jou sielsgenoot dalk net 'n oproep ver. Ervaar die vertroue en veiligheid van volmaakte karakteraanpasbaarheid. Die tydbeproefde kunde van die Astrologie (nie net jou sontekens nie) is die beste manier om aanpasbaarheid te verseker. Gay-Astro-Match bied jou 'n lys van gepaste nuwe maats asook 'n gratis 40-50 bladsy gedrukte studie van jou persoonlike geboortekaart wat al jou astrologiese data bevat.

MANS Skakel 087-30-00-810
DAMES Skakel 087-30-00-811

BEHOU DIE SPRANKEL IN JOU VERHOUDING

Al is julle verhouding langdurig of pas aangeknoop, sal ons spesiale Astrologiese Aanpasbaarheidlyn julle 'n diepgaande 20-bladsy gedrukte analise van die verhouding gee, wat kosbare insig bied in die geheimenisse van liefde en vriendskap.

MINNAARS Skakel 087-30-00-809
VRIENDE EN KOLLEGA'S Skakel 087-30-00-815

ONTDEK JOU EIE MENSWEES

Verseker dat jy altyd op die regte oomblik op die regte plek is: Met behulp van die omvattende 40-50 bladsy uitleg wat jy gaan kry, sal jy buitengewone insig kry in dit wat jy ervaar en wat die toekoms vir jou injou in die maande wat voorlê. Skakel nou en kry beheer oor jou lewe!

087-30-00-814

PHONE MEDIA 402-1580

Column G3 15 0010



Die ANC se Beleidsriglyne vir 'n Demokratiese Suid-Afrika - 'n dokument van 86 bladsye - is verlede naweek ná 'n vierdaagse nasionale konferensie van 800 afgevaardigdes van oral in Suid-Afrika aanvaar. HENNIE SERFONTEIN het dié kort samevatting voorberei

# SÓ LYK DIE ANC SE demokratiese suid-afrika

SOEWEREINITEIT is gevestig in die mense van Suid-Afrika wat deur gereelde vrye en billike verkiesings hul verteenwoordigers kies.

Alle Suid-Afrikaanse burgers van 18 jaar en ouer woonagtig binne die grense van die land is stemgeregtig. Daar sal 'n algemene kieserslys wees en elke stem het 'n gelyke waarde.

Verteenwoordigers sal deur 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging gekies word. Kiesers stem vir party-lyste met die name van kandidate, en partye moet meer as 'n bepaalde minimum-vereiste behaal om op parlementêre setels aanspraak te kan maak.

Ten einde te verseker dat streeks- en plaaslike belange behoorlik verteenwoordig is, is daar 'n enkele stem wat gelykwaardig tussen 'n nasionale en streek-partylys verdeel word. Dit wil sê 50 persent van die lede word op 'n nasionale en die ander 50 persent op 'n streeklys gekies.

## REGERINGSTRUKTURE

SA sal 'n eenheidstaat wees met regering op plaaslike, streeks- en nasionale vlakke. Die parlement sal bestaan uit 'n Nasionale Vergadering (NV) en 'n Senaat.

Die NV word volgens universele stemreg op 'n gemeenskaplike kieserslys op die basis van proporsionele verteenwoordiging gekies. Dit beheer die begroting en is verantwoordelik vir wetgewing.

Die Senaat verteenwoordig die streke. Dit word regstreeks gekies en het die magte om wetgewing te hersien, terug te verwys of te vertraag.

Die parlement bepaal die bevoegdhede van die streke. Die magte van sowel die streeks- as die plaaslike owerhede moet met die magte van die sentrale regering geharmoniseer word.

In geval van 'n konflik geld die Grondwet en nasionale wetgewing.

Streekregerings moet binne die raamwerk van nasionale beleid fuksioneer. Dit moet dus nie nasionale beleid soos vervat in wetgewing teengaan nie, maar moet help om die beleid te vorm en meganismes te skep om dit toe te pas.

Die instelling van die tradisionele kapteinskap en leiers word erken. Maar die gesag van hoofmanne is altyd onderhewig aan die Grondwet en wetgewing. 'n Gepaste struktuur vir tradisionele leiers sal deur wetgewing geskep word. So kan hulle die parlement oor sake soos gewoontereg en die bevoegdhede van die tradisionele leiers adviseer.

## DIE UITVOERENDE GESAG

Die staatshoof is 'n president met seremoniële en uitvoerende bevoegdhede. Hy word deur die NV gekies. Hy of sy sal vir 'n vaste termyn gekies word en mag slegs een keer vir herverkiesing beskikbaar wees.

Die president sal 'n kabinet aanstel deur hom/haar beheer. Dit word gedoen deur 'n eerste minister wat regstreeks aan die president en aan die NV aanspreeklik is.

## HANDVES VIR MENSEREGTE

'n Handves vir Mensregte neem 'n sentrale plek in die Grondwet in en waarborg sekere basiese regte en vryhede soos dit universeel aanvaar word. Geen toekomstige regering kan dit wegneem nie, tensy met 'n spesiale meerderheid.

Die Handves waarborg dat Suid-Afrika 'n veelparty-demokrasie is waar mense die reg geniet van vrye assosiasie, spraak en byeenkoms en die reg om die regering te verander.

Die handves word deur die howe afgedwing. Daar sal 'n spesiale Grondwetlike Hof wees met die taak om die fundamentele regte van die burgers teen die staat of enige individu te beskerm.

Die handves waarborg taal- en kultuurregte, godsdiensvryheid en die regte van mense in alle sfere soos behuising, onderwys en werk.

Die doodstraf word afgeskaf.

Die regte van werkers tot vakbonde en stakings word in die handves beskerm en deur 'n spesiale Werkershandves versterk.

Spesiale aandag word daaraan gegee om vroue se regsposisie in die samelewing en in die familie en die huwelik te verbeter sodat mans en vroue gelyke regte het.

'n Nuwe stelsel van regverdige en geborge eiendomsreg wat die hele bevolking as legitiem sal aanvaar, moet geskep word.

Eiendom kan slegs onteien word kragtens wetgewing en in die openbare belang. Maar dit sal onderhewig wees aan "regverdige vergoeding", wat bepaal sal word deur 'n billike balans tussen die openbare belang en die belange van die geaffekteerde, en nie alleenlik op

18

17 die markwaarde van die eiendom sal berus nie.

Die Handves sal die beginsels en prosedures neerlê waarvolgens grondregte van diegene wat dit deur apartheid ontneem was, herstel word.

Die reg van alle persone tot basiese onderwys, gesondheids- en welsynsdienste word bevestig.

Pensioene word onmiddellik gelykwaardig ongeag ras en geslag, terwyl toekomstige regerings programme moet loods om toe te sien dat alle huishoudings toegang het tot water, elektrisiteit en afvalverwydering.

**REGSTELLENDE AKSIES (Affirmative action)**

Dit is een van die hoekstene van die ANC-beleid wat op alle aspekte van die samelewing van toepassing is. Dit behels spesiale stappe om mense teen wie in die verlede gediskrimineer is, toegang tot sektore te verleen waarvan hulle voorheen uitgesluit was. Die versekering word egter gegee dat dit op 'n beheerde, progressiewe en billike wyse gehanteer sal word en dat arbitrasie nooit uitgesluit sal word nie.

**NOODTOESTAND**

Daar word vir 'n noodtoestand voorsiening gemaak, maar dit sal onderhewig wees aan streng parlementêre kontrole en ooreenkomstig internasionaal aanvaarde standaarde ook aan die howe.

**PLAASLIKE BESTUUR**

Die herstrukturering van plaaslike regering is 'n hoë prioriteit. Maar weens ongelykhede tussen streke, "is 'n sterk sentrale regering nodig om die erfenis van apartheid aan te spreek en om meer gebalanseerde vorme van plaaslike ontwikkeling te verseker."

Die klem val op sterk plaaslike regering, die rol wat dit moet speel om 'n demokrasie in 'n toekomstige Suid-Afrika te vestig en om regering nader aan die gewone mense te bring.

Alle plaaslike regeringstelsels gebaseer op ras sal afgeskaf word. Daarom moet die gefragmenteerde aard van dorpe en stede aangespreek word. Elke stad en dorp sal in 'n enkele munisipaliteit met een nie-rassige kieserslys en een belastingbasis verenig.

Klein dorpies, kommersiële boerderygebiede en plattelandse dorpe sal saamgebring word onder plattelandse distriksrade.

Vroue moet aktief in die besluitnemings- en administratiewe strukture van plaaslike en streeksregering betrek word.

Die sentrale regering moet 'n sleutelrol speel om die ernstige wanbalans in bronne en dienste wat daar tussen stedelike en plattelandse gebiede en streke bestaan, reg te stel.

Die ANC is gekant teen die privatisering van noodsaaklike munisipale dienste.

Die grense van plaaslike owerhede sal op 'n funksionele wyse oorgetrek word om die industriële gebiede, tuisland- en pendelaarvoorstede te inkorporeer. Waar die pendelaarvoorstad ver van die stad af is, kan 'n tweevlak-stelsel oorweeg word.

Die bestaande stelsel van finansiering, "waar van die armste gebiede verwag word om vir al hul dienste te betaal terwyl die ryk gebiede die las met die sakewêreld deel", sal afgeskaf word.

Die ANC glo stedelike vraagstukke soos ongelykhede in diensteverskaffing, die behuisingskrisis en vinnige groei moet op metropolitaanse eerder as streeksvlak aangespreek word.

# Herverdeel en herstruktureer

## 'N NUWE EKONOMIE VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

**DIE** sentrale oogmerk van die ANC se ekonomiese beleid is om 'n sterk, dinamiese ekonomie te skep wat daarop gemik is om ongelykhede uit te skakel, produktiewe werkgeleenthede te skep en om groei en ontwikkeling te inisieer.

'n Nasionale ekonomiese strategie met twee komponente word voorgestel:

* 'n Herverdelingsprogram om in die basiese behoeftes van die mense - soos bekostigbare behuising en infrastrukture - te voorsien.
* Die herstrukturering van die ekonomie op die grondslag van 'n nuwe samevattende en volgehoue groei- en ontwikkelingstrategie in alle sektore van die samelewing.

'n ANC-regering sal klem lê op die makro-ekonomiese balans, insluitende prysstabiliteit en betalingsbalans-ekwilibrium.

'n Dinamiese private sektor word beplan. Kleinsake-ondernemings wat bydra tot werkverskaffing sal aangemoedig word en spesiale aandag sal aan die informele sektor gegee word.

Die beleidsdokument maak dit egter duidelik dat die staat op 'n buigsame wyse op die ekonomie moet reageer. Die wyse waarop die staat by die ekonomiese aktiwiteite betrokke raak, is nie die belangrikste aspek nie, maar wel of dié optredes die groot ongelykheid in die land en die materiële ontberings van die meerderheid sal verlig, en of dit ekonomiese groei en mededinging sal stimuleer.

Die beleidsdokument stel 'n gemengde ekonomie voor wat daarop gemik sal wees om die openbare sektor te rekonstrueer en om nasionale doelwitte te bereik. Daarom sal die staat dit oorweeg om die openbare sektor in strategiese gebiede te vergroot deur byvoorbeeld nasionalisering, die koop van aandele in maatskappye, die skep van nuwe openbare korporasies of gesamentlike ondernemings met die private sektor. Die openbare sektor sal op sekere gebiede verklein word om doeltreffendheid te verhoog en regstellende aksie te bevorder.

**DIE ANC SE** ekonomiese beleid is gekant teen trusts, monopolieë en samesmeltings. Dis in ooreenstemming met internasionale norme en praktyke om monopolieë - in Suid-Afrika se geval die oorheersing van die ekonomie deur 'n minderheid binne die blanke minderheid - te beperk en om groter doeltreffendheid in die private sektor te bevorder.

Wat sy fiskale en monetêre beleid betref, sal die ANC regeringsuitgawes op behuising, infrastrukture, onderwys, gesondheid en sosiale welsyn in 'n ander rigting stuur om gelykheid vir alle Suid-Afrikaners, veral die landelike swartmense, te verseker. Daarom sal die ANC die fiskale, monetêre en wisselkoersbeleid so koördineer om 'n stabiele makro-ekonomiese raamwerk te voorsien en om groei vol te hou.

Die ANC sal openheid en verantwoording in die fiskale beheer aanmoedig. Die begroting skakel in by 'n oorhoofse ontwikkelingsplan, en is gegrond op konsultasie met alle belangegroepe.

'n Progressiewe belastingstelsel word in die vooruitsig gestel - indirekte belasting op basiese voedselsoorte, gesondheid en basiese huishoudelike dienste sal afgeskaf word.

Die belangrikste wyse om buitelandse belegging te bevorder, is om 'n klimaat van politieke stabiliteit, ekonomiese groei en 'n ope, konsekwente ekonomiese beleid te skep, volgens die beleidsdokument. Buitelandse beleggers sal op dieselfde wyse as binnelandse beleggers behandel word en aan die plaaslike wette onderhewig wees. In sekere gevalle sal daar 'n beperking op binnelandse lenings vir buitelandse beleggers wees en op buitelandse eienaars op sekere strategiese gebiede.

### GROND:

**DIE HERSTEL** en herverdeling van die grond wat in die verlede uit die swartmense se besit geneem is, is 'n belangrike aspek van die ANC se beleid. Die ANC waarsku egter dat die noodsaaklikheid om voedselvoorrade te handhaaf, in aanmerking geneem moet word by die herverdeling van die grond en daar moet toegesien word dat herverdeelde grond produktief gebruik word.

'n Beperking sal geplaas word op die aantal plase wat besit mag word. Die grond wat wat vir herverdeling beskikbaar gestel sal word, is spekulasiegrond, onderbenutte grond en plase met 'n groot skuldlas.

Die landbousektor moet volgens die beleidsdokument herstruktureer word. Daar is grootskaalse wanverdeling van grond in die guns van blanke boere, met 'n skuld van R18 biljoen. Slegs 30 persent van die boere voorsien 80 persent van die bemarkte landbouprodukte. Daarom moet die landbousektor hervorm word om weg te beweeg van een-oes-boerderypraktyke.

Die ANC sê nie-rassige, nie-seksistiese landbouverenigings sal aangemoedig word, terwyl spesiale voorsiening gemaak sal word om die regte van plaaswerkers te beskerm.

### BEHUISING:

**DAAR SAL** 'n enkele nasionale behuisingsbeleid wees aangesien behuising 'n reg is. Die oogmerk is om aan alle burgers basiese dienste soos water, elektrisiteit en sanitasie te verskaf. Hoewel 'n doelwit, kan dit nie op korttermyn verwesenlik word nie.

### SOSIALE WELSYN:

**PENSIOENE** sal gelykwaardig vir almal wees. Spesiale voorsiening sal gemaak word vir diegene wat vir nasionale bevryding geveg het - op dieselfde wyse as wat daar in die verlede gesorg is vir diegene wat in die gewapende magte geveg het.

### ONDERWYS:

**DAAR SAL** 'n minimum van 10 jaar se vrye, gelykwaardige, verpligte onderwys onder 'n verenigde onderwysstelsel wees. Onderwys sal in die moedertaal gegee word met toegang aan alle skoliere tot ten minste 'n streek-lingua franca en Engels.

# (DIE WÊRELD AAN JOU VOETE)

## VWB se spesiale uithaalgids tot die goedkoopste vliegkaartjies in die land.

# daar gaat jy!

Saamgestel deur ESMA ANDERSON

SO jy wil graag die wêreld sien? Dan's dit nou die tyd om te gaan. Of jy nou soos Phineas Fogg in tagtig dae om die wêreld wil reis, of 'n meer beskeie reis na Europa, Amerika, Australië of die Ooste wil onderneem, maak nie saak nie: daar was lanklaas soveel goeie reisgeleenthede soos juis nou - en veral vir Suid-Afrikaners.

**DIE** lugweë word vryer, prysbeheer minder streng en dit lyk of die hele wêreld oor hulle voete val om Suid-Afrikaanse toeriste te lok as 'n mens kyk na al die spesiale aanbiedings van die groot lugrederye.

Terwyl pryse deesdae vinniger styg as wat ons kan byhou, is daar een ligpuntjie: vliegtuigkaartjies word al hoe goedkoper - of so verseker die meeste lugrederye en reisagentskappe 'n mens.

Maar hoe 'n groot hap sál 'n blaaskans anderkant die horison uit jou sak neem?

Dit hang af van die soort vakansie wat jy in gedagte het. Wil jy Europa binne 'n maand sien? (UTA het nou 'n baie goedkoop aanbod wat die grootste deel van Europa insluit vir net R2 750.) Sien jy kans vir 'n pakket-toer? (Sommige van die reisagentskappe bied pakkette aan na veral die Ooste teen minder as wat 'n gewone retoer vliegtuigkaartjie kos.) Of wil jy net na 'n bestemming vlieg en self sien en kom klaar? (Kyk dan uit vir spesiale aanbiedinge op vlugte by veral plekke soos Just The Ticket.) Of wil jy so goedkoop moontlik reis met 'n rugsak? (Sommige rederye bied heelwat afslag op die Europese treinkaartjies aan, of verskaf gratis motors vir 'n week of meer.)

Maar watter soort vakansie jy ook al wil hê, die goue reël is, soos die advertensie sê: laat jou telefoon-vinger die voetslaanwerk doen.

**JOU TYDSBEREKENING MOET** ook goed wees - die pryse van vliegkaartjies verander soms daagliks en dis raadsaam om dalk 'n hele paar keer te probeer, of om die redery te vra om jou in te lig oor komende spesiale aanbiedinge.

Hou ook die verskillende vakansieseisoene in gedagte. Al die lugrederye en reisagentskappe bereken die verskillende tariewe en kostes op grond van dié seisoene. Hou jy jou vakansie buite seisoen, kan jy heelwat geld vir sakgeld spaar.

Die maklikste manier om jou goedkoop reisplan aan te pak, is om 'n reisagentskap te kontak. Selfs al wil jy nie 'n pakket-vakansie hê nie, kan hulle jou help met inligting oor die goedkoopste vlugte na die bestemming van jou keuse. Maar jy moet hulle presies kan sê waarheen jy wil gaan, anders kan hulle jou nie help nie.

Om 'n goedkoop reisplan uit te werk, verg harde werk en goeie beplanning. Die goedkoopste kaartjies is gewoonlik ekskursie- (vakansietarief), Pex-, Super Pex- en Apex-tariewe. Dié tariewe is gewoonlik vir retoerkaartjies. Soms is hulle selfs goedkoper as die enkelkaartjies na die verskillende bestemmings, maar gewoonlik amper die helfte van die prys van twee enkelkaartjies (dit wil sê amper die helfte van wat 'n gewone retoerkaartjie 'n mens sou gekos het as jy die prys van die enkelkaartjie eenvoudig verdubbel).



Daar is egter 'n vangplek: streng voorwaardes of reëls moet meestal nagekom word om die goedkoop tariewe te geniet. Dié voorwaardes kan van die volgende insluit: die kaartjies moet veertien tot dertig dae voor die tyd bespreek en betaal word, is nie omruilbaar, veranderbaar, kanselleerbaar of uitkeerbaar nie, en daar is 'n minimum en maksimum oorbly-tydperk aan verbonde - enigiets tussen vier dae minimum en een jaar maksimum.

As jy egter genoeg tyd het om jou reisplan haarfyn te beplan, kan dié

20

19 spesiale tariewe uiteindelik baie goedkoper uitwerk as om 'n hele rits enkelkaartjies vir jou toerplan te koop - tensy jy miskien in Europa of Amerika goedkoop kaartjies by 'n "bucket shop" kan koop.

**DIE GROOT JAMMERTE** is dat ons nie eintlik sulke "bucket shops" in Suid-Afrika het nie. Dis agentskappe wat kaartjies goedkoop opkoop en dan verkoop. Hulle bied gewoonlik die beste beskikbare pryse aan (soms ongelooflik laag). Die naaste wat ons daaraan kom, is Just The Ticket - maar hulle wil nie bekend staan as 'n bucket shop nie omdat hulle as agentskap geregistreer is en spesialiseer in afslag op internasionale lugtariewe.

In sommige gevalle kan dit die moeite werd wees om eers Europa toe te vlieg en daar by 'n bucket shop 'n kaartjie na 'n ander bestemming te koop. Die beste bucket shops is volgens gesoute reisigers in Londen en Athene. Vir goedkoop kaartjies na 'n Westerse bestemming (veral Europa en Amerika) gaan jy na die bucket shops in Londen; en as jy na 'n Oosterse of Midde-Oosterse bestemming wil reis, gaan jy na Athene se bucket shops.

**AS JY BESLUIT** het presies waarheen jy wil gaan, stel jy eers vas hoeveel direkte vlugte na dié bestemming kos. Daarna kan jy eksperimenteer met verskillende kombinasies van lugrederye en verskillende plekke om te stop en oor te klim of van vliegtuig te verander.

Die goedkoopste manier om na Moskou te vlieg, kos byvoorbeeld R6 328 as jy eers van Johannesburg na Harare vlieg (R974 retoer met SAL of Air Zimbabwe) en van Harare na Moskou (R5 354 retoer met Aeroflot).

Aeroflot bied ook 'n spesiale ekskursie-fooi aan van Harare na Moskou, Boekarest, Moskou en weer terug na Harare vir R4 572. As jy die rit tussen Johannesburg en Harare insluit, kos dit R5 546.

Dis werklik 'n winskopie - want die tarief tussen Moskou en Boekarest is normaalweg R1 407 en dit kan jou R7 735 kos as jy nie dié spesiale aanbieding gebruik nie. Jy kan dus R2 189 op dié roete spaar as jy net genoeg rondvra.

As jy in die Ooste wil rondtoer, is een van die goedkoopste maniere om met Cathay Pacific te vlieg na Hongkong, en dan van daar na verskillende bestemmings in Asië. Jy kan vlugte afsonderlik bespreek, of van die "round-trip" aanbiedings gebruik maak. Die groter rederye se pryse is dikwels goedkoper as sommige van die kleiner rederye s'n.

**STEL BY DIE** rederye vas presies wat alles ingesluit word by die kaartjie. Sommige rederye bied afslag op verblyf, vervoer en toere, ander gee spesiale afslag op die bagasie-fooi, of het spesiale aanbiedings waarmee 'n gesinslid verniet of teen spesiale afslag kan vlieg.

Maar die wagwoord bly steeds: bel rond en vra uit. Jy kan byvoorbeeld normaalweg met Quantas van Johannesburg na Sydney, Australië vlieg vir R5 170 - maar vir net R383 meer kan jy met Cathay Pacific van Johannesburg na Hongkong vlieg, van daar na Sydney en dan weer terug na Hongkong en Johannesburg.

Suid-Afrikaners sal moet wag tot Oktober vanjaar om te sien of Virgin Atlantic wel vlugte tussen Johannesburg en London gaan instel. Word Virgin se aansoek goedgekeur, sê dié lugredery, kan hulle moontlik die tarief op dié roete met amper die helfte sny (40 persent). Daar is selfs gerugte dat dié vlugte minder as R2 000 kan kos. Intussen lyk dit asof Flitestar ook dié roete wil bedien. Samesprekings met Suid-Afrikaanse en Britse lugweë-owerhede gaan waarskynlik binnekort begin.

# Binnelandse vlugte:
# HIER IS JOU OPSIES

**DIE** Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) is nie meer die enigste lugredery wat binnelandse vlugte aanbied nie en kompetisie het die pryse mededingend en taamlik laag gehou.

Maar rondbel bly maar die wagwoord as jy 'n kaartjie bespreek. Al is daar nie 'n magdom lugrederye wat binnelandse vlugte aanbied nie, is dit gewis die moeite werd om alle beskikbare opsies in oënskou te neem.

Vra veral uit oor spesiale aanbiedings, afslag- en spesiale koerse op retoerkaartjies.

Sommige kaartjies of afslagkoerse is onderhewig aan beperkings - maak dus seker dat jy die voorwaardes goed verstaan, anders kan jy 'n lelike boete op die lyf loop.

Die kaartjies met afslagkoerse is minder buigsaam en moet gewoonlik sewe tot veertien dae vooruit bespreek én betaal word, is nie uitkeerbaar nie en 'n boete word gehef op kansellasies.

**VAN DIE SPESIALE** afslagkoerse is: 'n afslagkoers vir nagvlugte (40 persent Flitestar en SAL), eggenote (25 persent FS, 20 persent SAL), buite spitstyd-vlugte (veral besigheidsklas - 15 persent FS), pensioentrekkers (40 persent Comair, 30 persent FS en SAL), sportlui (25 persent FS, 10 persent SAL), kinders onder twee (90 persent by FS, SAL en Comair), kinders onder twaalf (80 persent SAL, 50 persent FS en Comair), mense onder 25 (40 persent Comair, 25 persent FS en SAL), dienspligtiges (50 persent Comair, 30 persent FS en SAL), naweek-retoervlugte (25 persent FS, 20 persent SAL), "Standby"-koerse (40 persent Comair, 10 persent SAL) en 'n spesiale koers vir mense wat beplan om tussen 7 en 30 dae te vertoef (Starpex - 25 persent FS).

SAL het ook intussen 'n spesiale afslagkoers van 25 persent vir binnelandse vlugte, Sky-Pex, ingestel wat net op sekere SAL-vlugte beskikbaar is. (Dit behels vlugte waarop daar gewoonlik heelparty leë sitplekke is.)

## Die beste pryse vir enkelkaartjies van Johannesburg na Kaapstad (en omgekeerd) is:

**R255 met Flitestar se Ekonomiese Klas Nagtarief**
**R258 met SAL se Nagvlug-tarief**
**R322 met SAL se Sky-Pex-tarief**
**R426 met Flitestar se Ekonomiese Klas**
**R430 met SAL se Ekonomiese Klas**

## Johannesburg na Durban:

**R171 met SAL se Sky-Pex tarief**
**R227 met Flitestar se Ekonomiese Klas**
**R229 met SAL se Ekonomiese Klas**

## Johannesburg na Port Elizabeth:

**R271 met SAL se Sky-Pex-tarief**
**R287 met Flitestar se Ekonomiese Klas**
**R362 met SAL se Ekonomiese Klas**

**DIE ANDER** roetes is moeiliker om te vergelyk omdat die drie rederye nie almal dieselfde bestemmings bedien nie. Comair en Flitestar bied ook vlugte aan na en van kleiner bestemmings soos Alexanderbaai (FS), George (FS), Walvisbaai (FS), Margate (Comair - R416 retoer met 'n ekskursiefooi), Mkuze (Comair - R300 enkel ekonomiese klas), Phalaborwa (Comair - R306), Richardsbaai (Comair - R352 retoer met ekskursiefooi), Skukuza (Comair - R365 enkel ekonomiese klas) en Manzini, Swaziland (Comair - R341 ekskursietarief, retoer).

Comair vlieg ongelukkig ook net vlugte na en van Johannesburg en nie tussen die verskillende ander sentra wat hulle bedien nie.

Binnekort gaan 'n nuwe binnelandse redery, Bass Airlines, hoofsaaklik vlugte van Durban na ander sentra aanbied. Die eerste roete wat beoog word, is tussen Durban en Midrand.



## Kry meer inligting oor tariewe by een van dié rederye of agentskappe:

| | |
|---|---|
| Aeroflot | (061) 22-9266 |
| Air UK | (011) 787-1045 |
| British Airways | (011) 331-0011 |
| Cathay Pacific | (011) 883-9296 |
| Comair | (011) 973-2911 |
| Flitestar | (011) 333-8724 |
| Just The Ticket | (011) 883-3755 |
| KLM | (011) 643-6671 |
| Lufthansa | (011) 484-4722 |
| Luxavia | (011) 333-8724 |
| Sabena | (011) 331-8166 |
| SAL | (011) 333-6504 |
| UTA | (011) 880-8055 |
| Virgin | (011) 886-6121 |

# Hoe ver kom jou beursie?

**Hier is die beste pryse op sekere geselekteerde roetes wat VWB kon bekom. Tensy anders vermeld, is die pryse wat hier verstrek word vir retoerkaartjies buite seisoen**



## JOHANNESBURG NA ANDER DELE VAN AFRIKA:

| | |
|---|---|
| Blantyre | R1 270 (Air Malawi) |
| Gaborone | R 369 enkel en R738 retoer (Comair) |
| Gaborone | R 516 (Air Botswana) |
| Harare | R 974 (Air Zimbabwe en SAL) |
| Lilongwe | R1 155 (Air Malawi) |
| Madagaskar | R1 687 (Air Madagaskar - buite seisoen) |
| Madagaskar | R1 850 (Air Madagaskar - binne seisoen) |
| Manzini | R 241 enkel en R341 retoer eksursie-tarief (Comair) |
| Mauritius | R1 565 (SAL) |
| Mauritius | R1 628 (Air Mauritius buite seisoen) |
| Mauritius | R2 090 (Air Mauritius binne seisoen) |
| Nairobi | R1 629 (SAL en Air Kenya) |
| Seychelles | R2 314 (Air Seychelles) |
| Windhoek | R 524 enkel en R 1 048 retoer (Air Namibia) |

## JOHANNESBURG NA AUSTRALIë EN NIEU-SEELAND:

| | |
|---|---|
| Adelaide | R4 790 (Associated Tour Operators) |
| Auckland | R5 190 (ATO) |
| Brisbane | R4 790 (ATO) |
| Melbourne | R4 790 (ATO) |
| Perth | R4 190 (ATO) |
| Perth | R4 510 (Quantas) |
| Sydney | R4 790 (ATO) |
| Sydney/Melbourne/Brisbane/Adelaide | R5 170 (Quantas) |

## JOHANNESBURG NA EUROPA:

| | |
|---|---|
| Amsterdam | R2 650 (KLM Superpex) |
| Athene | R3 076 (Olympic) |
| Brussels | R2 700 (Sabena buite seisoen) |
| Brussels | R2 980 (Sabena skouerseisoen) |
| Brussels | R3 390 (Sabena binne seisoen) |
| Frankfort | R2 445 (Just The Ticket - JTT) |
| Frankfort | R2 599 (Lufthansa, SAL & Global Travel) |
| Frankfort | R3 040 (SAL Superpex) |
| Lissabon | R2 640 (SAL Superpex) |
| Lissabon | R3 303 (Air Portugal buite seisoen) |
| Lissabon | R3 535 (Air Portugal skouerseisoen) |
| Lissabon | R4 084 (Air Portugal binne seisoen) |
| Londen | R2 499 (Just The Ticket) |
| Londen | R2 499 (Air Namibia) |
| Londen | R3 140 (SAL Superpex) |
| Luxemburg | R2 470 (Luxavia Lux-Saver) |
| Luxemburg | R2 700 (Luxavia buite seisoen) |
| Luxemburg | R2 980 (Luxavia skouerseisoen) |
| Luxemburg | R3 390 (Luxavia binne seisoen) |
| Milaan | R2 690 (SAL) |
| Rome | R2 399 (JTT) |
| Tel Aviv | R2 620 (El Al) |
| Wenen | R2 844 (Sabena) |

## SPESIALE RETOERROETES EN KOMBINASIE-VLUGTE VANAF JOHANNESBURG:

| | |
|---|---|
| * Parys, Londen, Frankfort, Amsterdam, Rome, Milaan, Wenen, Brussels, Zürich, Genève, Luxemburg, Madrid, Parys | R2 750 (UTA - slegs in Junie) |
| * Amsterdam, Hongkong | R6 000 (KLM & Cathay Pacific) |
| * Amsterdam, Taipei | R6 200 (KLM & China Airlines) |
| * Amsterdam, Singapoer | R6 000 (KLM & Singapoer Airlines) |
| * Frankfort, Londen, Frankfort | R3 162 (Global Travel Super Pex) |
| * Frankfort, Londen, Frankfort | R3 172 (Global Travel, tot einde Junie) |
| * Frankfort, Londen, Frankfort | R3 328 (Global Travel vanaf 1 Julie) |
| * Lissabon, New York, Boston | R4 090 (Air Portugal buite seisoen) |
| * Lissabon, New York, Boston | R4 699 (Air Portugal binne seisoen) |
| * Londen, Madrid, Barcelona, Parys | R2 760 (Air Porgugal buite seisoen) |
| * Londen, Madrid, Barcelona, Parys | R3 140 (Air Portugal binne seisoen) |
| * Seychelles, Parys | R4 221 (Air Seychelles) |
| * Seychelles, Rome | R4 168 (Air Seychelles) |
| * Seychelles, Frankfort | R4 221 (Air Seychelles) |
| * Seychelles, Londen | R4 226 (Air Seychelles) |

## JOHANNESBURG NA AMERIKA:

| | |
|---|---|
| New York | R2 999 (JTT) |
| New York | R3 480 (SAL Superpex) |
| New York | R4 090 (UTA 10 persent afslag hierop - R3 681 buite seisoen) |
| New York | R4 699 (UTA 10 persent afslag hierop - R4 229 binne seisoen) |
| New York | R3 600 (UTA 20 persent afslag hierop - R2 880 buite seisoen) |
| New York | R3 960 (UTA 20 persent afslag hierop - R3 222 binne seisoen) |

## JOHANNESBURG NA SUID-AMERIKA:

| | |
|---|---|
| Rio de Janeiro | R3 646 (SAL Pex) |

22

## JOHANNESBURG NA DIE OOSTE:

| | |
|---|---|
| Hongkong | R3 734 (Cathay Pacific) |
| Hongkong | R3 734 (SAL) |
| Singapoer | R9 838 (Air Seychelles, stop oor in Seychelles) |

## SPESIALE RETOERROETES VANAF JOHANNESBURG:

| | |
|---|---|
| Hongkong, Bangkok, Singapoer, Hongkong | R4 687 (Cathay Pacific) |
| Hongkong, Tokio, Hongkong | R4 905 (Cathay Pacific) |

**Met dié spesiale aanbod van KLM en Air UK, kan jy vir R2 650 van Johannesburg na Amsterdam vlieg, en van daar na enige van die volgende bestemmings in Engeland met Air UK: (pryse is vir retoerkaartjies, tensy anders aangedui):**

| | |
|---|---|
| Amsterdam - Aberdeen (of andersom) | R827 |
| Amsterdam - Edinburg | R827 |
| Amsterdam - Glasgow | R827 |
| Amsterdam - Londen | R620 (R558 Super Pex) |
| Amsterdam - Humberside | R723 (R646 Super Pex) |
| Amsterdam - Leeds Bradford | R723 (R558 Super Pex) |
| Amsterdam - Newcastle | R723 (R708 Super Pex) |
| Amsterdam - Norwich | R723 (R548 Super Pex) |
| Amsterdam - Teesside | R723 (R708 Super Pex) |

## HONGKONG NA EUROPA:

| | |
|---|---|
| Amsterdam/Parys | R1 895 (Cathay Pacific) |
| Londen | R1 829 (Cathay Pacific) |
| Zürich/Rome | R1 895 (Cathay Pacific) |

## HONGKONG NA DIE VSA EN KANADA:

| | |
|---|---|
| Los Angeles | R1 829 (Cathay Pacific) |
| Vancouver | R1 767 (Cathay Pacific) |

## HONGKONG NA AUSTRALIË EN NIEU-SEELAND:

| | |
|---|---|
| Auckland | R1 829 (Cathay Pacific) |
| Perth | R1 829 (Cathay Pacific) |
| Sydney/Brisbane/Malvern | R1 829 (Cathay Pacific) |

## HONGKONG NA SUID-OOS ASIË:

| | |
|---|---|
| Bangkok | R453 (Cathay Pacific) |
| Bangkok/Singapoer | R461 (Cathay Pacific) |
| Djakarta | R940 (Cathay Pacific) |
| Manila | R413 (Cathay Pacific) |
| Singapoer | R789 (Cathay Pacific) |

## HONGKONG NA NOORD-OOS ASIË:

| | |
|---|---|
| Fukuoka/Nagoya | R832 (Cathay Pacific) |
| Nagoya | R855 (Cathay Pacific) |
| Seoul | R855 (Cathay Pacific) |
| Taipei/Kaoshung | R379 (Cathay Pacific) |
| Taipei/Seoul | R832 (Cathay Pacific) |
| Taipei/Tokio/Osaka | R832 (Cathay Pacific) |
| Tokio/Osaka/Fukuoka | R379 (Cathay Pacific) |

## LONDEN NA EUROPA:

| | |
|---|---|
| Amsterdam | R495 (Air UK) |
| Brussels | R495 (Air UK) |
| Dusseldorf | R573 (Air UK) |
| Florence | R677 (Air UK) |
| Frankfort | R573 (Air UK) |
| Nice | R677 (Air UK) |
| Parys | R495 (Air UK) |
| Parys | R506 (British Airways) |
| Rome | R946 (British Airways) |

## LONDEN NA DIE OOSTE:

| | |
|---|---|
| Hongkong | R3 468 (British Airways) |
| Bombaai (Indië) | R3 618 (British Airways) |
| Djakarta | R4 373 (British Airways) |
| Tokio | R5 133 (Virgin Atlantic Airways) |

## LONDEN NA SUID-AMERIKA:

| | |
|---|---|
| Buenos Aires | R5 593 (British Airways) |

## LONDEN NA DIE VSA EN KANADA:


| | |
|---|---|
| Atlanta | R1 184 (British Airways) |
| Boston | R1 184 (Virgin) |
| Los Angeles | R1 597 (Virgin) |
| Miami | R1 442 (Virgin) |
| New York | R1 184 (British Airways) |
| New York | R1 184 (Virgin) |
| Orlando | R2 476 (Virgin) |

## LONDEN NA AUSTRALIË EN NIEU-SEELAND:

| | |
|---|---|
| Sydney | R4 445 (British Airways) |

## LISSABON NA AMERIKA:

| | |
|---|---|
| New York en Boston | R4 090 (Air Portugal - buite seisoen) |
| New York en Boston | R4 699 (Air Portugal - binne seisoen) |



IN THE LATEST EDITION OF THE NATION, THE LEADING PROGRESSIVE JOURNAL OF ANALYSIS AND OPINION IN THE US, TWO LEADING ANALYSTS TAKE A LOOK AT THE MORALS INVOLVED WHEN A BILLIONAIRE SETS OUT TO BUY THE US PRESIDENCY

# can this man BUY THE WHITE HOUSE?

## HL Hunt, the Dallas oil billionaire who was long a force in American right-wing politics, advocated, through his novel *Alpaca*, the proposition that the more money a citizen has, the more votes he should have. Now another Dallas billionaire, H Ross Perot, proposes to create an even gaudier cashocracy in which the more money you have the more of it you spend to elect yourself president, writes RONNIE DUGGER

**THE CENTRAL QUESTION** for the American presidency posed by Perot's candidacy is, should a billionaire be permitted to buy the presidency for himself? Implicitly Perot is answering, "Sure - why not?"

His personal worth, according to what long-time associates of his have told the *New York Times*, glows between $2,5 billion and $3,5 billion. Early on he said he would spend as much as $100 million of it - about $3 out of each $100 that he has - on his campaign.

Surely this illuminates for anyone to see the mother and father of campaign-finance loopholes, the compound rule that no citizen can give more than $1 000 to a candidate for federal office unless it is for his or her own campaign. Any American who has the money is perfectly free to buy the White House, four years at a time.

More than two decades ago Perot allegedly demonstrated his willingness to help buy President Nixon's re-election by offering to spend as much as $50 million on his behalf. In 1970, according to notes handwritten by Nixon's aides that were recently discovered in the National Archives by the Associated Press and other reporters, Perot promised Nixon he would give $10 million to establish a "pro-Nixon" public policy research institute. Perot did not do that. Then in 1971 Perot asked Nixon, "How could I spend $50 million for you?" Nixon suggested "the purchase of media" and Perot considered buying a Washington daily newspaper and ABC News, but once again he did not. All during this period Perot was receiving favours from the White House for his own business. Perot denies he made these offers. If he did, was that not the offer of a bribe?



Ross Perot is laughing all the way, or is he? (Pic: AP)

**OLIVER NORTH** says that Perot promised to take care of him financially after North said that Reagan had no knowledge of the Iran/Contra scandal. North believed of course that Reagan knew everything about it. North wrote in his book that Perot told him he should make a statement that "cleared" Reagan and also told North's lawyer that North should say "that the President did not know. If he (North) goes to jail, I'll take care of his family. And I'll be happy to give him a job when he gets out." Perot denied North's account, saying, "Colonel North made up this false story." North and his lawyer stick by what North wrote.

In Perot's first report in April to the Federal Elections Commission on the activities of the committee that is working to get him on the ballot, he began to demonstrate a comparable shamelessness about buying the presidency for himself. Of the start-up contributions of $457 633 to the committee to get him on the general election ballot, Perot personally had provided $409 823, nine tenths of the money. The billionaire calls for $5 contributions, as if to say, "I need your vote, not your money."

Perot's prospective candidacy appears to be appealing to, among others, progressives who are disgusted with Clinton, the system, or both: In the Texas poll in April 38 percent of Perot's support came from liberals. Yet while it is true that no one can say what the Texas billionaire actually stands for, he has conveyed enough of his strategy to sustain an early judgement that he is well to the right of both Reagan and Bush on certain major issues.

So far the main plank in the billionaire's platform is his startling proposal to deprive Congress of its first and foremost constitutional power, "to lay and collect taxes, duties, imposts and excises". In a speech to the National Press Club in March, Perot said, "You've got to take away Congress' right to raise taxes. Now there's a radical idea. You can say, 'Well that means a constitutional amendment.' Fine."

Under his plan the only way the federal government could get more tax revenue for any purpose would be to ask for it in a national referendum of the voters. Imagine the effects of thirty-second TV spots paid for by corporations and the very rich on a national referendum about whether to raise taxes. Without the power to tax, the legislative branch would be stripped down to just one major affirmative function, spending - and President Perot would want the power to veto any appropriation.

**HE HAS A FEW** ideas that could be described, approximately, as populist: that elections should be held on Saturdays and Sundays, not Tuesdays, so working people could vote more easily; that officeholders' privileges should be reduced - for example Air Force One should be replaced with a small executive jet; that former government officials should be prohibited from "cashing in" by leaving public service to lobby for foreign governments; that the proposed US-Mexico freetrade agreement, which Bush is touting like Crackerjacks, should be rejected or modified so that it will not transfer good blue-collar jobs from the United States into Mexico.

But all of Perot's businesses have been non-union, and his codification of the rules for one of them prevented unions. In Texas he lobbied for a law that would increase the power of the state police to bug and wiretap, provoking the executive director of the Texas Civil Liberties Union, John Duncan, to exclaim

24

that Perot and his ally on the legislation, the Republican governor at the time, Bill Clements, were "behaving like advance men for the police state".

In 1988 Perot was reported in his hometown press to be advocating a house-to-house, door-to-door police search of South Dallas, where low-income and minority citizens live, to "vacuum it up" by seizing guns and drugs. He denies the report now (he denies having said quite a few things others quote him as saying), but he did not object to the report when it was published, and the journalist involved, Laura Miller of the late *Dallas Times Herald*, stands by her story.

**IF PEROT** IS elected and then succeeds in further eviscerating Congress, he might become America's first Caesar. Such a possibility cannot be evaluated confidently yet, but there are still some disturbing signs that bear on it. The Texan is superpatriotic, and he was a hawk on Vietnam. During the days of rage against Nixon for continuing the war, Perot ingratiated himself to the president by spending about a million dollars on broadcast and newspaper advertisements supporting Nixon's continuing prosecution of the war. Although he opposed the war on Iraq as a rescue of the Emir of Kuwait, Perot favoured the dispatch of a commando team to assassinate Saddam Hussein. Under present American law that would be murder, and recently Perot has sought to obscure his earlier proposal.

**APART FROM PEROT'S** willingness to pay his way into the presidency ("I'm buying it for them," meaning "the people," he has said), his most radical idea may be his advocacy of an "electronic town hall" at which he, some members of Congress and some others (such as, on health care, "the leaders in the industry") would discuss national issues on an "interactive" national TV programme. Immediately after each such programme, people watching, using a device on their television sets, would cast votes on one or another proposal.

Well, who would be in the best position to control the programming of the loop and to dominate presentations? The President, none other, and most of all when the questions were war, peace and patriotism. There could be an instant vote on whether to go to war, impeach a judge or pass a law that might run hundreds of pages long. Perot's electronic town hall could replace the present American system of representative democracy with rule by The Leader, and a series of momentary mobs.

George Bush says he will do whatever it takes to win, but Ross Perot will spend whatever it takes to win. True, if Perot lays out $100 million to buy the presidency, the people still might not be selling. But now he tells *Time* that he is prepared to put up $200 million. If that turns out to not be enough, he can just as logically and legally spend, say, a billion, less than a third of his wealth, to persuade us to let him lead us.

Surely at 61, he already has everything material he wants. What better could he buy?

(Ronnie Dugger, the author of biograhies of Lyndon Johnson and Ronald Reagan and publisher of *The Texas Observer*, is writing a book on the dangers of computerized vote-counting)

Reprinted with permission of
"The Nation" magazine/The Nation Co., Inc, © 1992

# the welfare billionaire

## H Ross Perot has yet to make money selling anything to the private sector or consumers, writes ROBERT FITCH. Unless you count the Greenmail affair with General Motors - in which the company gave him $750 million to go away - wheedling money out of state Medicare and Medicaid programmes has been the farthest horizon of his business ingenuity

**TWENTY** years ago, while I was working at Berkeley-based *Ramparts* magazine, reports began to surface about H Ross Perot's Electronic Data Systems Company. Having just taken over the processing of California's Medicaid and Medicare claims, EDS was charged with carrying out a racial purge, firing or demoting anyone who was black. As I investigated the accusations, not only did they turn out to be substantially true but Perot's whole elaborately confected story of free enterprise wizardry began to disintegrate into an Oz-like deception.

Artful misrepresentations to the contrary, EDS's intercourse with America's private sector was fleeting and insubstantial. The subcontract with California Blue Shield for processing health care claims provided one third of Perot's total revenues. Similar Medicare and Medicaid contracts in ten other states provided the rest. From his first Texas welfare contract to the time Perot's EDS stock hit $1 billion took only five years. How could a handful of service contracts with state government agencies add up to a billion dollar fortune? What kind of terms was Perot getting? Who was giving them to him? What did they get back?

Now that the entire country may soon live under the rule of Ross, the baying hounds of the corporate press have been loosed to sniff out his origins. Potted summaries of "H Ross Perot: America's First Welfare Billionaire", the Ramparts piece I wrote in 1971, have now appeared in Newsweek, *The Washington Post* and, most extensively (albeit without attribution) in the May 17 *Newsday* and in a front-page *New York Times* story. *The Wall Street Journal* predicts that the Republican strategy will focus on Perot's Medicare and Medicaid contracts.

But if Bush operatives pursue their investigations very far, they will discover that it was the administration of Republican Governor Ronald Reagan that placed the biggest and tastiest enchilada of all on Perot's plate. In 1969 the head of California's Department of Health Care services, Carel Mulder, approved giving the Blue Shield cubcontract to EDS. Then a year later he signed on as an EDS consultant. EDS got an eight year deal whose terms enabled the company to charge Medi-Cal 70 cents a claim for data processing that cost EDS only 28 cents. Federal investigators descended on Sacramento. But in what may have been simply a co-incidence, the investigations were dropped after Perot's contributions to the Nixon Library.

**IT MAY BE** to avoid precisely this sort of contratemps, in which the hired detective discovers that it's the client who's guilty, that Texas governor Ann Richards advised Arkansas governor Bill Clinton to lay off Perot. Well she might. Any thorough exposure of Perot's operation in Texas could hardly fail to illuminate the doings of the state Democratic Party - the intertwining of multibillion-dollar welfare contracts and equally gigantic influence-peddling. Following this particular yellow brick road clarifies how Ross Perot has a spare $100 million to promote himself as the wizard who holds in his little black bag the answers to all of America's problems.

For its first five years, until Lyndon Johnson got Medicare and Medicaid passed by Congress, EDS went nowhere, aside from have a small Office of Economic Opportunity contract. The company was basically Perot's moonlight job while he worked for Texas Blue Shield (TBS) during the day. But in 1965 the Social Security Administration gave TBS a $250 000 contract to develop software to pay Medicare bills. This appears to be the worst investment in Social Security history. Perot quit TBS, took with him the programme developed at government expense and has been selling it back to the government at a fantastic profit ever since.

**HOW DID HE** get away with it? It was James Aston, head of Republic National Bank of Dallas, who greased the deal. He was an influential director at TBS. Aston not only pressurised TBS directors to let Perot have the software, he also lent Perot money to handle the new business. Aston's bank received EDS stock. Perot eventually became a director of RNB and OEO's most famous alumnus.

Perot's awesome power to get state contracts showed itself again fifteen years later, when in 1980 a $2 billion Texas Medicaid contract was awarded to another company. According to Texas Business, Perot intervened with Governor Bill Clinton and then-Attorney General Mark White. Within a few months the Department of Human Resources Commissioner and offending officials of the Texas Department of Human Resources had all resigned. Perot's high bid was then transformed through the alchemy of Texas politics into the low bid.

Someday, Americans may dare to reach behind the curtain of Perot's operation, just as Dorothy finally did with the Wizard of Oz. When they do, they'll discover that the confident, twangy voice they hear is just Ross speaking into the microphone they paid for, and that this particular wizard has no better idea of how to get them out of their troubles than they do. The sooner the better. For as L Frank Baum showed almost a century ago, people don't develop much political courage, heart or intelligence by sitting back and expecting wizards to solve their problems.

# A man of principles, rather than policies

IN the midst of a lacklustre presidential campaign the undeclared candidacy of H Ross Perot has provoked a surge of press and populist interest. A recent *Time/CNN* survey reflected greater support for Perot's non-campaign than for the two front runners, George Bush and Bill Clinton; and the support was drawn from both opposing camps. The implication of this is that Americans are responding, across party lines, to a new approach to the vexed issue of governance.


But who is Ross Perot and what does he stand for? He comes from the small town of Texarkana in Texas, the son of a cotton broker. After the Navy he joined IBM, leaving in 1962 to form Electronic Data Systems (EDS). He listed the company seven years later, becoming a billionaire in the process. When General Motors took over EDS in 1984 he joined the board, leaving two years later - $700 million richer. During the past 20 years he has made numerous forays into foreign disputes, highlighted by his sponsoring a commando raid on an Iranian jail in 1979 to rescue two employees.

As a would-be candidate he has had few things to say - his stance, that people vote for principles rather than policies, being based on the bedrock of primal patriotism. He is against the corruption of Washington, in favour of abortion and gun control and advocates the setting up of electronic town hall meetings so that the people can decide on central issues like health care. The mainstream media have been cautious, but scarcely dismissive, of Perot's rise. The primary thread of the argument against him to date has been the question of whether a self-made man, unused to negotiation, can deal effectively with the complexities and compromises of government.



Op haar ontdekkingsreis deur Suid-Afrika span PEARLIE JOUBERT in Kaapstad uit en kuier 'n paar dae saam met die fotograaf GUY TILLIM (Southlight) in die Waterkant. Dis een plek in die land wat glad nie in die land is nie, ontdek sy tussen die mooi mense vol angs en heimwee

# MAAR WAAR'S DIE bokkoms?



Ná al die jare is die Kaap uiteindelik meer Hollands as Kaaps



'n Illusie van 'n stukkie Afrika binne 'n illusie van 'n stukkie Europa.

**DIE** Waterkant-kompleks is baie mooi, baie skoon, baie wit en baie nice - nice met so effe nasale "n" en 'n langerige "i".

Nêrens lê sigaretstompies en leë Stoney-blikkies rond nie, daar's geen bedelaars en straatkinders nie, en in die verskeie kroeë en eetplekke suip geen vissers nie. Geen jong angry's wat rondstaan, lus om 'n fight te pick nie.

Die bergies, kenmerkend aan Kaapstad, is nie daar nie, die hippies van die Groentemarkplein ook nie. Die technikon-skollies, die UCT-lefties - almal is pynlik afwesig.

Net die baie elegante thirtysomething-generasie van Kaapstad - wat op die oog af mooier, meer modieus en meer gesofistikeerd lyk as die dertigjariges van enige ander plek in die land - sit in die Waterkant se mooi kroeë en restaurante en eet en drink.

Mooi aangetrekte en gepynigde - met 'n groot angs oor 'n toekoms wat mistig iewers onder Tafelberg begin - vroue met juweelkopbande wat groentesop vir middagete eet en ultimate light sigarette rook en hul mooi mans.

En dan is daar natuurlik ook die toeriste wat in die Victoria & Alfred Hotel oornag en met hoëhakskoene heeldag in en uit die "Ontdek die Waterkant"-bussies klim en saans oor die mistige water kyk - waar die bootjies en liggies hulle aan Amsterdam herinner en nie Kaapstad nie (miskien is die Kaap tog nog ná al die jare Hollands).

**DIE WATERKANT** is enig in sy soort. Daar is beslis niks daaraan wat mens laat dink dat jy dalk êrens in Suid-Afrika (laat staan maar Afrika) is nie. Op 'n mistig reënerige dag kan jy nie eens Die Berg sien nie. Was dit nie vir die vissers en dokwerkers naby Berties Landing aan die ander kant van die baai wat mekaar se voorouers en ma's in eg Kaapse Afrikaans vloek nie, kon die Waterkant net sowel deel van Sol Kerzner se Lost City gewees het.


Maar soos oral in Kaapstad, is daar in dié kompleks van 82 hektaar twee verskillende wêrelde. Aan die een kant is die Alabama en die Victoria Museum Boot "of Treasure and Tragedy", die Hotel en ander eetplekke. Hier eet die vrolike gaste in Tugs "Port of Call" en die hotel hul croissants en Engelse breakfasts. En aan die ander kant is die werkers en vissers met hul vuil ghries-overalls besig om bote heel te maak, vis af te laai en dek skoon te maak.

Teen laatmiddag stap die vissers en werkers deur die kompleks huis toe en bestel die Waterkant-jollers nog gin & tonic en skuif hul Raybans reg en sing Johannes Kerkorrel by die Dock Rd Theatre sy Kaapse liedjie: "Alles soos heuning, warm en lou".

**DAAR IS VEERTIEN** restaurante, kroeë en tavernes in die Waterkant-kompleks. Weeksaande is dié plekke taamlik besig, maar nie volgepak nie en hier teen middernag begin dit stil raak. Teen twee-uur in die oggend waai daar nie eens papiere rond nie want daar lê nie papiere rond nie.

Die Dock Rd Café se gereelde local sanger is so mooi soos die Kaap self en nadat hy geweier het om

26



Voor jy by die Waterkant kom, moet jy eers oor die straat kom.

25 ▶ "sing us a song, you're the piano man" te sing, kan mens vir nog 'n hele paar Corona-biere bly en luister.

En behalwe vir die Dock Rd se spyskaart, wat ewe belowe dat die kos vol "Kaapse nostalgie" is (wat maklik jou eetlus kan wegneem - sê nou jy byt 'n stuk bitter van Distrik Ses raak?) is dié plek beslis een van die lekkerste in die kompleks. By die meeste venues waar musikante optree, speel en sing iemand(e) jazz. Ná tien saans is die kanse op blues goed by die Pumphouse... ja, dit is die plek se naam. Met Christiaan Beyers se naam op hout aan een van die mure en die Gucci-skoene-mense wat vroegaand daar uithang, lyk dit egter nie asof enigiets behalwe die droogdok se pomp (waarna die Pumphouse genoem is) juis die naam gestand doen nie. Rosie's & All That Jazz is die ander plek vir goeie jazz en blues en Southern Comfort op 'n reënerige Sondagaand.

**BERTIE'S LANDING** trek 'n ander soort skare: die raserige drinkers wat vroeër jare in die Pig 'n Whistle in "Obs" uitgehang en gesuip het.

Die Quay 4-restaurant het die mooiste uitsig en die warmste kaggels en quaffers (wat mens glo met bier doen), die meeste Yuppies en ingevoerde bierdrinkers - mens is nie altyd seker wie is ingevoer nie.

Rosie's, anders as die Dock Rd Café, is kitscherig blink en het onlangs geskuif na 'n gebou net voor die Victoria Wharf-kompleks - 'n enorme winkelsentrum in die Waterkant waar elf bioskope, 'n klomp winkels en vars vrugte- en groente-stalletjies einde vanjaar gaan oopmaak. Die publisiteitsafdeling van die Waterkant sê vissers sal hul vis en ander bric-à-brac op die sypaadjies in dié winkelsentrum sal kan verkoop. Die Wharf, wat baie soos 'n shopping mall klink, gaan blykbaar ook klerewinkels hê wat "iets anders" sal verkoop.

**DIE WINKELSENTRUM** is egter nie al ding wat mens se hare laat regop staan nie. Binne die volgende twee jaar gaan townhouses, woonstelle en kantore opgerig word op dié stuk grond wat deel van die Waterkant uitmaak. Dit sal veertig duisend mense kan huisves. As mens die ligging en die uitsig oor die Baai en Die Berg in ag neem, kan jy jou indink hoeveel die huise gaan kos en wie dit sal kan bekostig. Beslis nie die gewone Kapenaars van Kraaifontein en Bellville nie - vergeet maar van die Capies van Langa en Crossroads.

**EK IS NIE** die enigste mens wat bitter is omdat die Waterkant 'n speelplek vir rykes geword het wat nostalgiese kos wil eet nie. Om die draai in Seepunt is 'n rooi kombi met 'n "Duck The Fox" bumper sticker.



Hier kan jy brekfis eet met 'n uitsig oor die Victoria en die Alabama.



'n Bootjie na Kammaland.

En, vertel 'n kafee-eienaar in Seepunt, dié sticker ry op meer as een motor rond. "Vandat die Waterkant sowat twee jaar gelede vir die publiek oopgemaak is, het alle ander besighede in die stad en in Seepunt begin swaarkry," sê hy.

Die klubs in die stad wat vroeër jare die Kaapse jollers se uithangplek was, het nou baie minder klante. "Die rykes gaan spandeer hulle geld op die dokke," sê die man bitter: "Fuck the Docks".

Die een ding wat die Waterkant wel gedoen het, was om gesonde kompetisie in Kaapstad te stimuleer. Margot Morrison, hoof van die Publisiteitsafdeling, sê: "Ons weet van die antagonisme jeens die dokke, maar ons hoop dit sal mettertyd verdwyn. Dit kan in elk geval ook net goed vir die Kaap wees. Plekke in veral Seepunt en die middestad is besig om hulself op te gradeer en beter te bemark - dit is gesonde kompetisie."

**DIT WAS** 'n wonderlike idee om die waterkant en die dokke vir die publiek oop te maak. Die ou geboue, soos die Old Port Captain's Building, die Pumphouse en die Dock Rd, behoort vir die publiek toeganklik te wees. En die meer as ses miljoen mense wat al die Waterkant besoek het, wys hoe gewild en suksesvol die plek is. Maar enige plek in Kaapstad wat voorgee om eg Kaaps te wees, sonder dat die swartmense van Kaapstad tuis genoeg voel om daar te kuier én wat 'n winkelsentrum bou wat Sandton City 'n go kan gee, hoort nie op dié stuk waterkantgrond nie.

Mens kan dan nie eens bokkoms aan die Waterkant koop nie.

# 'N PAP WIEL RED ONS VAN VERVELING

## TIM SANDHAM se Sportrubriek



**AYRTON SENNA** se oorwinning in Monaco Sondag het lewe geblaas in 'n Formule 1-reeks wat vinnig besig was om af te stomp.

Om week na week te sien hoe Nigel Mansell die wedrenne oorheers, was indrukwekkend, maar die voorspelbaarheid waarmee die eerste vyf Grands Prix vanaf die eerste oefenrondtes verloop het, het vinnig vervelig geraak. Na sy naelbyt oorwinning (sy vierde in Monte Carlo) doen Senna gestand aan sy verklaring dat hy die Koning van Monaco is. Die Huis van Grimaldi se kommentaar hierop is nie bekend nie.

Formule 1-wedrenne beleef die afgelope paar jaar 'n tydperk van oorheersing deur een span of bestuurder. Vanjaar is dit Nigel Mansell, en in 'n mindere mate Ricardo Patrese van die Williams-Renault-span. Die daaropvolgende selsoen het al die ander spanne die tegnologiese agterstand ingehaal en is dit 'n ander span wat met 'n vernuwing weer vir 'n kort tyd die botoon voer. Enersyds is die motors so vinnig dat dit buitengewone vernuf (selfs vir Grand Prix-bestuurders) verg om enigsins iemand anders verby te steek. Op 'n ou baan in 'n ou stad soos Monte Carlo is dit haas onmoontlik.

As 'n renjaer eers die voortou neem, is dit moontlik om mededingers te verhoed om verby te kom vir die res van die wedren. Daarom was dit slegs 'n onvoorsiene gebeurlikheid soos 'n pap band wat Mansell met breukdele van 'n sekonde van 'n sesde agtereenvolgende Grand Prix-oorwinning beroof het.

Andersyds is baie van die Grand Prix-spanne - ondanks reusagtige borgskappe - nie in staat om 'n motor te bou wat wedrenne kan voltooi nie. Aan die einde van die meeste Formule 1-wedrenne het ten minste een derde van die motors uitgesak. Heelwat jaers is al in hulle tweede of derde seisoen, maar kon nog nooit punte aanteken nie.

Grand Prix-motorfietsrenne het gelukkig nie dié probleem nie. In beide die 250cc en die 500cc klasse is daar etlike jaers wat mekaar kwaai opkeil en geeneen kan outomaties as die gunsteling aanvaar word nie. Iets moet gedoen word om die Formule 1-reeks op te kikker. Hoe daar te werk gegaan moet word om dié negatiewe elemente uit die sport te verwyder, is egter nie so duidelik nie.

**VERLEDE WEEK** se rugby was gekenmerk deur ineenstortings. Natal is van 'n weghol-oorwinning oor Oos-Transvaal ontsê toe die spreligte op Kingspark halfpad deur die wedstryd onklaar geraak het.

In die wedstryd Transvaal teen die Vrystaat het Kobus Wiese byna die eerste Curriebekerspeler geword wat afgestuur is omdat hy een van sy eie spanmaats katswink geslaan het. Dit was hittete of sy kaptein, Francois Pienaar, se kakebeen was weer afgeslaan toe hy probeer het om Wiese se woede jeens Wessel Lightfoot te bedaar. Kommentator Hugh Bladen se aanmerking - "Just a little bit of indiscipline creeping into the Transvaal team now" - kon nie meer diplomaties gestel gewees het nie.

Toe Pienaar wel 'n ruk later weens 'n beenbesering van die veld af is, het die span alle samehang en amper ook die wedstryd verloor. Sy onmisbare bydrae as losvoorspeler en kaptein was duidelik. Hopelik sal die keurders sy vermoë erken voor vanjaar se toetswedstryde. Dit nie miskien nie 'n slegte idee om met hom en Wahl Bartmann in 'n oop- en kleinkant flankkombinasie te eksperimenteer nie.

As Transvaal skuldig is aan ineenstorting, is daar nie 'n woord om die OP se vertoning teen Noord-Transvaal te beskryf nie. Doelloos, in elke sin van die woord, is miskien die beste beskrywing. Daar was geen teken van veggees nie. Daar was al kere dat Adri Geldenhuys meer oorgawe in een kopstamp gesit het as in die hele wedstryd Saterdag. Nie te veel moet gelees word in die Noorde se oorwinning nie, dit was eerder die OP wat nie wou wen nie.

Iets ernstigs is fout in OP se span. Michael du Plessis se wonderbaarlike bekering uitgesluit. So te sê die hele agterlyn het ander weivelde gaan soek. FA Meiring is terug Noord-Transvaal toe, en saam met hom Riaan Potgieter en Craig Richardson. Laasgenoemde het reeds aan die begin van die seisoen by Transvaal 'n heenkome gesoek en is sedertdien deur die OP-keurders geïgnoreer. Laasjaar nog is hy deur die nasionale keurders goed genoeg as skrumskakel vir die Junior Springbokke geag. Francois Langeberg is WP toe en Hennie le Roux is besig om Transvaal se herlewing te lei.

Op sy beurt is WP ook besig om van een middelmatige vertoning na die volgende te strompel. Op die vooraand van hertoetrede tot internasionale toetsrugby, is dit kommerwekkend dat drie Curriebeker-spanne ver benede verwagting presteer.

# EK BLY EERDER DIE TITLESS WONDER

## sê ELSABÉ ZIETSMAN in dié week se Geselsrubriek



PIC: ANDREW BANNISTER

**DAAR** was 'n tyd in my lewe toe ek nog jonk en mooi was. Remember those good old days? Eighteen and wanting... (Hoe vertaal mens nou "wanting" sonder om dit obseen te laat klink?) Belustig, begerend en ernstiglik in die versoeking om tog net hierdie skool-gemors agter die rug te kry. Om uit te gaan en die wye wêreld te oorrompel met al jou slimgeit, talente en lewenslus wat dreig om uit die nate te bars.

Belustig, begerend en ernstiglik in die versoeking vir daardie eerste smakie van die "S"-woord. Sonde! Wat natuurlik, op daardie stadium van mens se lewe, 'n sinoniem was vir seks. Oe (dit moet lees as 'n lang en uitgerekte "oe" met 'n opwaartse infleksie teen die einde), daai eerste smakie van seks. Big deal. 'n Adolessente seun, met puisies op sy rug, wat nat en slymerig in jou ore hyg terwyl hy sy gulp probeer oop forseer en terselfdertyd jou bloes se knope een vir een afbreek. En... oeps! dit kan, en het gewoonlik, 'n smerige affêre tot gevolg gehad.

Om terug te kom by my punt en 'n storie moet 'n punt hê, al kan daardie punt nie te seer steek nie. Eens op 'n tyd, toe ek nog jonk en mooi was, het ek geweet en myself belowe, met die oortuiging wat net saam met die jeug kom, dat ek met waardigheid en grasie gaan oud word. En dat ek nooit, ooit myself gaan ophou met plastiese chirurgie nie. Ek het ook op 'n stadium 'n 36 C-cup gedra en kan dus vergewe word vir my jeugdige grootheidswaan.

**VIER JAAR LATER**, met my professionele debuut op 'n Johannesburgse verhoog, is ek aan die gehoor voorgestel as "The Titless Wonder". Ek weet nie wat gebeur het, of hoe dit gebeur het nie, maar daar was dit. Of liewer, daar was dit nie!

Nog vier jaar het verby gegaan en soos almal voorspel het, jy weet, daardie irriterende individue wat in jou ore kerm en sê: "Wag net totdat jy vyf-en-twintig slaan... dan gaan jy gewig optel en weer normaal lyk... soos die res van ons."

Ek het gewig opgetel. Op elke moontlike plek aan my lyf behalwe daar waar ek dit die nodigste had. Die tyd het nou aangebreek om terug te sit en te besin oor daardie jeugdige beloftes aan myself. Nie te ernstig nie, maar darem.

Nog vier jaar het sy loop geneem, en dankie tog, ek het weer al daai gewig verloor. Nêrens anders as waar ek dit die minste nodig gehad het nie. Stuff this, het ek besluit. No pun intended. Ek het begin soek na 'n plastiese chirurg om my platborstigheid onder hande (of pinkies) te neem.

**DIE CHIRURG VAN** my keuse woon in Bloemfontein, en ek probeer gewoonlik om Bloemfontein te vermy. Nou nie hieroor of daaroor nie, maar Die Rosestad is een van die min plekke in ons land waar ek nie 'n skelmpie het nie en dit kan probleme skep in 'n oujongnooi se lewe. En as ek Bloem toe gaan, is dit vir 'n quickie. Get in, do the job, and get out.

Met die gevolg dat my twee sakkies met 750cc jellie sit en dril in 'n yskas êrens in die Vrystaat. Stel jou net voor hoe gaan my skyline lyk met daardie een en 'n halwe liter kanne!

Maar nou lees mens in koerante en tydskrifte en word jy blootgestel aan televisie-programme waarin daar geskryf en vertel word wat se onaardighede die wonderjellie alles aan jou kan doen.

Hoofopskrifte soos: "Cher ontplof op die verhoog", "Michael Jackson turns into a Neanderthal", "Brigitte Niellson walks into wall: doctors mistified by two huge lumps on her back" en "Michelle Pfeiffer mistaken for Mick Jagger".

Die ou strooihalmpie waaraan ek geklou het, is toe sommer die een wat die kameel se rug breek.

**SIT EK DIE AAND** en kyk M-Net se program oor Joan Collins en daar sê hulle dit. Ons almal weet al teen dié tyd wat gesê is en deur wie. Hulle kon net sowel die program gelos het en net 'n banier op die skerm laat loop het wat oor en oor gesê het: "Joan Collins melted down to a puddle with a wig."

Sies vir julle! Dis geen wonder ek is nog steeds 'n oujongnooi nie. As dit die respek is wat ons mans vir 'n vrou het, maak nie saak wie of wat sy is nie, is ek tog beter af met dit wat die natuur nie vir my gegee het nie. "Titless wonder" sal ek eerder bly as om met een van daai gevoellose, (daar moet eintlik 'n deelteken op die "e" van gevoellose gewees het) smaaklose chauviniste, wat hulle sê gesê het, opgeskeep te sit.

# die wortel van die kwaad



'n Seremonie van die Ku Klux Klan in Amerika... Hulle god is gewis nie 'n liberale demokraat nie

**AGAINST RELIGION**
Deur AN Wilson
Chatto CounterBlasts no 19, 1991 (R18,65)

**RYK HATTINGH**

**DIE** oogmerk van 'n pamfletskrywer is om op ondubbelsinnige en toeganklike wyse die heersende orde of aspekte daarvan te bevraagteken, omstredenheid te veroorsaak, debat uit te lok en, hopelik, mense se houdings te verander. In Chatto & Windus se keurige CounterBlast-reeks word dié tradisie voortgesit, en hoewel hulle in besonder kommentaar op die Britse samelewing lewer, is daar van dié pamflette wat sonder veel inspanning op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak kan word. *Against Religion* van AN Wilson, bekende skrywer en biograaf van onder andere Milton, Tolstoy en CS Lewis, is só 'n pamflet.

Reeds in die openingsreëls van *Against Religion* stel AN Wilson dit onomwonde waarteen hy dit het: "It is said in the Bible that the love of money is the root of all evil. It might be truer to say that the love of God is the root of all evil." En dan, in die volgende 49 bladsye, probeer Wilson om dié mondvol te verduidelik en aan te toon hoekom dit soveel beter sal wees as ons 'n godsdienslose weg bewandel.

Godsdiens is die opium van die mense, het Karl Marx gesê. Wilson verskil met hom: godsdiens is baie gevaarliker as opium. Dit sus mense nie aan die slaap nie, maar spoor hulle aan om mekaar te vervolg, opvattings en houdings op mekaar af te dwing, en alleenbesit van die waarheid op te eis. Hy gaan verder: Godsdiens is nie op soek na die waarheid nie. Inteendeel, sê hy, al die groot wêreldgodsdienste gaan uit hul eiegeregtige pad om die waarheid te onderdruk en om diegene wat wel die waarheid praat as ketters (kommuniste, andersdenkendes?) te brandmerk.

**BYVOORBEELD:** In sy toespraak op 3 Februarie 1991 tydens 'n Dag vir Wêreldvrede, het die pous onder meer gesê: "It is essential that the right to express one's own religious convictions publicly and in all domains of civil life be ensured if human beings are to live together in peace." Miskien het die pous die godsdiensstryd in die gewese Sowjet-Unie in gedagte gehad, of die fatwa-verklaring teen Salman Rushdie deur die Ajatolla. (Terloops: die Rooms-Katolieke joernaal *Osservatore Romano* was een van die min publikasies in die Weste wat solidariteit met die Ajatolla tydens die hele Rushdie-saak getoon het.)

Maar waar was die pous se verdraagsaamheid toe hy 'n pouslike stokkie daarvoor gesteek het dat 'n gewilde en alombeminde man die Aartsbiskop van Keulen word? En dit omdat die man dit durf waag het om te sê die morele vraagstuk rondom geboortebeperking is nie die belangrikste vraagstuk wat die mensdom konfronteer nie. Hy het nie eens die Groot Sonde gepleeg deur die gebruik van voorbehoedmiddels te verkondig nie.

Rooms-Katolieke priesters wat die gebruik van voorbehoedmiddels in die openbaar aanmoedig, word natuurlik stilgemaak en van hul ampte onthef. In Rooms-Katolieke universiteite in Europa het vooraanstaande professore - soos Hans Küng - skielik op straat gesit omdat hulle die leerstelling van pouslike onfeilbaarheid bevraagteken het.

Redelike mense reg oor die wêreld wonder seker as hulle die pous se beroep op verdraagsaamheid lees hoekom hy dit nie op homself van toepassing maak nie. Die antwoord is eenvoudig. Hy veroordeel nie sy eie onverdraagsaamheid nie want hy is die onfeilbare mondstuk van God, en as sulks beskou hy dit as sy roeping om die onverdraagsaamheid in andere op te spoor en hulle dan daarvoor te vervolg. Amper soos die ajatolla.

**GODSDIENS KOESTER** mense deur hulle te laat glo dat hul eie private vooroordele en giere goddelike sanksionering geniet. So word godsdiens die verraderlikste manier om mag te misbruik - of dit nou pouse, ajatollas, dominees, hoofde van skole of gesinne is, godsdiens word deur individue ingespan om ander mense mee te onderdruk en in bedwang te hou, sê Wilson. Deur die gebruik van absolutistiese taal, aanbid dié mense projeksies van hul eie vooroordele.

God word die spieëlbeeld van hulself, en hul gebruik dié deur hulself geprojekteerde God om hul eie vooroordele te versterk. (Dit spreek tog vanself: konserwatiewe mense het 'n konserwatiewe god, rassiste 'n rassistiese god, liberales 'n liberale god...) Hulle glo nie meer dat hulle bloot hul eie standpunt verkondig nie, maar wel 'n universele en ewige standpunt, God s'n. Het dit maar daar gebly, sê Wilson, sou dit nie so skadelik gewees het nie, maar godsdienstiges neem ongelukkig nie vir lief daarmee om hul standpunte, gelowe, opvattings vir hulself te hou nie. Hulle wil hul (God se) standpunt op almal afdwing.

**DIT DOEN GODSDIENSTE** deur die mensdom te verlei - nie met bose aspirasies van mag, 'n suiwerder ras of 'n oorvloed aan materiële besittings nie, maar met mooi ideale waarmee almal hulle kan identifiseer. Soos om jouself te verloën, jou naaste lief te hê, die goeie na te jaag, vir die siekes, armes, oues, swakkes en diegene in die gevangenis te sorg...


Wilson sê die wêreldgodsdienste het dié edele ideale gemonopoliseer, en die verlore skaap wat daaraan wil peusel, moet eers twee groot leuens sluk. Die eerste is dat jy alleenlik die goeie kan najaag as jy die irrasionele en soms bisarre stories en leerstellinge van die betrokke godsdiens aanvaar. Die tweede leuen is dat die mooi ideale slegs bereik kan word as jy tot 'n groep, 'n kerk, gemeenskap van gelowiges behoort.

Geen wonder dat die meeste godsdienstige mense in die wêreld aangetrokke voel tot georganiseerde godsdiens nie. Maar volgens Wilson sluit hulle nie by godsdiensgroepe aan of bly by die kerke waarin hulle grootgeword het omdat hulle die fantastiese aansprake en vreemde leerstellings gló nie, maar omdat hulle aan die ideale glo wat deur die religieë voorgehou word. So sal godsdienstige mense aan die bose dinge in hul eie godsdienste klou uit vrees dat hulle dít waarvoor hulle lief is, verloor.

**MAAR DIE DEPRIMERENDSTE** eienskap van die godsdienstige psige van die mens, volgens Wilson, is dat dit met die loop van tyd die outoritêre gesag, geestelike afknouery, onverdraagsaamheid en gewoon oneerlikheid wat die groot wêreldreligieë kenmerk, aanvaar.


Wilson kom tot die ietwat pessimistiese gevolgtrekking dat formele georganiseerde godsdiens altyd met ons sal wees. Hy sê godsdienstige groepe sal altyd "diep seergemaak" voel deur boeke, rolprente, toneelstukke of enigiets waarmee hulle nie saamstem nie, en hulle sál morele afpersing gebruik om dié aanstootlike stof te sensureer of te vernietig.

En dan, na die ware tradisie van die pamflettis, sê Wilson wat ons te doen staan om die morele monopolie van die religieuse bullebakke teen te staan. Ons moet, uiteraard, die morele afpersing, sosiale druk en dreigemente na die beste van ons vermoë ignoreer en, belangriker, ons moet so aanhoudend en toegewyd as moontlik voortgaan om so aanstootlik en beledigend as moontlik op te tree.










# 'N FIKSIEFONTEIN VIR DIE DORSTIGES

IN dié info-dinamiese en raserige tye waarin ons leef en met die stroom van nuwe boeke wat die land uit alle oorde binnestroom, is dit 'n onbegonne taak om op die hoogte te bly met die wêreld van fiksie. 'n Mens moet op 'n plan van aksie besluit, anders is die kanse goed dat jy jou geld gaan mors op 'n boek wat miskien keurig uitgegee en deeglik deur die reklamemasjien onder jou aandag gebring is, maar inhoudelik nie veel bied nie. Dan liewer 'n verflenterde classic by die tweedehandse boekwinkel.

Die leser wat die Abacus-, Picador- en Penguin-fontein leeggedrink het en dors na goeie fiksie onhandig in die boekwinkel rondstaan en flaptekste lees, moenie moed verloor nie.

Daar is uitgewers wat nie voor die groot banaliteit geswig het nie, en steeds goeie boeke uitgee. Gaan kyk gerus na die boeke van Serpent's Tail, 'n lesersvriendelike Britse uitgewer wie se boeke van Engelse, Amerikaanse en vertaalde internasionale skrywers nou plaaslik beskikbaar is. (David Philip doen die verspreiding daarvan.)

Serpent's Tail is lesersvriendelik in dié sin dat hulle hul boeke in reekse uitgee - soos die Masks- en Mask Noir-reeks - om die leser sodoende te help om nie nog verder deur verskillende genres verwar te word nie.

**DIE MASKS-REEKS** spesialiseer in die Engelse vertalings van wêreldskrywers: soos Juan Goytisolo - daardie verbitterde Spanjaard wat Spanje en alles wat Spaans is met dieselfde intensiteit haat as waarmee Thomas Bernard Oostenryk haat - se boeke *Landscapes After the Battle* en *Marks of Identity* (lees dié skrywer en herdefinieer die woord "ongenaakbaar").

Die tweede volume van Hubert Fichte se trilogie, *Detlev's Imitations,* is ook nou beskikbaar. (Die eerste volume in die trilogie, *The Orphanage,* is reeds deur Serpent's Tail uitgegee.) Fichte, wat soms aan Genet herinner, se *Geskiedenis van Sensitiwiteit,* 'n ernstige gesprek met Marcel Proust se *Remembrance of Things Past* wat 19 volumes beslaan, word nie deur dié uitgewer uitgegee nie.

Dan is daar *Appearances,* 'n bundel met vier kort novelles deur die lakoniese Italianer, Gianni Celati. Ander boeke in die Masks-reeks sluit onder meer in *The Piano Teacher* van Elfriede Jelinek, *The Lizard's Tail* van Luisa Valenzuela, *The Devil's Trill* van die uitgeweke Argentynse skrywer Daniel Moyana, en *The Lonely Hearts Club* van Raul Nunez.

**AS JY NIE LUS** is vir ernstige stuff nie en iets ligters soek, dalk 'n riller of moordverhaal met 'n politieke geurtjie, verdien Serpent's Tail se Mask Noir-reeks jou aandag.

So het daar reeds drie boeke van Manuel Vasquez Montalban - Spanje se Le Carré en skepper van die ietwat eksentrieke speurder Pepe Carvalho met 'n CIA-verlede en noue bande met die kommuniste - in die swart masker-reeks verskyn, naamlik *Murder in the Central Committee, Southern Seas* en *The Angst-ridden Executive.*

Of wat van die jongste rillervonds in Frankryk en wenner van die gesogte Franse Speurfiksieprys, Didier Daeninckx, se *Murder in Memoriam;* of *A Long Cold Fall* van Sam Reaves, of *I, Anna* van Elsa Lewin?

**EN DAN,** laastens, vir diegene wat belangstel in die verhouding tussen vader en seun, is daar 'n versameling kortverhale deur mans - onder andere John Fowles, David Simon, Christopher Rawlence - wat eerlik en onbevange oor hul verhoudings met hul pa's skryf. In sy inleiding tot die bundel, *Fathers and Sons,* skryf John Hoyland só oor dié verhouding waarmee seuns hul lewe lank sukkel: "...whether we loved him or hated him, admired him or despised him, fought him or been his friend, when he dies a part of us dies with him. We are left with a particular aloneness."

(Serpent's Tail se boeke kos almal min of meer R45)

- RYK HATTINGH



**MAGGIE RESHA,** een van die stigters van die Pan African Women's Organisation, en die vrou van die 50s ANC-leier Robert Resha, het uit Londen teruggekeer om haar outobiografie bekend te stel. Resha skryf vanuit 'n persoonlike hoek oor die vroeë dae van die nou immergewilde struggle. Haar loopbaan as verpleegster het ooreengestem met die inhuldiging van Nasionale Party-regering. In *My Life in the Struggle* tree sy as ooggetuie op in die herkonstruering van die Sophiatown-verskuiwings, die teenstand van vroue teen die paswette, die aanhoudings, die begrafnisse, die meetings, die besoeke van die "SB" en haar lewe as uitgewekene. *My Life in the Struggle* word deur Cosaw gepubliseer en word op 12 Junie bekend gestel.

SHELDONS
DIE BOEKWINKEL MET DIE KOFFIEWINKEL
Eastgate, Ingang 5



Die nuwe Vrye Weekblad: Ons tyd het aangebreek


# 'N LAASTE KANS

VWB SE VERKOOPPRYS STYG BINNEKORT SKERP. EN NOU DAT JY VWB IN JOU HANDE HET, WEET JY DIT IS 'N NUUSTYDSKRIF WAT JY NIE DURF MISLOOP NIE. VIR 'N PAAR WEKE HET JY NOG 'N KANS OM VWB OP 'N VRYDAGOGGEND BY JOU HUIS AFGELEWER TE KRY - OF DEUR DIE POS AANGESTUUR TE KRY AS JY BUITE DIE PWV-GEBIED OF DIE KAAPSE SKIEREILAND BLY - TEEN DIE OU PRYS VAN R110 PER JAAR OF R60 VIR SES MAANDE (BTW EN AFLEWERING INGESLUIT). VUL DIE VORM VANDAG NOG IN EN STUUR MET 'N TJEK OF POSWISSEL AAN: VWB VERSPREIDING, POSBUS 177, NEWTOWN 2113

NAAM ____________________

ADRES ____________________

____________________

__________ POSKODE __________


# ELMARI RAUTENBACH **SKRYF OOR DIE WEEK SE TV**

## FUGARD: beroemd, maar steeds ''n streekskrywer'

**DIE** letterkundige Stephen Gray vertel as jy in die Europese boekewêreld noem jy kom van Suid-Afrika is daar drie Suid-Afrikaanse skrywers oor wie jy waarskynlik uitgevra sal word: Elsa Joubert, Wilma Stockenström en... Athol Fugard. Maar dit is nie net in Europa waar Fugard 'n bekende naam is nie. Ook in Amerika, waar sy dogter nou woon, ontvang sy dramas nou al vir baie jare gloeiende resensies, het 'n bekende soos dame Margot Fonteyn 'n punt daarvan gemaak om ná 'n opvoering van 'n Fugard-drama agter die verhoog te gaan om die spelers te ontmoet, en is Fugard by geleentheid beskryf as "een van die grootste skrywers in die Engelse taal".

Athol Fugard word Donderdag sestig jaar oud. Om dié dag te herdenk, saai Arts on One Woensdagaand 'n spesiale program oor die gevierde skrywer en dramaturg uit. Die program, met die eenvoudige titel *An Interview with Fugard,* is nagevors en gemaak deur Sandra Herrington van Tekwani-Produksies en dek die ongeveer 35 jaar van Fugard se werk, van sy heel eerste skryfpogings tot sy mees onlangse drama, *Playland* - 'n stuk werk waaraan hy sit en skryf het toe die TV-span op sy kleinhoewe op Nieu-Bethesda geskiet het. Uittreksels uit Fugard-opvoerings word gebruik om sekere gedeeltes van die onderhoud te "onderstreep", sê Sandra, "maar die klem is ten eerste op Fugard self: hoe hy sit en praat, wat hy oor sy eie werk te sê het, en die amper aansteeklike passie waarmee hy dit doen."

**DIE GROOTSTE DEEL** van die onderhoud is in Fugard se huisie op sy hoewe gevoer, 'n plek waarheen hy gaan wanneer hy al sy aandag aan sy skryfwerk wil gee.

Fugard beskryf homself in die onderhoud as "by uitstek 'n streekskrywer". Sy ganse bewustheid en kreatiwiteit is onlosmaakbaar verbind aan sy vaderland. Hy verduidelik ook hoekom die plek waarna hy altyd terugkeer die Karoo is, en hoe sy geboorteplek steeds vir hom as vertrekpunt dien vir "reise" waarby mense van oor die hele wêreld aanklank kan vind.

* Arts on One word Woensdagaand om 10nm op TV1 uitgesaai en Donderdagaand om 9.30nm op TSS herhaal.

### VAN WROEGING TOT RUGGER BUGGERS

**REAP THE WHIRLWIND** het toe Woensdagaand tot stilstand geskuur. Geskuur, want teen daardie tyd was driekwart van die karakters stokoud, grys en vol plooie gegrimeer. Dit het nogal 'n bisarre effek geskep: wanneer die lig op 'n sekere manier op onder andere Jocelyn Broderick se gesig val, kon jy die jeugdige lyn van voorkop en wang sien, maar draai sy haar gesig was dit die ene ingevallenheid, plooie en grys tande. Ook wonderlik hoe een en elk van dié "ou tannies" hulle slanke figure behou het. Dié teenstrydigheid tussen wat jy gesien en wat jy gehoor het - elkeen het minstens 120 jaar oud geklink - het later die gevoel begin skep dat die hele spulletjie 'n oefening is - iets in die trant van "Hoe om 'n karakterrol oortuigend te laat verouder" - by 'n dramaskool.

Die teenpool was daar ook in die vorm van die bloesende Sneeuwitjie-heldin, Elsa Fourie, en haar held met sy runnikende perd en bollende wit hemp. In teenstelling met die sekskapades in die voorafgaande episodes was die slot egter die kuisheid vanself: albei wit, albei jonk en 'n toe mond-soen gedeeltelik verberg deur 'n veld vol skouerhoogte blomme. Selfs Mills en Boon sou hier darem geskimp het dat 'n nag vol passie voorlê met 'n held wat hom nie sommer sal laat keer deur 'n honderd borsrokknopies nie.

Dié held het egter die ja-woord só lamlendiglik gevra en met so 'n papperige ou soentjie op die heldin se gewrig dat 'n mens vir 'n oomblik gedink het haar klap was om hom 'n bietjie wakkerder te kry. Helaas nie. Sneeuwitjie het 'n entjie aan gery in haar koets, toe die perd laat stop, uitgeklim en vir die held so-iets belagliks gesê soos: "Toe ek aangery het, het my hart gaan staan. Nou klop dit weer." En dan is dié reeks sowaar genoem Suid-Afrika se eie *Gone with the Wind*, 'n boek waarin die heldin (let wel) 'n vurige liefdesverklaring aan die held maak en dan 'n skoot koue water in die gesig kry wanneer hy sy rug op haar draai met die nou al beroemde woorde: "Frankly my dear, I don't give a damn..." en uit haar lewe wegry. Nooit gesien nie!

**IN DIE PLEK** van *Reap the Whirlwind* kom *The Game II,* 'n plaaslike produk met plaaslike akteurs, geen oorklanking nie en 'n plaaslike regisseur en op die oog af sommer stukke beter as die pseudo- Franse produksie.

Van die oomblik wanneer die eerste ritmiese slae van die bekende temamusiek - dieselfde as vir *The Game I* - opklink, weet 'n mens sommer die reeks gaan 'n treffer wees. Dit het al die elemente van 'n treffer: Naas Botha in sy debuut as 'n akteur (slim skuif daardie), rugby as 'n tema, 'n stormagtige pa/seun-verhouding (een van die reeks se sterkste punte te danke aan die uitstekende spel van Gavin Hood en Michael Brunner), huwelikstwis, 'n bottende liefdesverhouding, 'n dreigende tragedie, en - baie belangrik - humor vir balans.

Die meeste van die humor word gedra deur die karakter wat deur Eric Nobbs gespeel word, die Stellenbosse boer met die twee "idiotic" seuns wat uiteindelik Charlie Bates se landlord word. En Nobbs kwyt hom baie goed van sy taak; trouens, dit is nou al die hoeveelste keer dat dié akteur van 'n klein rolletjie iets baie besonders maak. Dink maar aan die arme Hans Horrel in *Meester.* Maar die meeste akteurs en veral die Afrikaanssprekendes (Christine Basson, Henrietta Gryffenberg, Annette Hartmann, Natalia da Rocha) speel só goed dat hulle die ietwat kunsmatige storie van dié opvolgreeks sonder enige moeite aan die kykers sal "verkoop". En dan kom 'n derde reeks ook nog...

## ANTON LUBOWSKI SE MA OP RADIO SA

DIE eerste in 'n reeks van drie dokumentêre radioprogramme deur Nic Swanepoel oor *Vrou en Ma-wees*, wat gister (Donderdag 4 Junie) oor Radio Suid-Afrika uitgesaai is, word eerskomende Sondag (7 Junie) om 5.30 nm herhaal.

In dié program vertel Molly Lubowski, die moeder van adv Anton Lubowski wat op 12 September 1989 op 37-jarige ouderdom in Windhoek vermoor is, van haar seun as kind, sy drome en ambisies. Op eerlike wyse vertel sy van haar eie gebede, haar woede en die verlange wat nooit verdwyn nie.

Moenie dié roerende program misloop nie.

# *ORDE* AND CHAOS - DISPOSING THE MUAFANGEJO ESTATE

## In this week's column on the fine arts, IVOR POWELL is outraged at the wheelings and dealings behind the sale of the late Namibian artist John Muafangejo's work. He guarantees you will be too by the time you finish reading this

THIS is a story about a man who bought up a body of art in 1989 for less than half a million rand and stands to sell it for what experts estimate could amount to R50 million.

But it is not a success story. It is a story of uncertain dealing in that beaurocratic twilight zone where the law starts to bulk as some creature more sinister than an ass. It is a story about the rich and the poor, about post apartheid disregard for the rights of blacks who lack the currency to buy into the dominant white reality. In a word it is a story about the art market in Southern Africa and the way it continues to operate.

As our story opens - *in media res* as they say - Cape Town artist Gavin Younge is busy assembling material for a book he proposes to write about Namibian artist John Muafangejo. He has been approached by the Namibian Association of Arts to do this job - as accredited representatives of the artist - and in the past Younge has had cordial dealings with the artist himself.

Younge has recently returned from a research trip abroad - during which trip he has cleared up outstanding copyright snags with an Anglican priest who contracted an earlier copyright agreement. And now, fully authorised, he is interviewing local collectors and interested parties inside South Africa. Then he is approached by the scion of an influential Namibian art family, art historian and dealer Orde Levinson. What Levinson proposes is that the two should collaborate on Younge's proposed catalogue raisonné - subject to the proviso that Younge should remain in all senses the senior partner in the venture. Levinson's own contribution is to be limited to an essay on Muafangejo's aesthetics and part of the cataloguing, dating and general documentation of the work. It is a task for which Levinson appears well suited, having recently published a catalogue raisonné of the graphic work of British painter John Piper.

BUT IT WAS SOON to become apparent that Levinson's ambitions were not that easily to be satisfied, and this was especially so after Muafangejo's untimely death from pneumonia in November 1987.

Now suddenly, and especially in the midst of a muddle of changes of executorship of the estate and various other legal wranglings, Younge's copyright agreements lost all force and the issue had to be broached anew with the Muafangejo estate.

No matter, or so at the time it seemed. Levinson took the task upon himself and in due course he informed Younge that he had succeeded in negotiating an informal copyright agreement - in both Younge's and his own names, he hastened to add - with the newly appointed executor of the estate. The signing and sealing would come with the official winding up.

The figure at which copyright had been agreed was the almost laughably nominal sum of R500. Laughably nominal or suspicious, if you happen to be that way minded. You see, the executor, duly appointed by the Namibian judiciary, turned out to be an old schoolmate of Levinson, now proprietor of an investment trust company, a man by the name of Ian McLaren.

Vaguely dissatisfied with what appeared to be less than straight dealing, but at this stage still having no serious reason to reassess the partnership with Levinson, Younge set out for Windhoek in early 1989 to prosecute business related to the book. And so did Levinson, who quickly renewed his old association with McLaren.

THE WINDHOEK SCENARIO at this point was messy to say the least. At first, after the death of Muafangejo, it had appeared that the artist had died intestate and the estate (potentially representing one of the great fortunes of the tiny country's history) was at first dealt with as such. Then a will, some twenty years old was found leaving 20 percent of the total estate to an Anglican church-administered fund for young artists, and the remaining 80 percent to various relatives.

Only it appeared the will could be null and void; although in no way involved in the case at this point, Levinson went out of his way to argue that, since an official of the Anglican church (and thus a beneficiary) had also served as a witness the will should be set aside. Voiding the will would have given more or less absolute discretion to the executor; but in the end the Master of the Supreme Court intervened to declare the will of good standing despite the irregularity.

At this point the immediate task facing McLaren was to locate and obtain a signature from one of the family members, all of whom were obscurely located in remote areas of Northern Ovambo and Angola. He had, reportedly, a period of three months in which to do this, failing which the estate or the family's part of it, would, so McLaren told Association of Arts officials in Windhoek, revert to being an estate of the court.

But, according to people close to events, little seemed to being done in this regard, and it was, only after the Association of Arts intervened, dispatching their own messengers - at their own expense - that the heirs were finally tracked down.

MEANWHILE LEVINSON WAS dropping bombshells all over. It turned out that his application for copyright - informally agreed to by McLaren as executor - had been made not in his and Younge's names jointly, but in Levinson's alone. When Younge discovered this fact, he confronted Levinson on the question - only to be told he could either like the new arrangement promoting Levinson to senior partner or he could lump it.

Whereupon Younge chose to lump it, and instead, since nothing had yet been formally concluded, he submitted his own copyright application in respect of the proposed catalogue raisonné. In his application he included statements of support for his project from both beneficiaries of the will, the Anglican Church and the Muafangejo family; and Younge went further to offer to pay out far higher, market related rates (to be fixed in consultation with the legatees) for the literary copyright. He was assured by McLaren his application would be seriously considered along with Levinson's and any others of a similar order that may still be received.

In the event though it was Orde Levinson's R500 offer, unsupported by the heirs, and without the blessing of Muafangejo's major dealer, (the Association), which won out - seemingly in defiance of all accepted rules of executorship.




"NO WAY TO GO. NO PLACE TO STAY. WHAT CAN I DO? LORD HELP ME."

EXIT GAVIN YOUNGE, stage left.

But the drama is by no means over yet, and now the curtain rises on a small discreet advertisement in the Namibian press to the effect that the estate of John Muafangejo along with the copyright of his work will be sold at auction in Windhoek in October of 1989.

This move too was opposed, by the Anglican church and their legal representatives, arguing that copyright belonged *prima facie* to the heirs and that since they had not been consulted on the copyright question (we are talking here not about a limited copyright such as that granted in respect of a single publication, but copyright over the use and reproduction of Muafangejo's entire oeuvre) it would not be appropriate to sell it off in such cavalier fashion. They also complained that the advertisement had not allowed fair warning to potential buyers.

As a result of the intervention the church lawyers succeeded in delaying the planned auction for a month. But in the end the auction went ahead, still without the family having been consulted about copyright. According to Association of Arts officials, representatives of the international copyright authority in Geneva later expressed themselves to the effect that this was in flagrant contravention of all accepted practice in such cases.

DURING THE RUN-UP to the exhibition a number of different things were happening. One of them was that Levinson, though a potential buyer, was spending a lot of time in the office of McLaren. And among the things he was doing was performing the highly irregular function of assisting in compiling lists of items coming to auction, Windhoek sources claim.

Another is that the Association of Arts, hearing that the artist's blocks (from which his prints were made) were also coming to auction, insisted that international practice be followed and the blocks be "cancelled" - which is to say that they be defaced in order to prevent further editions from being printed from them.

This task fell to McLaren, who as executor had custody over the blocks. But McLaren failed to do a convincing job the first time round, leaving, even after the "cancellation", the blocks in a condition perfectly capable of producing clean prints. He had to be dispatched again before the job was properly done.

But only days before the auction took place, Levinson committed an extraordinary breach of etiquette and possibly of law. Association of Arts officials claim, that, without any reason at all to have access to the blocks (not yet convincingly cancelled) in the first place, he had a (presumably unwitting) local artist print his own private editions of prints in secret. The artist in question is abroad and could not be contacted, but has made the allegations in writing and these are available to VWB.

36

# FYNPROE

## NETTIE PIKEUR

### PREIE EN PAMPOENGEBAK vir heerlike winterkos

**EEN** van die lekkerste groente-kookboeke op my rak is 'n Franserige een met wonderlike outydse resepte. Hulle beveel aan dat jy nie murgbene by groente moet afskeep nie, en ek vind dit maak werklik 'n hemelse verskil aan die tekstuur en smaak van dinge soos pampoen, preie en aartappels.

Maar kom ons begin by preie, ofte wel leeks. Groente-verkopers weet nie van preie nie (maar die enetjie by wie ek nou die dag die preie gaan koop het, het darem vir my gesê ek kry een sjieling kleingeld...)

Soek vir jou 'n groot bos dun, vars preie. Maak hulle deeglik skoon sodat geen greintjie grond aan hulle klou nie. Die beste manier is om die punte en groen dele mooi af te sny en die preie onderstebo in 'n beker koue water te laat staan.

#### PREIE-PASTEI

**KOOK** sowat 8 preie in 'n groot klont botter. Voeg lepelsvol room by en roer terwyl die preie saggies prut. Laat die room afkook en effens dikker word (Woollies se dik room is ideaal hiervoor), en proe dan vir sout en peper. Rol nou 'n stuk deeg taamlik dun uit (gekoop of varsgemaak, maak nie saak nie) en voer 'n tertbak met die preie en roomsous uit. Plaas nog 'n stuk tertdeeg bo-op en druk dadelik in die oond. Bak teen 200 grade vir 20-25 minute. Bedien blitswarm.

**NOG 'N LEKKER** resep vir preie is een met rooiwyn. Maak weer die preie skoon en sny in kort stukkies - net die wit gedeelte. Smelt botter in 'n swaar pan en laat die preie kook sonder om bruin te word. Voeg 2 of 3 koppies goeie rooiwyn by. (Nie die heel beste nie, maar darem ook nie die rooi ink wat jy by sommige koöps kry nie.)

Voeg sout, peper en 'n fyngevryfde takkie tiemie by die preigereg. Laat kook en sit die deksel op. Dit moet lank kook: anderhalfuur, oor baie lae hitte. As jy reg aan die begin 'n halwe teelepel suiker bygevoeg het, sal die groente 'n lieflike blink sousie maak.

Die Franse bedien hierdie gereg met klein croutons en geposjeerde eiers. Hulle eet mos nie eiers vir ontbyt nie, eers later in die dag. Dis in elk geval 'n heerlik vullende en sussende gereg.

As jy onthou het om 'n paar murgbene te kook, is murg 'n wonderlike byvoegsel.

Ofskoon ek heelparty mense ken wat nie hulle monde aan pampoen sit nie, is ons Pikeurs mal oor dié growwerige groente. Nou het ek hierdie gebakte gereg opgediep, en wás dit heerlik op 'n triestige reëndag!

#### PLAN DE POTIREN

**NEEM** 'n sny pampoen van sowat 1 kg, verwyder sade en sny in blokkies. Smelt 'n groot lepel botter in 'n pan en maak die pampoen effens bruin. Voeg 1 koppie melk by en kook oor 'n lae hitte tot die pampoen baie sag is. Plaas die hele lot nou in die menger (of druk dit deur 'n sif, sê hulle) tot dit 'n gladde puree is. Voeg nog 'n klont botter by, asook 'n halwe koppie goeie gerasperde kaas soos Gruyère of Parmesan. Geur met sout, peper en neutmuskaat. Klits die puree met 4 eiers en giet versigtig in 'n gesmeerde soufflé-bak.

Bak vir 40 minute teen 180 grade. Bedien warm of koud. Dié manier om pampoen te maak gee 'n fyner tekstuur en smaak daaraan, en jy kan dalk net 'n halsstarrige man oorreed om dit te probeer eet by die gebakte hoender.

Iets wat ek nog nooit in 'n winkel teëgekom het nie, is pampoen-blatjang. Dalk het ek die resep vantevore hier gegee, maar ek gee dit weer, want dis darem vreeslik lekker by kerrie.

#### PAMPOENBLATJANG

**SNY** 2,5 kg pampoen in stukke, meng met 450g gesnipperde uie, 1 kg geskilde tamaties en soveel fyngekapte knoffel as jy wil.

Plaas alles in 'n pan, kook stadig en voeg dan 1,2 kg bruinsuiker, 'n handvol sultanas, 4 lepels sout, kruis na smaak, en 1 liter goeie wynasyn by.

Kook die blatjang stadig vir 1-2 uur tot dik maar nie te droog nie. Bottel en verseël, en onthou om dit in die yskas te hou as jy nie die flesse steriliseer nie.

Die nuus het my te laat bereik dat Elizabeth David oorlede is. (Daar waar ons vakansie hou is koerante en dies meer onbelangrik.) Maar die vermaarde Ingelse kookskrywer kan nie sommer so verbygaan nie. Liz se boeke op my rak is vodde gelees en vol vlekke na al die jare wat hulle om kombuistafels rondgelê het. Dis geen oordrywing om te sê dat sy my geleer kook het nie.

Volgende week meer oor Mies David se beste geregte en wenke. En rus in vrede, Liz. Jou boeke staan knus op die rak, gereed om nog jare se plesier te verskaf.

# plant 'n boom



Joan van Gogh & John Anderson se *Bome & Struike van die Witwatersrand,* Magaliesberg & Pilansberg

**TERWYL** jou bure hul huis en besittings teen mot en roes maar veral rowers probeer beskerm deur hoë, geëlektrifiseerde veiligheidsheinings met geslypte lemme bo-aan om hul erwe te span, raak jy kriewelrig omdat jy weet elke veiligheidsheining of -muur om 'n buurman se eiendom vergroot die risiko dat jou heininglose huis deur rowers besoek word.

Die kriewelrigheid ontwikkel later in 'n depressie, want al sou jy graag 'n veiligheidsheining wou aanbring, kan jy dit nie bekostig nie. Dis te duur. Jy belê eerder in 'n waghond. Dié blaf onophoudelik vir die ander honde wat jou grasperk moeiteloos bereik en beruik. Jy's geïrriteerd met die diere en die bolle op jou gras, jy's rusteloos en slaap sleg, en jou verhouding met die bure met die heinings verflou.

Kortom: jy is in 'n toestand.

Die tyd het aangebreek dat jy 'n paar sekelbosse (*Dichrostachys cinerea*) plant.

Dié kleinerige akasia-agtige boom van 4 tot 6 meter hoog, vorm 'n digte, ondeurdringbare boskasie, en as jy so 'n paar in 'n ry op jou grens plant, behoort dit nie net alle ongewenste besoekers uit te hou nie, maar jou neurose sal verdwyn en jou sekelbosheining sal jou plesier verskaf tot in lengte van dae.

Die sekelbos is bladwisselend en het 'n grys of rooibruin stam wat verwring en diep gegroef is. Die kenmerkende tweekleurige tosselvormige blomme (Oktober tot Januarie) bestaan uit 'n lang pienk (steriele) meeldraadblom en 'n kort, kompakte geel (vrugbare) katjie. Die hele blomtossel hang onderstebo aan die boom - pienk bo en geel onder. Die Sjonas noem dié welriekende blomme, mupangara, wat beteken "tossels vir die hoofman se tooisel".

Die sekelbos het ook 'n paar medisinale gebruike: die fyngekoude wortels word op slang- en skerpioenbytplekke geplaas en die blare kan as lokale verdowing gebruik word teen tand- en oogpyn.

Die hout is baie hard en duursaam. Dit is 'n uitstekende vuurmaakhout wat stadig brand en goeie kole maak. Dit kan ook gebruik word om pale en handvatsels vir gereedskap mee te maak.

Daar is min plekke waar 'n sekelbos nie sal groei nie. Hulle is nie juis gesteld op goeie grond nie, hoewel 'n bietjie kompos en water jou potensieel ondeurdringbare heining 'n welkome hupstoot sal gee.

Buiten die feit dat jy 'n omgewingsvriendelike veiligheidsheining gaan hê wat koolstofdioksied in suurstof omskep, is daar nie baie mense wat kan spog daarmee dat húl heinings elke jaar pragtig blom nie. - RYK HATTINGH

Bronne: Keith Coates Palgrave se *Trees of Southern Africa*
Joan van Gogh & John Anderson se *Bome & Struike van die Witwatersrand,* Magaliesberg & Pilansberg

# HOEKOM MOET DIT maklik WEES VIR KINDERS?



FOTO: ANDREA VINASSA

## GUSTAV GELDENHUYS (GG) speel die keiser en ANTOINETTE KELLERMAN (AK) sy vrou in Dieter Reible se produksie van *Die Keiser* wat vandeesmaand in die Arena in die Staatsteater, Pretoria, op die planke is.

### CHARL BLIGNAUT het saam met hulle 'n bier gedrink en 'n hele klomp goed wysgeword

**Hoe gaan dit met *Die Keiser*?**

**AK:** Baie goed - onder omstandighede, ek dink, ek weet nie, die skoolkinders maak dit vir my moeilik, persoonlik.

**Ja, ek hoor julle moet stop en wag dat hulle ophou Jellytots gooi. Hoekom is dit so?**

**AK:** Ongeskik, onopgevoed in teater, ek weet nie of mens dit durf sê nie, maar ek dink nie ons teatergehore word in die skool opgelei om teater by te woon nie. En ek praat nie van lag op verkeerde plekke nie, dis vir my fine, ek praat van mense wat aanmerkings maak en probeer oulik wees en jy staan op die verhoog en jy hoor elke ding wat hulle sê en jy moet dit ignoreer en jy moet voortaan konsentreer en jy moet 'n ordentlike performance gee. Die kinders is onopgevoed.

**Is Reible se produksies nie te moeilik vir skoolleerlinge nie?**

**GG:** Dis wat ek wou sê. Ek dink die hele ding dat mens moet cater vir skoolkinders... Daar is goed daarvoor te sê, maar ek stem nie noodwendig saam daarmee nie.

**AK:** Ons het *Die Park* gedoen in die Kaap. Ons het 'n Duitse skool ingehad en na die tyd het die onderwysers ons actors almal genooi vir 'n drink saam met die studente en gesê Marthinus [Basson] moet asseblief met hulle kom praat want hulle is onseker oor wat sekere dinge beteken het.

**Presies, ja.**

**AK:** And isn't that worth it, jy weet? Hoekom moet 'n produksie, ekskuus Gustav, ek het jou nou onderbreek, maar presies die selle ding wat jy nou sê, hoekom moet jy so 'n produksie maklik maak vir kinders? As hulle dit kom kyk, kry hulle wat Dieter se interpretasie is. Jy weet, dis wat vir my belangrik is. Dit kan hulle visie verbreed.

**GG:** Dis so 'n narrow vision. Hulle lees 'n play en hulle word gesê wat dit beteken - net dit en niks anders nie. En ek beskou dit nie as 'n negatiewe ding as hulle nie daarvan hou nie.

**Ja, en jou keiser is 'n ander soort keiser.**

**AK:** Jy sien, dis wat so wonderlik is.

**Ek het nooit so 'n interpretasie verwag nie.**

**AK:** Ja, ja.

**GG:** Maar party mense kan eenvoudig nie daardeur... Dis nie wat hulle verwag het nie, so hulle sien dit nie en therefore...

**Maar is dit nie lekker om 'n ander tipe gehoor te hê nie?**

**AK:** As dit 'n gehoor is wat respek het, OK, ek is outyds in daai opsig, I expect to be respected for what I'm doing. Nie of dit goed of sleg is nie. Ek staan op daai verhoog - respekteer my vir twee en 'n half ure...

**Hoe was julle op 18?**

**AK:** Op daai ouderdom was teater en lewendige mense op 'n verhoog vir my... dit het my kortasem gemaak.

**Wou jy toe al 'n aktrise word?**

**AK:** Ek het vroeg geweet ek sou gaan toneelspeel.

**Waar was jy op skool?**

**AK:** In Parow-Noord. Maar daar was eers ander goed wat ek sou gaan doen - akademiese rigtings was soort van belangriker.

**Hoe gebeur dit toe?**

**AK:** Ek was altyd 'n entertainer op skool. Ek was altyd die cheerleader met 'n groot bek wat al hierdie goed kon doen en skree. En in standerd 9 het ek besluit, no ways, dit is wat ek wil doen. En my ouers het my ondersteun.

**Waar het jy geswot?**

**AK:** Stellenbosch.

**En jy, Gustav?**

**GG:** Ook.

**Waar's jy gebore?**

In die Kaap - Paarl. Maar ek het in die Transkei grootgeword en toe's ek terug Kaap toe. En ek weet nie hoe ek was in 'n teater-opsig nie want ek was nooit in 'n teater nie. Ek was die eerste keer in 'n teater drie maande nadat ek begin drama swot het.

**So julle was albei op Stellenbosch.**

**AK:** Ons kom 'n lang pad saam, jong.

**GG:** Jiss, jare.

**En julle was saam by Kruik.**

**AK:** Jy weet, die eerste keer toe ek Gustav gesien het, was hy in sy finale jaar op dramaskool en ek was 'n eksterne eksaminator. En hy het 'n beautiful projek gedoen wat Marthinus afgerig het en ek was waansinnig oor Gustav.

**GG:** Molière.

**AK:** Ja, dit was wonderlik. En net daarna, toe doen ons 'n produksie van *Die Wildsboudjie*, toe moet Gustav kom oudisie doen - sy eerste professionele produksie. Ek is 32 jaar en ek moet 'n 21-jarige boere-virgin speel. En ek moet sy lover speel né en nou moet ons hierdie scene doen op die bank en Gustav bloos... Here, dit was stunning, ons was beskou as die jongetjies - en ons het gewerk met die groot professionele mense by Kruik. En hulle het die groot rolle gehad - ons was net sulke walk-ons. Maar Here, het ons 'n jol gehad - hulle het geact, ons het 'n jol gehad. Dis waar ons begin het.

**GG:** En die volgende groot ding was *Titus* [*Andronicus* deur Heiner Müller].

**AK:** Jiss.

**GG:** Dit is nog steeds die een produksie. Dit was so 'n fantastiese ding - die hele, ag, die ervaring. Dit was 'n ongelooflike groep mense wat daarin was en wat mekaar ondersteun het. En dit was 'n emotionally baie draining show. Ek het altyd gesê met daai show kan ek die hele wêreld toer - met daai mense.

**AK:** Ek was vryskut met *Titus*. En toe het hy weer my man gespeel. Ons kom altyd ma of man.

**GG:** Man of seun.

**AK:** Ja.

**Hoe sien jy die rol van die keiser? Dis 'n vulnerable performance. Ek bedoel, wat jy nou met die rol doen, is dit wat jy wou doen?**

**GG:** Ek wou niks doen nie. Ek het nie besluit ek wil dít en dít en dít doen nie. Dieter het my verlede jaar gevra: sal ek omgee om my hare te skeer? Toe vra ek waarvoor, toe sê hy *Die Keiser*. Miskien het ek subconsciously begin dink daaraan, maar ek het nie consciously in repetisies gedink daaroor nie. Ons het 'n read through gehad en toe begin ons. Ek moet sê dit is vir my baie maklik met Dieter, nie maklik nie, hy plaas net sulke goed in jou pad. Ons het nie verskriklike intense discussions oor die play gehad nie. Ons het dit net gedoen en dis hoe dit uitgekom het en hy't daarvan gehou. Hy't goed suggest en dit het die meeste van die tyd absoluut sin gemaak.

**AK:** Jy sien, ek dink wat Dieter stunning maak, is dat hy vat wat jy is en wat jy het en wat eie aan jou as mens is en jou eie quirky little goed en jou unieke dingetjies, laat

hy jou op jou eie manier toepas op 'n rol. En soos Gustav sê, hy sit sulke goed neer, hy dwing jou nooit in 'n rigting nie, hy laat jou soveel vryheid toe, maar hy stuur jou. Ek dink spelers in die tweede week van repetisie gaan deur geboortepyne, wat jy alles wil weggooi, wat jy van voor af wil begin. Met Dieter het dit nog nooit met my gebeur nie. Hy verwag nie van jou om vreemd te wees nie - jy verstaan wat ek bedoel. Dit kom eie uit jou uit, en die Keiserin, wat 'n kak rol is...



**Ja, dis 'n moeilike rol.**

**AK:** En hy't my 'n klomp goed gegee wat my net van haar 'n mens gemaak het. Ek het nog nooit vir een oomblik een aand op die verhoog gevoel ek is nie belangrik nie.

**En daai rokke is so mooi.**

**AK:** Ek voel ek moet daar wees.

**GG:** Sien, waar ek definitief saamstem met Dieter se hele siening oor teater - en ek weet nie altyd wat ek sien as teater nie. Ek maak nou nie ander goed af wat mense sien as teater nie, maar hy sê gereeld... theatre isn't reality as we see it, but an enlarged version, a theatrical version of life.

**Daar's 'n Baudrillard quote wat sê ... theatre has through the ages... it's an ongoing ritual because it does violence to the real. It makes the real play with its own reality and with its own illusion. It exalts the illusive disappearance of the real, of so iets.**

**AK:** Exactly.

**GG:** Ja.

**Dis wat ek in Reible se produksies sien.**

**AK:** Hy't ook gesê, maak oop, jy weet, go for it.

**GG:** En vir my is dit dan om realiteit te interpreteer, nie om noodwendig 'n superrealistiese weergawe te gee nie, maar om die keiser se reaksies te interpreteer.

**Hoekom is julle actors? OK, die lag is antwoord genoeg.**



**AK:** Ek kan fokkol anders doen. Jiss, ek moenie soveel vloek nie, jy gaan nie dit skryf nie...

**Ek wil net skryf wat sê julle. As dit 'n crime is, is die wêreld 'n lelike plek. Hoekom act jy, Gustav?**

**GG:** Ek weet rêrig nie, moet my nie vra nie.

**Is daar iets anders wat jy sou wil doen? TV, film, skryf, 'n lawyer word?**

**GG:** Ek sal graag wil skryf, nie ernstig nie, maar ek sal graag involved wil raak. Movies, dis rêrig net 'n droom. Maar ek weet op hierdie oomblik in die land waar ons bly is dit net 'n droom. Ek wil nie die tipe movies maak wat aan die orde van die dag is nie. Ek het nogal 'n sterk passion vir movies... maar dit gaan meer oor om involved te wees in die hele ding, nie net om te skryf of te act nie, maar om betrokke te raak in baie spesifieke movies. Daar's net nie geld daarvoor nie. Ek weet nie oor act nie. Ek het universiteit toe gegaan en via 'n vakkeuse per ongeluk in die dramadepartement beland. Toe't ek dit maar gedoen en my graad gekry en toe oudisies gedoen en in die beroep beland - en toe na vyf jaar vra ek myself "en nou?". En dan ewe skielik besef jy, wel jy't 'n keuse gemaak, maar dit was nie 'n conscious decision, "ek wil dit doen" nie. Ek het so in die masjien saam gegaan.

**Voel julle nie julle sit by Truk of by Kruik of waar ook al en dis fine, dis 'n job. Maar is dit die gehore wat julle wil bereik?**

**AK:** Laat ek dit so sê, mens sit in 'n baie veilige posisie in 'n streekraad en ek stem nie altyd saam met alles wat die streekrade doen nie, maar ek wil net wees waar ek konstant op 'n verhoog kan wees.

Ek het gevoel by Kruik kon mens wegkom met moerse baie. Baie van die stukke met Marthinus, ons was op die verhoog met die staat se geld én ons kon die staat aankla. Soos *Titus* byvoorbeeld. Ons sou graag almal wil bereik, ons sou graag swartmense in die teaters sien, ons sou, soos met *Die Keiser*, met die kinders begin en hulle teaterbewus maak en sê kom kyk na 'n ander manier van aanbieding, maar as mense nie teater toe kom nie... Ek dink die fout lê by die management.

**Vertel my 'n bietjie oor julle.**

**AK:** I'm not 'n very nice person.

**Jy's een van die mees charming mense wat ek in 'n lang ruk ontmoet het. Gustav, wat lees jy, kyk jy, wat het jy gedoen wat jou geïnteresseer het het, wat se kos hou jy van?**



**GG:** Pasta.

**Wat se skrywers hou jy van?**

**GG:** Ek hou van movies.

**Watter film het jy onlangs gesien wat jy geniet het?**

**GG:** Ek het *My Own Private Idaho* gesien in Amerika, ek het ook sy *Mala Nouche* gesien - sy heel eerste movie oor Mexican street kids. Dis 'n black and white movie met 'n home video gevoel, gaan nêrens heen nie. Dis die tipe goed wat ek wil maak. En *Matador* en *Law of Desire*. Ek hou baie van Almodovar, Van Sant, Jarman - *Edward II*. Poison was ook wonderlik - dis drie stories wat simultaneously run. Die een is 'n horror epic, sci-fi, lost city. Die tweede is 'n family murder verhaal in 'n Amerikaanse dorp en die derde is 'n homo-erotic storie van 'n man in 'n tronk - so Genet-tipe ding. En hulle het niks met mekaar te doen nie. *Prospero's Book* was baie disappointing. Van *Barton Fink*.

**Jy was onlangs in Amerika. Wanneer?**

**GG:** November, Desember, Januarie. New York. Antoinette weet, ek het daar aangekom en almal het my vertel van hierdie verskriklike stad wat so intimidating is en gevaarlik en ek het rêrig net so gemaklik gevoel, so rêrig gevoel asof ek huistoe gekom het, dis weird. Ek't gegaan en geloop en ek het nooit opgehou beweeg nie. Ek weet waar ek is en ek kan enige plek instap en mense behandel my nie soos 'n dom doos nie en ek kan enigiets doen wat ek wil, basies. Goed het my daar inspire. Die movies. Movies het 'n verskriklike groot invloed op my, miskien te groot. Dit inspireer my meer as enigiets anders. Ek kan ook nie sonder musiek lewe nie.

**Wat se musiek?**

**GG:** Ek's mal oor requiems. Ek dink partykeer - ek wens ek kan rêrig 'n ongeneeslike siekte kry dat ek dit rêrig kan enjoy, my siekte, en indulge. Ek het 'n ding vir 'n requiem - dit laat my op en af spring. In 'n stadium in my lewe het ek 'n vreeslike ding gehad oor groot oop vlaktes, maar nou mis ek dit nie. Verder lê ek op my bed en wonder.

**En wie is Kellerman?**

**AK:** Kellerman is 'n doos.

**Kan ek dit quote?**

**AK:** Haal nee.

**Wat lees jy?**

**AK:** Ek het 'n ding vir Afrikaanse poësie. Ek lees graag. Ek lees gewoonlik drie boeke gelyk. Ek lees op die oomblik oor die geskiedenis van Transvaal. Ek lees ook 'n biografie van Arthur Miller. Ek is nuuskierig oor mense se lewens. En die Suid-Afrikaanse politiek. Maar as ek by die huis aankom dan sit ek net voor die TV soos 'n zombie dat ek kan begin kalm word. Daar's vreeslik baie skrywers wat ek wil lees. Plays lees ek nie sommer nie.

**GG:** Ek wou sê, die ander ding wat ek van teater geniet, is die spectacle daarvan.

**Hoe voel julle oor teater critics? Julle hoef nie te antwoord nie.**

**AK:** Ek voel altyd ek kry nie terugvoering nie. My enigste terugvoering is in die pers - die mense wat ek behoort te respekteer, wat die intellek behoort te hê of 'n teaterágtergrond het of insig. Van hulle wil ek sien wat sê hulle, waar gaan ons verkeerd, want ons almal maak foute. En drie-kwart van die tyd gebeur dit dat ek die goed lees en ek dink - maar julle het glad nie insig nie. Hulle skryf hierdie goed asof dit 'n brief is wat hulle vir hul ma huistoe stuur. Ek dink nie alle critics besef altyd die verantwoordelikheid wat hulle het nie. Nie noodwendig teenoor die akteurs nie - teenoor die publiek ook.

**Ja, miskien is dit net 'n veilige critics' club. Gustav, hoe voel jy oor critics?**

**GG:** Ek begin al beter raak daarmee. Ek kan dit nie duideliker stel as wat Antoinette gedoen het nie. Ek sê nie ek ignoreer dit nie - ek sal lieg as ek dit sê. Dit beïnvloed my, maar as ek in 'n regisseur glo dan weet ek hulle sou my nie toelaat om te maak wat ek maak as dit nie is wat hulle wou gehad het nie. Ek sal luister na wat mense van my sê - dis elke mens se reg - maar partykeer voel ek dit raak 'n persoonlike ding.

**Ek het altyd gehoop mense besef dis net 'n subjektiewe, ingeligte opinie.**

**AK:** Dis hoekom ek crits nie wil lees nie - ek's te bang dit affekteer my performances.

**GG:** Ja, soos nou die aand het dit my gevang - ek't daar gestaan en ewe skielik dink ek aan 'n line in 'n crit. En toe moet ek dink, nee, Dieter het gesê do what you do - I support it.



# MARKET THEATRE

## NEDBANK REPRESENTS SARAFINA

IN ASSOCIATION WITH ANANT SINGH AND VIDEOVISION ENTERPRISES.
THIS FINAL SOUTH AFRICAN SEASON IS STAGED BY MANNIE MANIM AND MBONGENI NGEMA'S COMMITTTED ARTISTS.
"A fantastic explosion of theatrical energy." NEWSWEEK

## LAAGER THEATRE

HELLHOUND - WHYLE'S RICHARD III
DIRECTED BY NEIL MCCARTHY
"Shakespeare meets Star Trek on the Highveld"
"We have a hunch that this will thrill you"
29 MAY - 11 JULY
MON - FRI 8.15PM
SAT 6.15PM & 9.15 PM

## UPSTAIRS THEATRE

NIGHT SKY
STARRING KATE EDWARDS, GRAHAM HOPKINS, RUSSEL SAVADIER, CHARLOTTE BUTLER, WARRICK GRIER, CHERYL GOW
SCRIPTED BY SUSAN YANKOWITZ
DIRECTED BY JANICE HONEYMAN
"Fascinating, moving, stimulating. A night sky full of light."
JD SUNDAY STAR

## KIPPIES

TO 14 JUNE
FIRST TIME IN JHB SINCE 1988
TETE MBAMBISA & SOUL JAZZ MEN
(FINALIST IN GILBEY'S GIN MUSIC FOR AFRICA)
TUE-SUN R12
FRI, SAT, SUN AT 7PM

## MARKET GALLERIES

A CELEBRATION OF DRUM MAGAZINE - BEEZY BAILEY AND JOYCE NTOBE
UNTIL JUNE 13

## FLEA MARKET

THE ORIGINAL JOHANNESBURG FLEA MARKET! BROWSE AND BARGAIN HUNT FROM 9.00AM - 4.00PM, EVERY SATURDAY AT THE MARKET THEATRE
MORE THAN 400 STALLS.

32

FINALLY, HOWEVER, THE work, lock, stock and cancelled blocks came to auction. You will not be surprised to hear that the lion's share (more than three quarters of the total auction) was then promptly bought up by Levinson. And that it was he too who, bidding against a national trust and at a price of R110 000, bought up the copyright on all of Muafangejo's work too. In some cases he bought up as many as 20 prints of a single image.

He has since then been releasing these in controlled batches on the market, both in Southern Africa and abroad - and making large profits on the way. Works that he acquired at mere hundreds of rands are now selling for more or less equal numbers of thousands. Cancelled blocks (more than 50 of which Levinson bought for a total of R40 000) have been sold by Johannesburg galleries for R15 apiece and since the publication of his book, prices are set to soar even higher.

WHICH IS WHERE MATTERS stand at the present time - in spite of the fact that the Muafangejo family, on discovering that copyright to their relative's work had been sold (they had still not been consulted) petitioned the Namibian judiciary to get it back, offering to return the R110 000 it had realised at auction. This request, like all of the others they had made, was denied and Levinson continues to draw royalties every time a Muafangejo is reproduced.

THIS IS A STORY which pulls together a number of different strands. So it might not be inappropriate to give it more than one epilogue.

The first is surreal and has Levinson resurfacing in Windhoek to unilaterally declare the German castle owned by his family as the "Namibian National Gallery", demanding at the same time that the Namibian government give him R4 million in purchase price as well as more than R10 million to develop it. He, of course, in the same gesture becomes Director of the National Gallery of Namibia.

Though the government in due course set up a committee of experts to establish a National Gallery of a more official stripe - and this decided to hand the task over not to Levinson but the Association of Arts, Levinson, now based in Britain, has subsequently been known to describe himself in official dealings as still being the Director of the National Gallery of Namibia.

The second epilogue is of a more realist character. It has the Muafangejo family gathered at the graveside to dedicate a funerary memorial more than a year later. Please God, the prayer rings out, Please God, let the Association of Arts get the copyright back.



Three years in the making, Hellhound - *Whyle's Richard III* is a funkily eclectic reworking of Shakespeare's text, elaborated and operated upon most disrespectfully by James "the gynae from Egoli" Whyle. *Hellhound* stars Dan Robbertse (left) as the slimy Richard with Gideon de Wet as the villain lurking in the shadows. Part political allegory, part sci-fi satire, *Hellhound* boasts a virtuoso ensemble cast that includes Michelle Botes (right), Rob Smith, Owen de Jager and Nick Asbhy. Neil McCarthy is the man responsible for cooking up this zingy take-away from hell's kitchen. It is on in the Laager Theatre. AV

**Die gekerm oor die groot teaterdroogte kan nou gerus end kry - daar is heelparty opwindende stukke aan die kom.**

# ALLES VAN DORFMAN TOT DECADENCE

ATHOL FUGARD se Playland, Wole Soyinka se Death and the King's Horseman, Deon Opperman se *Women in the Wings* en Ariel Dorfman se *Death and the Maiden* is maar enkele van die uiteenlopende stukke wat op teaterliefhebbers wag.

Dis 'n groot prestasie vir die Mark-Teater dat die regisseur en artistieke direkteur Barney Simon deur die Chileense skrywer Ariel Dorfman genooi is om die regie van Dorfman se *Death and the Maiden* te behartig. Dorfman was in die Pinochet-tydperk 'n uitgewekene. Die spanningsvolle stuk handel oor 'n vrou wat wraak neem op haar martelaar. In dié stadium is net twee Engelstalige produksies van die stuk op die planke gebring. Juliet Stevenson het 'n Laurence Olivier-prys gewen vir haar spel in die Britse Death and the Maiden, terwyl Glenn Close, Gene Hackman en Richard Dreyfuss die rolle in die Broadway-produksie vertolk het.

Ramalao Makhene, Robert Whitehead en Terry Norton is die Suid-Afrikaanse rolverdeling. Die stuk is van 24 Junie op die planke.

John Kani en Sean Taylor speel 'n nagwag en 'n besoeker in Fugard se jongste stuk, *Playland*, wat in 'n kleindorpse pretpark in die Oos-Kaap speel. Dit handel oor die ontmoeting van twee vreemdelinge wat in 'n onstuimige gesprek gewikkel raak. Voorskoue begin 10 Julie.

Dié wat nie Janine Denison se *all the Rage* by die Grahamstad-fees te sien kry nie, kan dit later by die Mark-Teater sien. Sandra Prinsloo behartig die regie van Denison se eerste toneelstuk, wat handel oor die moderne vrou se soeke na volmaaktheid. André Odendaal, Val Donald-Bell, Denison en Marius Meyer is die spelers.

DEON OPPERMAN onderbreek sy studie aan die Universiteit van Los Angeles se filmskool om sy jongste stuk, *Women in the Wings*, by die Grahamstad-fees op die planke te bring. "Wilna het my gevra om 'n toneelstuk te skryf waarin sy en Shelagh Holiday saam kan optree. Ek hou daarvan om vroulike karakters te skep en was geprikkel deur die voorstel om vir twee sulke begaafde spelers te skryf," verduidelik Opperman. Grethe Fox, Claire Berlein en Julie Solomon speel saam.

Vir Opperman handel die stuk oor "die pynlike paradoks wat die erfenis is van alle Afrika-gerigte Suid-Afrikaners wat toevallig ook wit is." In die stuk, wat die skrywer tydens sy verblyf in Griekeland begin skryf en in Los Angeles voltooi het, sien ons twee aktrises wat gereed maak vir 'n verhoogstuk. Kommentaar word gelewer op die huidige stand van "wit" teater en die "wit" reaksie op politieke veranderinge in Suid-Afrika.

WOYZECK IN THE HIGHVELD is 'n verwerking van George Buchner se klassieke tragi-komedie met 'n rolverdeling van een lewende akteur (Tale Motsepe) en 25 marionette. William Kentridge werk saam met Adrian Kohler van die Handspring Puppet Company aan dié eksperimentele, multi-media-stuk. Buchner is in 1824 deur 'n koerantberig oor 'n haarkapper wat sy minnaar vermoor het, begeester om *Woyceck* te skryf. Hoewel Buchner, 'n Duitse wetenskaplike, dood is voor hy die stuk kon klaarskryf, word die stuk as klassiek beskou. Ná die fees kom *Woyceck* Mark-Teater toe.

PIETER-DIRK UYS se *Die Vleiroos* is die verhaal van Nedda Barnard se liefde vir die natuur om haar huisie in Avonstrand. Die land is midde-in 'n politieke krisis, die weermag toets wapens in die berge, die planne vir 'n kernkragstasie in Avonstrand word ter tafel gelê... en Nedda moet haar geliefde vleiroos beskerm. Joey de Koker, Theresa Cloete, Chris van Niekerk en Lynne Maree is die spelers.

Die Amerikaanse stuk, *Ma Rainey's Black Bottom*, word ook op die fees opgevoer. August Wilson se stuk handel oor die lewe van 'n legendariese blues-sangeres en speel in die jare twintig in 'n Chicago-musiekmaatskappy. Ma Rainey se verhouding met haar wit bestuurder en haar swart musikant is die spil waarom alles draai. Richard Schechner is die regisseur.

Die charismatiese geestelike *Swami* Nischalananda is die hooffiguur in Ronnie Govender se Swami. Het hy selfmoord gepleeg of is hy vermoor? word gevra. In 1965, is hy aan die oewer van die Umgeni-rivier dood aangetref. Ondanks tekens van verwurging, kon die oorsaak van sy dood nie vasgestel word nie. Govender het hom self goed geken en ondersoek hier sy geheimsinnige lewe.

Reza de Wet is weer terug met 'n Afrikaanse stuk: Patrick Mynhardt, Frantz Dobrowksy, Lerina Erasmus, Dawid Minnaar, Anna Mart van der Merwe en Annelisa Weiland speel in *Mirakel*, wat handel oor die avonture van 'n groep wandelende entertainers. Hulle kom ná die Depressie in 'n klein plattelandse dorp aan om 'n produksie van Everyman op die planke te bring. Stephan Bouwer is die regisseur.

Kruik-Drama se bydrae is *Hamlet* met Ralph Lawson in die naamrol. Chris Weir is die regisseur. Matsemala Manaka se *Ekhaya-Museum over Soweto*, met musiek, kuns, sang en dans, herleef op die fees. *Elephant of Africa* is Theatre for Africa se jongste omgewingstuk - dit handel oor die lewe van 'n groot Keniaanse olifant en sy Suidwaartse reis.

DIE KAAPSTADSE teater-scene bied 'n produksie van Steven Berkoff se stoute *Decadence* met Fiona Ramsay en Michael Richard, tot 20 Junie in die Baxter aan. Die regie word behartig deur Fred Abrahamse. Ook by die Baxter is die eerste Suid-Afrikaanse aanbieding van *Laugh America* waarin die Amerikaners Alan Sands, Fred Anderson en Bob Hartman smous met galgehumor, marionette en towenary.

# THEATRE CAN BE A JOL

**CHARL BLIGNAUT has a cast-iron stomach, is young and sickeningly enthusiastic. He hates opening nights where the critics are uptight and the performers are nervous. He likes hanging out in theatre bars, threatening to write another play. That's why VWB hired him as a theatre critic. HERE'S THE JOL**

## HEART LIKE A STOMACH

Ian Fraser's new play, *Heart Like A Stomach,* won this year's Amstel Playwright Award and opened on Saturday night at the Adcock-Ingram in the Windybrow with free beer and a lot of fresh faces. The bar at Windybrow's actually not a bad place to get pissed or just hang out. They must rip off the wallpaper, burn the paintings and get rid of those little blue pseudo-Victorian curtains and the space could be quite a jol. [Add some red graffiti - ed.]

It's a damn good play. It's about two girls, one quite los (Ronelle Kriel) and one a bit of a wimp (Michelle Constant) who share a flat. One night they go out to find a fuck and manage to score a smooth talking black guy into white women (Kurt Egelhof) and a movie-loving oke (Kobus Kleynhans). The next day the men are still hanging around. As usual, Fraser's play breathes powerful and sinister undertones and as usual there are lots of striking, witty and indulgent lines.

What's new, though, is that this time he actually makes a broad, generous appeal to an audience's understanding. The play is down to earth and sussed and doesn't try to justify itself, yet builds up such a strong sense of predictability that the anarchy of the last ten minutes had me grinning like a lunatic. Egelhof gives a magic performance, grasping both the laid back as well as the vicious elements in Fraser's writing. Kriel's energy captures her character's attitude perfectly and is well balanced by Michelle Constant's consistently uncertain character. Kobus Kleynhans is fine, perhaps dropped by the text when he needed substantiation.

My only problem is director Ben Kruger's use of the space. The play seemed to get lost on the large stage, rendering much of the mood insipid, yet doesn't get lost enough if that was the intention. But maybe I'm just being difficult. Go and see it, it's lekker, it's contemporary, it's clever.

## DIE VAN AARDES VAN GROOTOOR

Ek weet nie so mooi van die jol-potensiaal van Pieter Toerien se Alhambra nie. Ek kom nou die aand daar aan om Pieter-Dirk Uys se *Die Van Aardes Van Grootoor* te kyk en ek stap kroeg toe, so deur die moffie aftershave, duur parfuum en hairdo's en ek kry vir my 'n bier, toe vra twee totale vreemdelinge wat by die kroeg staan en kultureel verfynd probeer lyk of ek nie uit 'n glas wil drink nie. Ek bedoel, jissis. Die show is ten minste op plekke baie snaaks. Dis 'n soap opera wat handel oor die doen en late van die Van Aardes, van die dae in episode 4 toe Dolla en Mimi 'n Ingelsman moet naai om die plaas te behou terwyl Ouma rondsit en poep tot episode 780 toe Dolla 'n dekadente bondel facial surgery is en 'n swart vrou neem die plaas oor.

Pouse stap ek buite rond en haal asem en dink, hier lê Joburg om ons en ek dink hoe graag ek eerder *Die Van Aardes* in 1978 by die Mark sou wou sien - in die dae toe dit nog subversive was. Maar baie dinge het verander en al wat eintlik aan die stuk verander het, is dat dit nou as TV-reeks pleks van radio-reeks aangebied word.

Die vertolkings is nogal goed, al is die styl op plekke lewers verlore tussen opstuur en karakterisering. Trix Pienaar is uitstekend, veral in die laaste tonele, Lizz Meiring ook. Casper de Vries is die show se drawcard, maar vir my word sy komiese tydsberekening so af en toe ondermyn deur te cute probeer wees met die tannies in die gehoor. Maar ek moet sê, hy's goed. Andrew Wilson bied goeie variasie en hy's ook baie mooi - veral in sy swart G-string. Grethe Brazelle en Motshabi Tyelele is ook imposant. Die show was OK, maar ek weet nie.

## PIGS WITH BOTTOMS

What I do know is that I spent many pleasant drinks, kisses and hours at The Black Sun and Coffee Society on Rockey Street over the weekend. There were lots of nice people all on their own pluck, even if they did get the police to throw us out some time early on Monday morning. Of the shows I saw, *Pigs With Bottoms* was the biggest disappointment. Gaby Lomberg is lovely and she's got a really sexy voice and Kate Normington's so talented and did some very funny sketches, but it ended up feeling as inane as its title, not going anywhere and yet not saying nothing. Marc Duby is fine in his supporting capacity, but I'm not so sure he should do that solo unless he does it even worse. Maybe they should have got someone to unify the text, I don't know.



NOT THE MIDNIGHT MASS - JENNY DE LENTA, ALAN GLASS, CHRISTINE WEIR, TERENCE REIS AND GRAHAM WEIR



RONEL KRIEL AND MICHELLE CONSTANT IN HEART LIKE A STOMACH

## NOT THE MIDNIGHT MASS

This is surely the best jol in town. I finally got to see the show after hearing so many wonderful things about it and I was thinking, come on, surely something that everybody loves must be just a little bit sickening. But they grabbed me, seduced me and gave me a better evening's entertainment than just about anything else I've seen this year. The entire show moves at a breathless pace and is the best ensemble work around. The rapport between the cast members seems as impromptu as Gina Benjamin's directing is slick.

Christine Weir has the most astounding voice and presence, Jenny de Lenta brims over with vitality, Alan Glass is bloody naughty, Graham Weir wears an attitude like a dirty joke and Terence Reis is beautifully fucked out. The choice of music and rip-offs is impeccable and thankfully unhistrionic. The Mass has been extended until 20 June if you haven't seen it yet.

## THEATRE VOLTAIRE

Also at the Black Sun on Sunday nights is a platform for writers, actors, poets, comics, singers, dancers, movies - I suppose just about anything anyone has to offer. It's an excellent place to spot talent. Last Sunday I saw a piece of physical theatre called *The Erotic Disposition Of Mathilda du Bois* which wasn't bad at all, playing with everything sacred and trying out some of the experiments that theatre in this country needs. Then there was a poet called Lancelot who was brief and refreshing and then Martin Smit's new sketch called *Pornography II* about a reborn Christian and two fazed-out rockers. I can't make it out. It has the potential to be as trashy as a John Waters, yet isn't quite bad or bold enough to be cult. I don't know. Later there was also a showing of *Betty Blue.*

## BLOODSTREAM

I also finally got to see Andrew Buckland's new piece featuring himself and Lionel Newman and directed by Janet Buckland. At the moment it's playing at the Little Theatre (Waybury Art Centre) in Rosebank, just opposite the Mall. The venue has potential and I hope a lot of new work will be done there. The show was excellent. By now everyone knows about it, a movement and mime two-hander about a journey through the body of a woodcutter to get to his brain and prevent him chopping down the last tree on earth.

I thought it might be greeny and precious, but it's an innovative and dynamic experience which is also quite funny and performed by two remarkably talented actors. Li Newman was particularly impressive, contorting and accenting. It's good to see how much can be done with a minimalist approach - no costume, no props, no recorded sound effects.

# VRYEKEUSEFILMS

***** VOORTREFLIK **** STERK AANBEVEEL *** SIEN GERUS ** SO-SO * VERMY AS JY NUGTER IS

ROLPRENTE SONDER STERRE IS NOG NIE BEOORDEEL NIE HIERDIE IS NIE 'N VERGELYKENDE SKAAL NIE; DIT IS ONMOONTLIK OM ROLPRENTE IN VERSKILLENDE GENRES MET MEKAAR TE VERGELYK

**THE FAVOUR, THE WATCH AND THE VERY BIG FISH**
A bad, bad, bad, bad film. Jeff Goldblum in the tiniest of loin cloths, hanging from a crucifix, and Bob Hoskins as a photographer making a precarious living out of devotional pictures. Hoskins must find a model of Christ on the cross or lose his job with Michel Blanc. The director-writer, Ben Lewin, is a Pole who emigrated to Australia and practiced as a criminal barrister before going off on a writing-photography-journalism tangent. As a documentary film-maker he made things like Dear Mr Barber, I'd Like to Swim the Channel and The Case of Cruelty to Prawns. He wrote and directed a TV mini-series about the accidental transportation of 2 000 people to Australia in 1940 and A Matter of Convenience, a satire about a marriage broker who fixes unconsummated liaisons between homosexual men and women who need husbands for immigration purposes.

**RAMA DAMA**
Rama Dama is a post-war Bavarian expression which literally means "we're having a clear out". This now very popular expression is said to have been coined by the Mayor of Munich when it came to reconstructing the city after the war. Director Josef Vilsmaier's film recounts a time during and after the Second World War when German women fought for survival while their husbands fought for ideology. Vilsmaier made Herbstmilch, studied piano, and worked as a cameraman.

**MCBAIN**
Christopher Walken en Maria Conchita Alonso is die trekpleisters in dié groot aksie-avontuurprent wat teen die einde van die Viëtnam-oorlog begin. Die eintlike verhaal speel agtien jaar later in Suid-Amerika af midde-in allerlei politieke onstuimighede. Die regisseur en skrywer is James Glickenhaus van The Exterminator-faam.

***** RAMBLING ROSE**
Nie 'n perfekte prent nie. Dit bevat die mooiste verleidingstoneel ooit in 'n rolprent opgeneem en van die snaaksste dialoog is in Robert Duvall se mond gelê. Laura Dern en haar ma Diane Ladd skep 'n pragstuk van intimiteit. 'n Bietjie te idillies en soms bietjie prekerig. AV

**THE WHITE QUEEN**
Van rose na koninginne: Catherine Deneuve speel Lili - twintig jaar gelede die beeldskoonste vrou op die dorp. Iemand uit haar verlede keer terug en die twee mans in Lili se lewe moet mekaar weer leer ken. 'n Stemmingsvolle prent met klassieke temas.

**MY COUSIN VINNY**
Joe Pesci is Vinny, die kêrel wat die Amerikaanse regstelsel net kan skade aandoen. Hy is sjarmant, maar nie 'n prokureur se agterkant nie. Die regisseur is Jonathan Lynn, die maker van Nuns on the Run, en die skrywer is Dale Launer van Ruthless People-faam.

**** MOBSTERS**
Anyone who has the nerve to make a mobster movie after the Godfathers, Bugsy, Once Upon a Time in America and Goodfellas, better have something really good to say, or say it in a really innovative way. Chicago Joe and the Showgirl could make it into this category, but Mobsters definitely does not. To say it's cliché-ridden is to pay it a compliment. Christian Slater is Lucky Luciano, Costas Mandylor is Frank Costello, Richard Grieco is Bugsy Siegel and Patrick Dempsey is Meyer Lansky in this completely unimaginative film. AV

**THE MAN IN THE MOON**
Eerste liefde. Ontwakende seksualiteit in Louisiana, 1950. Met Sam Waterston en Tess Harper. Regie deur Robert Mulligan.

**NECESSARY ROUGHNESS**
Amerikaanse voetbal-komedie vol cowboys, armadille, Samurais en 'n vrou wat 'n bal kan skop. Gaan kyk self.

**HOUSE PARTY**
Reginald Hudlin, die arm man se John Waters, se prent oor een dag in die lewe van 'n tiener. Die agtergrond is die hip-hop-subkultuur van eietydse swart jongmense en die styl is strokiesprent.

**PARADISE**
A painfully shy city boy is sent off to live with a married couple who are distracted by their own domestic difficulties. Through his presence a reconciliation is brought about. With Melanie Griffith and Don Johnson.



Rama Dama, 'n drama wat teen die einde van die Tweede Wêreld-oorlog in Duitsland afspeel, begin vandag by die Mall in Rosebank, Johannesburg. Rekonstruksie is die onderwerp in dié prent deur Josef Vilsmaier, wat Herbstmilch gemaak het.



Marlon Brando en Donald Sutherland

***** A DRY WHITE SEASON**
Toe ek dié prent so drie jaar gelede gesien het, onthou ek dat die geweldtonele my tot in my siel geruk het. Vandag sal dit seker baie mak en simplisties voorkom, en die tema - die politieke bewuswording van 'n wit Afrikaner - is effens verouderd. Ek het destyds besluit Euzhan Palcy se verwerking van André Brink se roman het die "werklikhede" van die lewe in Suid-Afrika beter opgesom en uitgebeeld as ander prente oor Suid-Afrika - om dat dit minder liberaal-soetsappig was as Cry Freedom en kragdadiger was as A World Apart. Ek weet nie hoe ek nou sou voel nie, daarom is ek versigtig. Heel waarskynlik is die prent heeltemal verouderd. Ek onthou dat die pogings deur buitelandse akteurs om die Suid-Afrikaanse aksent baas te raak, my geïrriteer het en dat selfs die Suid-Afrikaners soos vreemdelinge voorgekom het - Janet Suzman was aansitterig (sy het bewys dat dit nie noodwendig help om Suid-Afrikaners te cast nie) en Zakes Mokae cliché-agtig. Ondanks Jurgen Prochnow se onsubtiele, Nazi-agtige vertolking van 'n veiligheidshoof en Marlon Brando se belaglik misplaaste vertolking van die advokaat - hy't gelyk of hy uit 'n Godfather-movie ontsnap het - het die prent 'n positiewe uitspraak by my uitgelok. Donald Sutherland se vertolking van die Afrikaanse skoolonderwyser wie se gewete hom begin pla, het my wel geïmponeer. Al is die regie nie van die vernuwendste nie, sou ek tog aanbeveel dat mense A Dry White Season gaan kyk. ANDREA VINASSA

***** CHICAGO JOE AND THE SHOWGIRL**
London 1944. Georgina (Emily Lloyd) is an aspirant showgirl. Ricky (Kiefer Sutherland) is the American serviceman who sweeps her off her feet and takes her on a Bonnie and Clyde adventure. But this is the dark side of the B&C myth. An utterly disturbing (so disturbing that you squirm in your seat, cry immoral! and want to leave) look at the incongruity of life and fantasy. This is not plastic movie violence like you see in American gangster movies, but violence that really makes you ill. AV

**** FINAL ANALYSIS**
Disappointing Hitchcockian pastiche replete with phallic towers and portentious storms from Phil Joanou, maker of the impressive State of Grace. He, however, has fallen from grace. But it's great to see Eric Roberts back on screen, hammy as he is. AV

**** BLACK ROBE**
Or, to put it more appropriately, Rambling Robe.

***** ARTICLE 99**
Waging war against the bureaucratic red tape of a VA hospital, a surgical strike force of doctors and nurses has no choice but to battle with the administrators who practice the fine act of Article 99 which promises veterans "full medical benefits, however, as the diagnosed condition cannot be specifically related to military service, treatment is not available at this time". Dodgy morality aside, it's a humorous, not particularly well-directed jol. Ray Liotta makes it sort of worthwhile. AV

**THE YEAR OF THE GUN**
Rome 1978. Die jaar toe studente betoog het en die Rooi Brigade mense se knieë vergruis het... Andrew McCarthy speel 'n joernalis wat vir 'n slegte geel koerantjie werk. Eintlik is hy besig met navorsing vir 'n roman oor die Rooi Brigade. Dinge loop lelik skeef. Regie deur John Frankenheimer, wat bekend is vir sy dokumentêre uitgangspunt.

**** POT VOL WINTER**
Liewe land, en daar voel dit toe kompleet of ek kyk na 'n nuwe weergawe van Debbie - daai Afrikaanse fliek van so twee dekades gelede oor die mediese student wat die joolprinses op die paal sit. Oorbekend. Moontlik om dat dit so Afrikááns in murg en been is. 'n Pot vol oppervlakkigheid en naïwiteit. IvdL

**THE FIRST POWER**
Rituele moord in LA vol mumbo-jumbo oor satanisme. Enigste opwindende faktor is Lou Diamond Phillips.

**JFK - THE JIM GARRISON TAPES**
Jim Garrison, former district attorney of New Orleans, portrayed by Kevin Costner in JFK, has given only one detailed and in-depth interview in which he meticulously outlined his case against the CIA for "killing our President".